RGN
HSRC

# verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die republiek van suid-afrika en suidwes-afrika – deel II

001.3072068 02 HSRC

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak 41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 28831

Klasnr./Class No. 001.3072068 HSRC O 2
Registernr./No. 22703/X
RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK LIBRARY
HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

**Institute van die RGN**

Instituut vir Geskiedenisnavorsing

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Instituut vir Mannekragnavorsing

Instituut vir Navorsingsontwikkeling

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing

Instituut vir Psigometriese Navorsing

Instituut vir Sosiologiese Navorsing

Instituut vir Statistiese Navorsing

...tuut vir Taal, Lettere en Kuns

... vir Inligting en Spesiale Dienste

...er navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die ...e die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting

22703

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

Besorg asseblief hierdie publikasie terug of doen aansoek om verlenging van die leentermyn **voor** die laaste datum hieronder gestempel.

Please return this publication or apply for an extension of the loan period **before** the last date stamped below.

16. 7. 76
14. 7. 78
1981 -05- 29
1981 -08- 28
1984 -08- 31
1987 -07- 22

2844363866

001.3072068 HSRC 0 2
*038148*

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE PRE-PRIMÊRE OPVOEDINGSPROGRAM VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA

## — DEEL II

J. H. C. OOSTHUIZEN, B.A., M.Ed.

INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING
DIREKTEUR: J. B. HAASBROEK

PRETORIA
1971

Verslag nr. O - 2

Obtainable in English

Kopiereg voorbehou

Craft Pers (Edms.) Bpk.

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
14-5-1974
STANDKODE
001.3072068
BESTELNOMMER HSRC
Adm G
REGISTERNOMMER
22703
X

ISBN 0 86965 009 2

(English Edition ISBN 0 86965 003 3)

I N H O U D S O P G A W E


| | | | BLADSY |
|---|---|---|---|
| | DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING SE BRIEF AAN DIE VOORSITTER VAN DIE KONTAKLIGGAAM | | (1) |
| | LEDE VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING EN PERSONEEL VAN DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING | | (2) |
| | OPDRAG | | (3) |
| HOOFSTUK | 1 | GEORGANISEERDE PRE-PRIMÊRE OPVOEDING AS KOMPONENT VAN DIE BEPLANDE NASIONALE STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS | 1 |
| | 1.1 | INLEIDEND | 1 |
| | 1.2 | PROBLEEMSTELLING | 1 |
| | 1.3 | DIE LEEFWÊRELD VAN DIE MENS, EN MEER BEPAALD DIÉ VAN DIE KIND | 2 |
| | 1.4 | MENS EN WÊRELD AS ELKAAR KONSTITUERENDE BEGRIPPE | 2 |
| | 1.5 | DIE WÊRELDBEELD VAN DIE MENS | 2 |
| | 1.6 | DIE EVOLUERENDE, SNEL WISSELENDE WÊRELDBEELD VAN DIE KIND | 3 |
| | 1.7 | KENMERKE VAN DIE MENSLIKE WÊRELDBEELD IN DIE ALGEMEEN EN VAN DIE KINDERLIKE WÊRELDBEELD IN DIE BESONDER (3, p. 15) | 3 |
| | 1.8 | DIE SINVOLHEID AL DAN NIE DAARVAN OM IN PLAAS VAN 'N ALGEMEEN GELDENDE KINDERLIKE WÊRELDBEELD DAAR TE STEL, TE POOG OM APARTE WÊRELDBEELDE TE FORMULEER VIR DIE KLEUTERPERIODE, DIE SKOOLKINDPERIODE EN DIE PUBERTEIT | 3 |
| | 1.8.1 | Inleidend | 3 |
| | 1.8.2 | Hoofmomente of algemene beginsels van die kinderlike wêreldbeeld | 4 |
| | 1.8.3 | 'n Kort eksplikasie van die hoofmomente en beginsels, en die bydrae wat hul kan lewer in die konstituering van 'n eie wêreldbeeld | 4 |
| | 1.9 | HULPMIDDELE WAT DIE KIND TER HAND NEEM IN SY ONTWERP VAN 'N EIE WÊRELDBEELD | 7 |
| | 1.9.1 | Die vernaamste twee hulpmiddele, te wete kinderspel en taal | 7 |
| | 1.9.2 | Die betekenis en funksie van kinderspel as hulpmiddel | 7 |
| | 1.9.3 | Die betekenis van taal as werktuig in die kinderlike ontdekkingstog deur die wêreld | 10 |
| | 2 | DIE OPEISENDE AARD VAN DIE TYDSGEWRIG WAARIN ONS LEWE, DIE MEERDERE EISE WAT DIT OOK AAN VOORSKOOLSE KINDERS STEL EN DIE BEPERKINGS WAT DIT OP HUL LÊ | 13 |
| | 2.1 | INLEIDEND | 13 |
| | 2.2 | LEEMTES IN DIE OPVOEDING BINNE GESINSVERBAND WAT KAN BYDRA TOT PEDAGOGIESE VERWAARLOSING BY DIE VOORSKOOLSE KLEUTER | 13 |
| | 2.2.1 | Die klein kindjie beleef nie sy gesinsfeer as veilige ruimte nie | 13 |
| | 2.2.2 | Die taalontwikkeling verloop nie bevredigend nie | 14 |

BLADSY


HOOFSTUK 2.2.3 Die kleuter kry nie voldoende geleentheid tot wêreldverkenning nie 15

2.2.4 Kinderspel kom nie tot sy reg nie 16

2.3 LEEMTES IN DIE OPVOEDING BINNE INRIGTINGS WAT KAN BYDRA TOT DIE PEDAGOGIESE VERWAARLOSING VAN DIE VOORSKOOLSE KLEUTER 17

2.4 DIE SINVOLHEID AL DAN NIE VAN DIE VERSKYNSELS KLEUTERBEWAARORD/KLEUTERSKOOL OP DIE LANDSKAP VAN DIE VOORSKOOLSE KIND 18

2.5 REDES WAAROM KLEUTEROORDE SINVOL VERTOON OP DIE LANDSKAP VAN MENIGE HEDENDAAGSE KLEUTER 18

2.5.1 Die struktuurverandering wat die gesin ondergaan het en die tekorte wat die gesinsopvoeding toon 18

2.5.2 Die toename in die aantal kleuters wat weens huislike omstandighede aangewese is op versorging in inrigtings 18

2.6 SAMEVATTING 18

2.6.1 Die betekenis wat die kleuterskool vir menige kleuter kan hê 18

2.6.2 Die kleuterskool is afgestem op die kinderlike bestaanswyse 19

2.6.3 Gevare wat in georganiseerde kleuteroorde verskuil mag lê 20

3 WÊRELDTENDENSE TEN AANSIEN VAN GEORGANISEERDE PRE-PRIMÊRE OPVOEDING MET VERWYSING NA DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN NA SUIDWES-AFRIKA 21

3.1 ALGEMENE TENDENSE EN BESKOUINGE IN OORSESE LANDE 21

3.1.1 Voorskoolse opvoeding 21

3.1.2 Bestaansreg van voorskoolse opvoedingsinrigtings 21

3.1.3 Voorskoolse opvoedingsinrigtings misken nie die ouer se opvoedingstaak nie 21

3.1.4 Voorskoolse leergebeure is informeel 21

3.1.5 Kriteria waaraan voorskoolse opvoedingsinrigtings moet voldoen 21

3.2 TOESTANDE EN TENDENSE IN OORSESE LANDE VIR SOVER DIT SOORTE VOORSKOOLSE INRIGTINGS EN HUL BENAMINGE ASOOK HUL BEHEER, ORGANISASIE EN FINANSIERING BETREF 22

3.2.1 Soorte voorskoolse inrigtings 22

3.2.2 Soorte inrigtings volgens interne organisasie 22

3.2.3 Spesiale soorte voorskoolse inrigtings 22

3.2.4 Wye uiteenlopendheid in benaminge 22

3.2.5 Beheer, eksterne organisasie en finansiering 23

3.3 TOESTANDE IN ENKELE WESTERSE LANDE VIR SOVER DIT SOORTE VOORSKOOLSE INRIGTINGS EN HUL BENAMINGS, ASOOK HUL BEHEER, ORGANISASIE EN FINANSIERING BETREF 24

3.3.1 Die Verenigde State van Amerika 24

3.3.2 Swede 25

3.3.3 België 26

| | | | BLADSY |
|---|---|---|---|
| HOOFSTUK | 3.3.4 | Die Verenigde Koninkryk | 28 |
| | 3.3.5 | Wes-Duitsland (Duitse Federale Republiek) | 29 |
| | 3.4 | PRE-PRIMÊRE ONDERWYS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA | 30 |
| | 3.4.1 | Inleiding | 30 |
| | 3.4.2 | Soorte voorskoolse inrigtings en hul benamings | 30 |
| | 3.4.3 | Beheer en finansiering | 31 |
| | 3.4.4 | Oueraandeel aan finansiering | 31 |
| | 4 | BEVINDINGS EN AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN 'N VOORSKOOLSE OPVOEDINGSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA | 32 |
| | 4.1 | INLEIDEND | 32 |
| | 4.2 | SOORTE VERSORGINGSOORDE WAT ONDER HUIDIGE OMSTANDIGHEDE NODIG SKYN TE WEES | 32 |
| | 4.3 | BEVINDINGS INSAKE STIGTING, BEHEER EN FINANSIERING | 33 |
| | 4.3.1 | Bevindings insake stigting van inrigtings | 33 |
| | 4.3.2 | Bevindings insake beheer | 33 |
| | 4.3.3 | Registrasie van kleuterskole | 34 |
| | 4.3.4 | Finansiering van kleuteronderwys | 34 |
| | 4.4 | BEVINDINGS INSAKE GROOTTE VAN VOORSKOOLSE INRIGTINGS | 34 |
| | 4.4.1 | Inleidend | 34 |
| | 4.4.2 | Die Buiteland | 34 |
| | 4.4.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 34 |
| | 4.5 | BEVINDINGS INSAKE VOERTAAL | 35 |
| | 4.5.1 | Inleidend | 35 |
| | 4.5.2 | Die Buiteland | 35 |
| | 4.5.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 36 |
| | 4.6 | BEVINDINGS INSAKE VERSKAFFING VAN MEDIESE DIENSTE | 37 |
| | 4.6.1 | Inleidend | 37 |
| | 4.6.2 | Die Buiteland | 37 |
| | 4.6.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 38 |
| | 4.7 | BEVINDINGS INSAKE TOELATINGSPROSEDURE | 38 |
| | 4.7.1 | Inleidend | 38 |
| | 4.7.2 | Die Buiteland | 38 |
| | 4.7.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 39 |
| | 4.8 | BEVINDINGS INSAKE GROEPERING VAN KLEUTERS | 39 |
| | 4.8.1 | Inleidend | 39 |

| | | | BLADSY |
|---|---|---|---|
| HOOFSTUK | 4.8.2 | Die Buiteland | 39 |
| | 4.8.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 40 |
| | 4.9 | BEVINDINGS INSAKE DIE TYDSDUUR VAN KLEUTEROORDE SE HALFDAG- EN HEELDAGPROGRAMME, ASOOK DIE AANTAL DAE PER WEEK WAAROP KLEUTERS DIE OORDE BESOEK | 40 |
| | 4.9.1 | Inleidend | 40 |
| | 4.9.2 | Die Buiteland | 40 |
| | 4.9.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 41 |
| | 4.9.4 | Motivering insake daaglikse en weeklikse tydsduur van die voorskoolse versorgings- en opvoedingsbemoeienis | 41 |
| | 4.10 | BEVINDINGS INSAKE PERSONEELVOORSIENINGSKAAL | 41 |
| | 4.10.1 | Inleidend | 41 |
| | 4.10.2 | Die Buiteland | 41 |
| | 4.10.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 42 |
| | 4.11 | BEVINDINGS INSAKE REKORD- EN VERSLAGHOUDING | 43 |
| | 4.11.1 | Inleidend | 43 |
| | 4.11.2 | Die Buiteland | 43 |
| | 4.11.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 43 |
| | 4.12 | BEVINDINGS INSAKE BEPLANNING VAN DIE FISIESE RUIMTE VAN DIE KLEUTEROORD | 43 |
| | 4.12.1 | Inleidend | 43 |
| | 4.12.2 | Terreine | 44 |
| | 4.12.3 | Gebouestandaarde | 46 |
| | 4.13 | BEVINDINGS INSAKE DIE OPVOEDINGSPROGRAM | 48 |
| | 4.13.1 | Die aard van die opvoedingsprogram | 48 |
| | 4.13.2 | Kontrole oor die uitvoering van die opvoedingsprogram | 53 |
| | 4.14 | BEVINDINGS INSAKE KEURING EN OPLEIDING VAN PERSONEEL | 53 |
| | 4.14.1 | Inleidend | 53 |
| | 4.14.2 | Die Buiteland | 53 |
| | 4.14.3 | Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika | 55 |
| | 4.14.4 | 'n Vergelyking van die gekombineerde kursus met die suiwer Kleuterwerkkursus | 55 |
| | 4.14.5 | Deeltydse opleiding | 56 |
| | 4.14.6 | Diplomering en sertifikaatuitreiking | 57 |
| | 4.14.7 | Opleiding van hulppersoneel | 57 |
| | 4.15 | AANGELEENTHEDE WAT VERDERE OORWEGING VERDIEN | 57 |
| | 4.16 | SLOTOPMERKING | 58 |
| | | LITERATUURLYS | 59 |

VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING

AAN DIE VOORSITTER VAN DIE KONTAKLIGGAAM, NASIONALE ONDERWYSRAAD, PRETORIA, REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting lê hierby Deel II van sy verslag insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram aan die Kontakliggaam voor. Hierdie verslag is op 'n ondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gebaseer wat oor 'n pre-primêre opvoedingsprogram handel.

Die Komitee vertrou dat die bespreking en gevolgtrekkings wat in hierdie verslag verskyn, 'n bydrae sal lewer tot die doeltreffende reëling van die sake wat aan hom opgedra is.

DR. P.M. ROBBERTSE — VOORSITTER

LEDE:

MNR. D.J. DU PLESSIS

DR. N.J. HEYNS

PROF. J.H. JOOSTE

DR. J.C. GROENEWALD

DR. G.A. HOSKING

MNR. D.J. COETZEE

DR. A.C. BÖHMER

DR. H.A. COETZEE

DR. P.S. MALAN

DR. I.Z. ENGELBRECHT

SEKRETARIËLE DIENSTE:

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Instituut vir Opvoedkundige Navorsing het die sekretariële dienste gelewer.

Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting,
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing,
PRETORIA.

26 Augustus 1969.

LEDE VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING

| | |
|---|---|
| Dr. P.M. Robbertse | President, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Voorsitter. |
| Mnr. D.J. du Plessis | Adjunk-direkteur van Onderwys, Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. |
| Dr. N.J. Heyns | Hoof, Sielkundige en Voorligtingsdiens, Departement van Openbare Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. |
| Dr. H.A. Coetzee | Hoof, Sielkundige Dienste, Natalse Onderwysdepartement. |
| Dr. G.A. Hosking | Hoofonderwysbeplanner, Natalse Onderwysdepartement. |
| Dr. I.Z. Engelbrecht | Hoofinspekteur van Buitengewone Onderrig, Departement van Hoër Onderwys. |
| Mnr. D.J. Coetzee | Inspekteur van Onderwys vir Opvoedkundige Navorsing, Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat. |
| Dr. A.C. Böhmer | Hoofonderwysbeplanner, Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat. |
| Dr. P.S. Malan | Hoofonderwysbeplanner, Departement van Onderwys, Suidwes-Afrika. |
| Prof. J.H. Jooste | Adjunk-direkteur, Transvaalse Onderwysdepartement. |
| Dr. J.C. Groenewald | Hoofonderwysbeplanner, Gespesialiseerde Dienste, Transvaalse Onderwysdepartement. |

PERSONEEL VAN DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

| | |
|---|---|
| Dr. A.J. van Rooy | Vise-president |
| Mnr. J.B. Haasbroek | Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, Hoof-projekleier. |
| Mnr. J.H.C. Oosthuizen | Hoof, Afdeling vir Opnames binne Blanke Skole |

## O P D R A G

### 1. INLEIDING

Na aanleiding van 'n besluit van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) dat navorsing insake gedifferensieerde onderwys en voorligting onderneem moet word, is daar op 6 Augustus 1964 op 'n vergadering van die Kontakliggaam ooreengekom om 'n "verkenningskomitee" onder voorsitterskap van die Direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*), en bestaande uit 'n senior amptenaar van elke onderwysdepartement, in die lewe te roep, en dat die funksie van hierdie Komitee sal wees -

"(a) om die vraagstukke van gedifferensieerde onderwys en voorligting te bestudeer;

(b) om vas te stel wat reeds op hierdie terreine gedoen word;

(c) om vas te stel wat die probleme is en watter navorsing nog onderneem behoort te word voordat daar pogings aangewend word om 'n gemeenskaplike aanvaarbare plan te ontwikkel". [1]

Op 1 Oktober 1964 vergader die Komitee om 'n memorandum oor die grondslae vir 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting te bespreek. Die Komitee besluit dat -

"(a) 'n gewysigde memorandum met vrae vir beantwoording deur die lede se onderskeie departemente op of voor 8 Oktober moet bereik;

(b) die departemente se antwoorde die Voorsitter op of voor 30 Oktober 1964 moet bereik;

(c) 'n konsepverslag wat die departemente se antwoorde sal saamvat, daarna opgestel en so gou moontlik onder die lede gesirkuleer word; en

(d) die volgende vergadering van die Verkenningskomitee voorlopig vir 19 November 1964 belê word". [2]

Die tweede vergadering van die Komitee is op 26 November 1964 gehou om die verslag getitel "VERSLAG VAN DIE VERKENNINGSKOMITEE INSAKE GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA" te bespreek. Die slotopmerking in hierdie verslag (par. 4, bl. 22) gee kortliks 'n weergawe van die gevolgtrekking waartoe die Komitee geraak het, en lui soos volg:

> "Soos dit uit die voorgaande verslag blyk, is al die onderwysdepartemente nie ewe ver gevorder op die weg van gedifferensieerde onderwys nie, en die weë wat ingeslaan word, verskil in baie opsigte van mekaar. Daar is grootliks ooreenstemming met betrekking tot wat onder gedifferensieerde onderwys verstaan moet word, terwyl alle onderwysdepartemente oortuig is van die noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys. Die verskille tree na vore by die werklike toepassing daarvan. In hierdie stadium is dit nie moontlik om die probleme vir navorsing insake 'n gemeenskaplik aanvaarbare plan te identifiseer nie, aangesien die probleme sal opduik wanneer daar oor so 'n gemeenskaplike plan besin sal word. Dit kom as wenslik en noodsaaklik voor dat daar in hierdie stadium met die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike plan onverwyld 'n begin gemaak moet word."

---

* Vanaf 1 April 1969 het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geword.

1) Brief OR/M/1/3, gedateer 25.8.1964 van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

2) Notule van die Eerste Vergadering van die Verkenningskomitee insake Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting, par. 5.5, bl. 2.

2. DIE OPDRAG

Die Komitee het sy verslag aan die Kontakliggaam gestuur en verdere opdrag afgewag. Op 1 Julie 1965 skryf die Voorsitter van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) 'n brief aan die Voorsitter van die Komitee waarin die opdrag van die Kontakliggaam opgeneem is en wat soos volg lui:

> "It was decided as recommended the Reconnaissance Committee should as a matter of urgency make an immediate start to evolve a system of differentiated education and a system of guidance for the Republic which would be acceptable to all education departments and to the National Advisory Education Council."[1)]

3. IMPLIKASIES VAN DIE OPDRAG

Die implikasies van die opdrag is dat oor 'n onderwysstelsel besin moet word -

(a) wat die doel met opvoedende onderwys as sodanig sal verwesenlik;

(b) waarin die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die indiwidu sover moontlik tot ontplooiing sal kom om ook in die behoeftes van die volkshuishouding te voorsien; en

(c) waarin 'n gepaste stelsel van voorligting 'n integrerende deel van die onderwys sal wees.

4. DIE WERKPROGRAM

Kragtens die versoek van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) dat die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) die gegewens moet versamel wat die Komitee benodig[2)], het die Buro 'n memorandum oor 'n werkprogram ter uitvoering van die opdrag opgestel. Hierdie werkprogram is op 7 Desember 1965 aan die Komitee voorgelê vir bespreking.

Die werkprogram maak vir navorsing oor pre-primêre of voorskoolse onderwys, primêre onderwys, sekondêre onderwys en buitengewone onderwys of onderwys vir leerlinge met gestremdhede, en vir navorsing oor skoolvoorligting vir die genoemde onderwysvlakke voorsiening. Op grond van hierdie navorsing sal die Komitee 'n verslag uitbring en aanbevelings insake 'n nasionale onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika doen.

"Die Komitee besluit om die voorgelegde memorandum met die nodige wysigings en byvoegings as die werkprogram te aanvaar"[3)] en die Komitee "..... sal na sy lasgewer gaan met 'n uiteensetting van hoe die Komitee sy opdrag sien ....."[4)]

5. VERGADERINGS VAN DIE KOMITEE

Die Komitee het op -

1 Oktober 1964 vergader om 'n memorandum oor die grondslae vir 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting te bespreek;

26 November 1964 vergader om die verslag getitel "Verslag van die Verkenningskomitee insake gedifferensieerde onderwys en voorligting in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika" te bespreek;

7 Desember 1965 vergader om die werkprogram ter uitvoering van die opdrag goed te keur;

28 Junie 1967 vergader om die verslag "'n Voorstudie oor gedifferensieerde sekondêre onderwys" te bespreek;

25 en 26 Oktober 1967 vergader om Deel I van sy verslag insake die grondslae van differensiasie en gedifferensieerde onderwys vir voorlegging aan die Kontakliggaam goed te keur, asook om 'n verslag oor 'n moontlike stelsel van gedifferensieerde sekondêre onderwys vir die land te bespreek; en het vanaf

---

1) Brief 5/3/2, gedateer 6.7.1965, van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, Burokorrespondensielêer N/Y/118/3.

2) Brief OR/M/1/3, gedateer 25.9.1964, van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, Burokorrespondensielêer N/Y/118/3.

3) en 4) Notule van die Derde Vergadering van die Verkenningskomitee (7.12.1965), onderskeidelik par. 5.3.1 en 5.3.2.

22 tot 26 April 1968 vergader om Deel II van sy verslag oor 'n nasionale onderwysstelsel op sekondêre onderwysvlak asook Deel III van sy verslag oor 'n nasionale skoolvoorligtingsdiens te bespreek; en het vanaf

20 tot 22 November 1968 vergader om Deel V van sy verslag oor 'n nasionale onderwysstelsel op primêre onderwysvlak asook Deel VI van sy verslag oor 'n nasionale skoolvoorligtingsdiens vir die primêre skool te bespreek; en het op

26 Augustus 1969 vergader om Deel IV van sy verslag oor onderwysbeplanning op 'n nasionale grondslag om ook met die mannekragbehoeftes van die beroepsbestel te kan tred hou, te bespreek, asook om die verslag waarin hierdie genoemde 6 dele as een verslag geïntegreer is, vir publikasie en vrystelling goed te keur; en het vanaf

17 tot 19 November 1969 vergader om Deel VII van sy verslag oor pre-primêre opvoeding te bespreek.

## 6. NAVORSING WAT DEUR DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING ONDERNEEM IS

### 6.1 NAVORSINGSPROJEKTE

Die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het die werkprogram wat deur die Komitee goedgekeur is, as grondslag gebruik om navorsingsprojekte van stapel te stuur om die Komitee in staat te stel om sy opdrag te kon uitvoer. Sowel die onderwysstelsels as die skoolvoorligtingstelsels op primêre en sekondêre onderwysvlak van oorsese lande, die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika is nagevors. 'n Deeglike literatuurstudie van relevante publikasies is gemaak. Ook is verkenning gedoen van gegewens wat op aanvraag deur onderwysdepartemente en buitelandse instansies aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verstrek is.

Om verslag oor 'n nasionale onderwysstelsel op pre-primêre, primêre en sekondêre onderwysvlak met skoolvoorligting as geïntegreerde diens in die onderwysstelsel, en onderwysbeplanning op 'n nasionale grondslag om ook met die mannekragbehoeftes van die beroepsbestel tred te hou, te kon uitbring, is die volgende navorsingsprojekte deur die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing onderneem:

(1) Die grondslae van differensiasie en gedifferensieerde onderwys.

(2) Die voertaal (medium van onderrig) in 'n nasionale onderwysstelsel.

(3) 'n Studie van gedifferensieerde primêre onderwys in enkele oorsese lande.

(4) 'n Studie van gedifferensieerde primêre onderwys in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika.

(5) 'n Studie van sekere aspekte van gedifferensieerde sekondêre onderwys in oorsese lande.

(6) 'n Ondersoek na die gedifferensieerde sekondêre onderwys in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika, met verwysing na besondere probleme wat ondervind word.

(7) Stelsels van eksaminering op sekondêre onderwysvlak in oorsese lande en in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika.

(8) Fundering van 'n nasionale skoolvoorligtingsdiens, met verwysing na doelstellings en terminologie.

(9) 'n Ondersoek na die voorligtingstelsels op primêre onderwysvlak van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika.

(10) 'n Studie van voorligtingstelsels op primêre onderwysvlak in oorsese lande.

(11) 'n Ondersoek na die voorligtingstelsels op sekondêre onderwysvlak van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika.

(12) 'n Studie van die voorligtingstelsels op sekondêre onderwysvlak in oorsese lande.

(13) Die opleiding van skoolvoorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande.

(14) Onderwysbeplanning om ook met die mannekragbehoeftes van die beroepsbestel tred te hou.

(15) 'n Studie van pre-primêre onderwys in oorsese lande en in die Republiek van Suid-Afrika.

Op grond van hierdie navorsingsprojekte is sewe verslae vir die Komitee vir bespreking op sy vergaderings opgestel. Die goedgekeurde verslae is na elke vergadering aan die Nasionale Onderwysraad en die Kontakliggaam gestuur.

6.2 PERSONEEL VAN DIE INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

Die navorsing is deur die volgende navorsers onderneem:

Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, Hoofprojekleier.

Mnr. J.H.C. Oosthuizen, Assistent-direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, verantwoordelik vir die verslag oor 'n nasionale onderwysstelsel op primêre skoolvlak.

7. DIE ONDERHAWIGE VERSLAG

Die onderhawige verslag gee 'n oorsig van pre-primêre opvoeding in enkele oorsese lande, in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika. In hoofstuk 1 word besin oor georganiseerde pre-primêre opvoeding as komponent van die beplande nasionale stelsel van onderwys, terwyl die opeisende aard van die tydsgewrig waarin ons leef, die meerdere eise wat dit ook aan voorskoolse kinders stel en die beperking wat dit op hul lê, in hoofstuk 2 bespreek word. In hoofstuk 3 word wêreldtendense ten aansien van georganiseerde pre-primêre opvoeding met verwysing na die Republiek van Suid-Afrika en na Suidwes-Afrika geskets. In hoofstuk 4 van hierdie verslag word die noodsaak van pre-primêre opvoedingsinstellings gemotiveer en 'n nasionale stelsel van pre-primêre opvoeding aanbeveel.

8. DANKBETUIGING

Die Komitee bedank die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die personeel van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing vir die navorsing wat onderneem is om die Komitee in staat te kon stel om sy opdrag uit te voer. Die samewerking van die plaaslike en oorsese onderwysowerhede word hoog op prys gestel.

HOOFSTUK 1

# GEORGANISEERDE PRE-PRIMÊRE OPVOEDING AS KOMPONENT VAN DIE BEPLANDE NASIONALE STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

## 1.1 INLEIDEND

Die begrip onderwys en opvoeding, die doel wat met opvoedende onderwys of onderwysende opvoeding bestrewe word, asook die deeltaak wat in dié verband aan die ouerhuis en die skool toegesê word, is tevore reeds as volg geformuleer:

"Onderwys en opvoeding kan met reg getipeer word as één handeling met twee onderskeibare momente, wat egter nooit geskei kan word nie. Die doelstelling wat bestrewe word met opvoedende onderwys, oftewel onderwysende opvoeding, is om die kind te bring tot volwaardige volwassenheid. Die volwassenheid waarvan hier sprake is, dui geensins op die bereiking van 'n spesifieke ontwikkelingstadium nie, dog bloot op sinvolle bestaan as mens. Vanselfsprekend is dit vir geen kind moontlik om vanself en sonder om steun van volwassenes te ontvang, tot sinvolle menslike bestaan te kom nie. Verder bestaan daar ook nie die moontlikheid van 'n onmiddellike of regstreekse deurbraak tot 'n sinvolle bestaan as volwassene nie. Genoemde deurbraak na volwassenheid, wat uiteraard geleidelik sal moet plaasvind, kan egter vir die kind grootliks vergemaklik word indien hy voldoende steun van volwassenes ontvang en mits hy langs 'n spesifieke weg begelei word, met die gebruikmaking van spesifieke aanbiedingswyses, leermetodes en leermiddele.

Die steungewing aan die kind in sy op-weg-wees na volwassenheid val primêr die ouerhuis ten taak in die voorskoolse periode, waarna die primêre en daarna die sekondêre skool die taak van die ouerhuis deels oorneem en volvoer tot groter hoogtes as waartoe die gemiddelde ouerhuis in staat is.

In die bestrewing van die einddoel met alle opvoeding en onderwys, het sowel die gesin, as die primêre en die sekondêre onderwys, dus elk 'n spesifieke en unieke taak om te vervul" (1, p. 46).

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Waar daar in bostaande formulering en ook deur die maatskappy in die algemeen, allerweë aanvaar word dat die versorging en opvoeding van die voorskoolse kind primêr die ouerhuis ten taak val, ontstaan onmiddellik die vraag of daar enige regverdiging is vir die verskynsels: kleuterbewaaroord, nursery school, kleuterskool, kindergarten en so meer.

Indien elke ouerhuis as die natuurlik bepaalde en derhalwe godgewilde plek waarin die aanleg, kragte en moontlikhede van die jong opbloeiende menselewe op die mooiste en beste wyse tot ontplooiing gebring kan word, sy opvoedende en versorgende funksie na behore sou vervul, sou daar vanselfsprekend geen noodsaak wees vir georganiseerde kleutersorg in bewaaroorde, kleuterskole of kindergartens nie. Indien die toegewydheid en doeltreffendheid waarmee die gesin in die huidige tydsgewrig sy versorgende en opvoedende taak vervul egter betwyfel sou word, ontstaan onmiddellik die vraag of een of ander vorm van georganiseerde voorskoolse kleuterversorging nie vir elke kind as pedagogiese aanvulling tot die gesinsopvoeding behoort te dien nie, al sou dit dan maar vir enkele ure per dag of enkele dae per week wees. Indien die versorging van die normale voorskoolse kind in die teenswoordige tyd tekorte sou toon vanweë die gewisse struktuurverandering wat die gesin gedurende die afgelope dekades onder druk van ekonomiese en maatskaplike strominge ondergaan het, sou daar, sonder om die grondliggende betekenis en funksie van die gesin in die kleuteropvoeding te misken, 'n saak uitgemaak kan word vir 'n instelling wat 'n pedagogiese hulpdiens kan lewer, en wat in sekere opsigte moontlik meer aan die opgroeiende kleuter kan bied as waartoe die gemiddelde gesin in staat is.

Selfs indien die deursneegesin die noodsaak vir 'n voorskoolse opvoedingshulpdiens sou insien, en die gemeenskap die instelling daarvan sou verwelkom, sou die instelling van voorskoolse kleuterversorgingsoorde alleen pedagogies verantwoordbaar wees mits dit ook vanuit die kleuterlandskap regverdigbaar sou blyk te wees. Uitsluitsel sal onder andere verkry moet word oor hoe die instelling kleuterbewaaroord of kleuterskool op die kinderlike landskap vertoon en oor die noodsaak al dan nie vir instellings wat aanvullend funksioneer ten aansien van die opvoedingsfunksie wat in die verlede tradisioneel op voorskoolse vlak uitsluitlik deur die gesin vervul is. Antwoorde op hierdie vrae sal gesoek moet word aan die hand van 'n verkenning van -

(1) die wêreld van die kleuter en die wyse waarop hy sy wêreld beleef en betekenis gee aan sy leefwêreld;

(2) die uiters veeleisende aard van die tydsgewrig waarin mense tans lewe, die meerdere eise wat dit ook aan voorskoolse kinders stel, en die beperkings wat dit op hul lê; en

(3) die vermoë al dan nie van die huisgesin om in alle behoeftes van die opgroeiende kleuter te voorsien.

## 1.3 DIE LEEFWÊRELD VAN DIE MENS, EN MEER BEPAALD DIÉ VAN DIE KIND

Kinderwêreld is anders as volwassene-wêreld

Dat die wêreldbeeld van die kind en veral die klein kind, heel anders is as dié van die volwassene, sal deur elkeen wat op enige terrein met kinders gemoeid is, bevestig kan word. Die volwassene kan immers in 'n vertrek rondbeweeg sonder gevaar om sy kop teen die kant van die tafelblad te stamp, terwyl die kleuter wel deeglik op so 'n moontlikheid bedag moet wees. Sy wêreld is anders - en daarmee word geensins bedoel minder as die volwassene se wêreld nie. In die mees letterlike sin van die woord staan 'n jong kind anders in die wêreld as 'n volwassene. Gevolglik is dit vir die volwassene moeilik om tot 'n begrip van die kinderlike leefwyse te kom. Nou is dit egter juis so dat goeie begrip van die kind se leefwêreld voorvereiste is, ja selfs absolute voorwaarde vir doelmatige gerigte hulpverlening. Hoewel die volwassene uiteraard aangetrokke voel tot die jong kind vanweë laasgenoemde se openheid, aanhanklikheid en oorspronklikheid, en hoewel die volwassene simpatie het met die beeld van die mens wat hy by die kleuter waarneem, moet nietemin toegegee word dat die antwoorde op talle van die volwassene se vrae na die hoe en waarom in die kleuterbestaan dikwels uitbly.

Die beste en waarkynlik enigste wyse waarop die volwassene die wêreldbeeld van die kind kan leer ken, is deur noukeurige observering van die ontdekkings wat die kind doen. Genoemde observering omsluit om te sien, te hoor en te begryp hoe kinders met dinge, diere en mense omgaan om aldus te bepaal welke ontdekkings hul doen. Op grond van genoemde observasies en afleidings kan die volwassene bepaal hoe die wêreldbeeld van die kind naastenby daar uitsien.

## 1.4 MENS EN WÊRELD AS ELKAAR KONSTITUERENDE BEGRIPPE

Die oorspronklikste wesenskenmerk van die mens is sy in-die-wêreld-wees. Wie mens sê, sê meteens wêreld en 'n verwysing na wêreld impliseer meteens mens. Hierdie relasie tussen mens en wêreld is met ander woorde so innig dat dit onjuis sou wees om die mens van sy wêreld te isoleer. Gebeur dit wel, dan hou die mens op om 'n besondere mens in die wêreld te wees (2, p. 3). Die wêreld waarvan hier sprake is, is vir die mens (anders as vir die dier) dan ook geen konglomeraat van objekte soos beskryf in die taal van die natuurwetenskappe nie. Insgelyks is die bewussyn van die mensekind geen weerspieëlende voorstelling daarvan nie.

Die wêreld is woonplaas, tuiste van die mens, die verwerkliking van sy subjektiwiteit (2, p. 3)

Die mens sien en beleef sy wêreld, eksploreer dit, eksperimenteer met dit wat hy daarin aantref en gee betekenis daaraan. Die mens, anders as die dier, leef in 'n "ope" wêreld, 'n wêreld met talle moontlikhede. Hy kan aan die dinge en die belewenisse betekenis gee. Deur genoemde betekenisgewing maak hy die wêreld tot sy wêreld - maak hy die wêreld tot sy besit, sodat daar vir hom eintlik geen die wêreld bestaan nie maar slegs leefwêreld-vir-my/hom (3, p. 14).

## 1.5 DIE WÊRELDBEELD VAN DIE MENS

Elke mens sien sy wêreld op sy eie manier, omdat hy dit anders beleef as enigiemand anders, en hou dus 'n eie wêreldbeeld daarop na. Die vraag na die wêreldbeeld van volwassene of kind hang dus nou saam met die vraag oor hoe die volwassene of die kind die wêreld sien. Geen twee mense sien die wêreld eenders nie en gevolglik verskil ook die beeld wat hulle van die wêreld het. Hoe die mens die wêreld sien, hang nie net af van hoe die wêreld is nie, maar ook van hoe die mens is, met ander woorde van sy ervaringe, opvattinge, oortuiginge, gevoelens en strewes. Die beeld wat 'n persoon van die wêreld het, hang verder nie net af van wat hy in die wêreld sien nie, maar ook van hoe hy dit wat hy sien, bedink en van hoe hy die wêreld vir homself voorstel. Verder word dit ook bepaal deur wat hy vir die wêreld voel, en deur wat hy soek en nastreef. So word persoon en wêreld dus twee begrippe wat 'n baie noue samehang toon, wat mekaar eintlik konstitueer (3, p. 12).

Die beeld wat persone op 'n gegewe oomblik van die wêreld het, hang ook af van hoe dit op die gegewe oomblik met die persone gaan, of die persone se vooruitsigte goed of sleg is, en so meer. Hierbenewens is die persoon se wêreldbeeld, oftewel die wyse waarop die wêreld gesien word, ook nie staties nie maar dit evolueer steeds na gelang nuwe dinge belewe word, nuwe horisonne oopstoot en nuwe perspektiewe verwerf word sodat persone byvoorbeeld oor 'n paar jaar 'n heel ander beskouing van die wêreld mag hê as tans. Die wêreldbeeld van die volwassene verkry dus steeds meer inhoud; dit verinnerlik - die bykomstige, toevallige, relatiewe word nie so hoog aangeslaan as die wesenlike nie. Nietemin beskik die volwassene deurgaans oor 'n taamlik vaste, stabiele beeld van die wêreld, juis omdat hy volwassene is, en nie so vatbaar vir nuwe indrukke en belewenisse nie.

## 1.6 DIE EVOLUERENDE, SNEL WISSELENDE WÊRELDBEELD VAN DIE KIND

In teenstelling met die meer stabiele wêreldbeeld van die volwassene is die wêreldbeeld van die kind sterk evoluerend, veel sterker wisselend en groeiend, omdat die kind nog persoon-in-wording is. Die kind is steeds besig om sy wêreld te ontdek en elke ontdekking verryk sy kyk op die wêreld. By die kind is daar dus sprake van 'n voortdurend wordende wêreldbeeld. Die kind, net soos die volwassene, is steeds besig om die wêreld te eksploreer en om daaraan betekenis te gee.

Die wese van alle opvoeding en onderwys lê volgens Van der Linde (3, p. 15) daarin dat mens die kind sal help om die wêreld te eksploreer totdat die kind (wat intussen volwassene geword het) dit op sy eie kan doen. Daarom is elke mens volgens hom 'n ontdekkingsreisiger, omdat hy 'n nuwe wêreld moet gaan ontdek. Namate hierdie ontdekkingsreis vorder, ontwikkel die wêreldbeeld wat die mens daarop nahou. Die kind staan nog maar by die aanvang van hierdie groot ontdekkingstog. "De vraag naar het wereldbeeld van het kind, of naar het kinderlijke wereldbeeld, is dus eigenlijk de vraag naar de beschrijving van de ontdekkingstocht die de wordende mens moet ondernemen om tot het wereldbeeld van de mens d.i. de volwassene te geraken" (3, p.16).

## 1.7 KENMERKE VAN DIE MENSLIKE WÊRELDBEELD IN DIE ALGEMEEN EN VAN DIE KINDERLIKE WÊRELDBEELD IN DIE BESONDER (3, p. 15)

Die kenmerkende van die menslike wêreldbeeld kan soos volg saamgevat word:

(1) Die wêreldbeeld is sterk afhanklik van die indiwidu, sodat elke persoon sy eie kyk op die wêreld het.

(2) Die wêreldbeeld is sterk afhanklik van die indiwidu se bewussynstoestand op 'n gegewe oomblik, sodat die wêreld deur die indiwidu steeds wisselend belig sal word.

(3) Die wêreldbeeld van die kind sal uitermate wissel omdat dit steeds evolueer, groei en ontwikkel.

(4) Die wêreldbeeld van die mens word sterk gekarakteriseer deur sy ope bestaan.

(5) Die wêreldbeeld word gekonstitueer deur 'n aantal ontdekkinge.

## 1.8 DIE SINVOLHEID AL DAN NIE DAARVAN OM IN PLAAS VAN 'N ALGEMEEN GELDENDE KINDERLIKE WÊRELDBEELD DAAR TE STEL, TE POOG OM APARTE WÊRELDBEELDE TE FORMULEER VIR DIE <u>KLEUTERPERIODE, DIE SKOOLKINDPERIODE</u> EN <u>DIE PUBERTEIT</u>

### 1.8.1 <u>Inleidend</u>

Waar dit in hierdie stuk gaan om die belange, node en behoeftes van die voorskoolse kind, lyk dit sinvol om nie te handel met 'n algemeen geldende kinderlike wêreldbeeld nie, maar om spesifiek met die wêreldbeeld van die kleuter besig te bly, uitgaande van die veronderstelling dat daar vir elk van die kleuter-, skoolkind- en puberteitsfase 'n eie wêreldbeeld na vore tree wat bloot geformuleer kan word. So 'n redenasie dui egter op 'n oorvereenvoudiging van die probleem. Elk van die genoemde periodes kan naamlik weer veel <u>fyner</u> genuanseer word. As voorbeeld hiervan kan dien die kleuterperiode, wat op sy beurt onderskei kan word in die <u>neonatus-, suigeling-, peuter-</u> en <u>kleuterfases.</u> (Die neonatus (pasgeborene) en suigelingfases strek nagenoeg vanaf geboorte tot nagenoeg 2 jaar, die peuterfase van 2-3 jaar en die kleuterfase van 3-6 jaar.) Vanselfsprekend beskik die kind ook tydens elk van hierdie fases oor 'n eie wêreldbeeld. Die groot gevaar skuil nou daarin dat die kinderlewe in soveel fases ingedeel word dat die ondersoeker hom daarop blind kan staar en die kind in sy ontdekkingstog deur die lewe heeltemal kan miskyk. Daarby kom nog dat daar sekere momente of beginsels is wat in elke fase van die kinderlike ontdekkingstog sal funksioneer. Liewer dus as om die ontdekkingstog van die wordende mens in fases in te

deel, moet daar gelet word op die hoofmomente of algemene beginsels wat nie alleen sy gedrag in elke fase verstaanbaar maak nie maar wat wesentlik bydra tot die konstituering van sy wêreldbeeld.

1.8.2 Hoofmomente of algemene beginsels van die kinderlike wêreldbeeld

Aan die hand van Langeveld word die volgende momente en beginsels onderskei:

(1) Die biologiese moment;
(2) die beginsel van hulpeloosheid;
(3) die beginsel van veiligheid; en
(4) die beginsel van eksplorasie (4, p. 42 e.v.).

Vir die doel van hierdie eksposisie kan die tweede en derde momente saamgevat word as: van hulpeloosheid tot veiligheid, terwyl die vierde moment omskryf kan word as: deur eksplorasie tot emansipasie.

1.8.3 'n Kort eksplikasie van die hoofmomente en beginsels, en die bydrae wat hul kan lewer in die konstituering van 'n eie wêreldbeeld

(a) Die biologiese moment

Eintlik maak die kind by geboorte vir die eerste maal kennis met die wêreld. Iedere kind wat gebore word, doen daarmee sy lyflike of liggaamlike intrede in die wêreld. Vir die eerste maal maak hy lyflike kontak met hierdie wêreld, hierdie aarde, klimaat, wieg, kombersies, en met die hom-omringende volwassenes. Vir die eerste keer tree hy dus in liggaamlike kontak met die wêreld en beleef hy die wêreld vanuit sy lyflikheid en deur sy liggaamlike aanwesigheid daarin. Weliswaar is dit op hierdie moment nog maar 'n baie klein stukkie van die wêreld wat deur hom in sy liggaamlikheid beleef word. Namate die liggaam egter ontwikkel en die biologies-bepaalde groei sy normale verloop neem, word hy in die geleentheid gestel om 'n steeds groter wordende deel van die wêreld te belewe.

Die liggaam as fisies-chemiese entiteit is vanweë sy fisies-chemiese samestelling aangewys op en afhanklik van versorging te wete onder andere voeding, reiniging, kleding, voorkoming van siektetoestande en oefening, indien die biologies-bepaalde ontwikkeling 'n normale verloop moet neem. Sou daar iets skort in genoemde versorging, of sou daar enige wanfunksionering van fisiologiese prosesse wees of organiese uitvalle soos 'n breinletsel of 'n wanfunksionering van sekere kliere, sou dit die kind strem in sy fisiologiese ontwikkeling en in sy wêreldontdekking. Motoriese ontwikkeling wat die kind in toenemende mate in staat stel om sy rondom-wêreld te verken hang ook nou saam met biologiese groei. Indien die kind vertraging sou toon in sy sit, kruip en loopbewegings vanweë gebrekkige refleksontwikkeling, spierontwikkeling of -koördinasie, dan sou sy wêreld-verkenning daardeur ingeperk word en skade ly.

'n Gesonde biologiese groei is dus vir die kind van die allergrootste belang, ook omdat hy op grond daarvan eie-wêreld moet stig en tot die formulering van 'n eie wêreldbeeld moet kom. Aangesien die kind in sy wording, in sy op-weg-wees, in sy wêreldverkenning, steeds as liggaamlik-psigies-geestelike totaliteit betrokke is, sal enige nie-normale verloop in sy biologiese ontwikkeling sig ook wreek op ander momente waaronder sy belewing van veiligheid asook op sy wil tot eksplorasie.

(b) Van hulpeloosheid tot veiligheid

In vergelyking met die jong dier wat by geboorte minder hulpeloos is en veel gouer selfversorgend word, vertoon die jong kind as uiters hulpeloos en aanvanklik geheel op die genade van andere aangewese. Juis hierdie hulpeloos-wees van die kind rig egter 'n sterk appèl om hulp en steun aan die ander (volwassene) as hulpverlener. Hierdie appèl word in die eerste instansie gerig tot die moeder uit hoofde van haar natuurlike biologiese bindinge met die kind. Dit vereis van haar 'n bereidheid om die kind te aanvaar soos hy is, en om hom liefdevol te versorg vir sover dit onder andere voeding, kleding en reiniging betref. Naas die moeder is daar egter ook die vader en ander volwassenes wat tot hulpverlening opgeroep word.

Genoemde liefdevolle versorging van die hulpelose kind is van groot belang vir sowel sy affektiewe vorming as vir sy gemoedsvorming in die breë. Die aanvaarding en liefdevolle versorging wat deur die jong kind ervaar word laat hom veilig en geborge voel in die vir hom nog grootliks vreemde wêreld.

Van meet af aan tree die kind as openheid, as gerig-wees-op en oop-wees-vir 'n medeganger, in 'n verhouding met sy moeder en later ook met ander volwassenes. Die affek-

tiewe relasie wat aldus tussen kind en volwassene ontstaan getuig van wedersydse aanvaarding. Genoemde dialogiese verhouding bied aan die kind 'n eerste greep en sekerheid in sy wêreldstigting. Op grond van die vertroue wat hy in die volwassene as hulpverlener stel, en op grond van die hulp en steun wat die volwassene aan hom verleen, oorwin hy geleidelik sy onsekerheid en hulpeloosheid en verwerf hy veiligheid. Vir die kind is hierdie relasie met sy ouers en ander volwassenes 'n sinnebeeld van hoe die wêreld teenoor hom stelling inneem en hiervolgens bepaal hy ook sy optrede teenoor die wêreld. Indien hy in sy eerste ontmoetings met volwassenes die nodige selfvertroue verwerf het, sal hy met selfvertroue die wêreld betree om dit te ondersoek en tot sy eie te maak. Indien hy egter aanvanklik die teendeel ervaar het, kan dit gebeur dat hy hom weens 'n gebrek aan selfvertroue en 'n gevoel van onveiligheid aan sy wêreld sal onttrek en sal weier om dit te eksploreer.

(i) <u>Faktore wat 'n harmoniese oorgang van hulpeloosheid tot veiligheid kan versteur</u>

Die noodsaak vir 'n harmoniese oorgang vanaf hulpeloosheid tot veiligheid verdien sterk beklemtoning. 'n Gevoels<u>warme</u> verhouding tussen kind en ouers verseker stabiliteit in die gevoelsindrukke wat die kind teenoor sy ouers belewe, terwyl 'n gevoels<u>arme</u> opvoeding die kind onseker laat, hom in sy hulpeloosheid laat vertoef en hom selfs daarop terugwerp. 'n Gevoelsarme opvoeding lei tot affektiewe verwaarlosing waarby die kind nie stabiele gevoelsindrukke uit sy verhouding met sy ouers ontvang nie.

Voorbeelde van relasiesteurnisse wat binne die gesin funksioneer en wat aanleiding kan gee tot affektiewe verwaarlosing is onder andere die volgende:

(1) 'n Te sterk binding tussen ouer en kind, met ander woorde verwenning, en oorbeskerming;

(2) afwysing of verwerping van die kind deur een of albei van die ouers;

(3) versteurde huweliksverhoudinge;

(4) ambivalente gevoelsverhoudinge tussen ouer(s) en kind, (wat sowel aantrek as afstoot);

(5) gesinsonvolledigheid, dit wil sê afwesigheid van een of albei ouers as gevolg van afsterwe, egskeiding of werksverpligtinge (werkende moeders);

(6) te streng opvoeding; en

(7) gesaglose opvoeding en inkonsekwentheid in die opvoedingsverhoudinge (5, p. 13).

(ii) <u>Samevatting</u>

Die oorgang van hulpeloosheid tot veiligheid geskied geleidelik en wel met die hulp en steun van die volwassene. Sodra 'n kind veilig en geborge voel, met ander woorde nie meer op sy hulpeloosheid aangewese nie, is hy in staat om hom oop te stel vir die wêreld. Sy oopstaan vir die wêreld stel hom in staat om in ope kommunikasie met die wêreld te tree. 'n Kind wat veilig voel is in staat om hom op die wêreld te rig, dus uit te gaan tot, of hom te waag in die wêreld. Hy gaan dus oor tot wêreldstigting, tot wêreldkonstituering, en rig hom in toenemende mate op die meer abstrakte wêreld van simbool en van taal. Met die ontdekking van taal beskik hy oor 'n belangrike middel waarmee hy groter veiligheid kan verwerf en aan sy nuwe ontdekkinge betekenis kan gee.

(c) <u>Deur eksplorasie tot emansipasie</u>

In die ontwikkeling van die wêreldbeeld van die kind speel al die momente en beginsels wat tot dusver beskryf is, 'n bydraende rol. Die kind wat biologies normaal ontwikkel het, wat in 'n affektief-warme relasie tot sy ouers en ander volwassenes staan, wat homself veilig en geborge voel, en wat kan reken op die steun van volwassenes, begeef hom met graagte op 'n verkenningstog van die wêreld. Slegs deur self die wêreld te verken, leer mens dit ken en kom daar 'n eie wêreldbeeld tot stand.

(i) <u>Terreine wat die kind in sy ontdekkingstog moet oopdek en ontdekkings waartoe hy moet geraak</u>

In sy ontdekkingstog deur die wêreld begeef die jong kind hom op vele terreine en doen hy allerlei ontdekkings waaronder die volgende:

(1) Die ontdekking dat daar 'n wêreld is en dat hy 'n gegewe plek daarin het

Die kind kom spoedig tot die ontdekking dat daar 'n wêreld is. Hierbenewens vind hy ook uit dat hy nie alleen op die wêreld is nie en bowenal dat hy self nie die middelpunt van alles is nie. Die klein kind is aanvanklik selfsentries (egosentries) en sien en beleef slegs dié deel van die wêreld wat vir hom van belang is, en slegs vir sover dit vir hom belangrik is. Slegs vanuit eie verlangens en behoeftes word deur hom aan die wêreld betekenis gegee.

Wanneer die besef deurbreek dat 'n mens nie slegs die ander nodig het nie maar ook iets vir hom kan beteken, het die homosentrisme reeds sy aanvanklike egosentrisme deurbreek. Later breek ook die besef deur dat 'n mens nie net van jou medemense afhanklik is en hulle van jou nie, maar dat alle mense ook afhanklik is van 'n Opperwese (3, p. 17, 18).

(2) Die ontdekking en ordening van die oneindige verskeidenheid van objekte in die wêreld

Die kind betree 'n wêreld waarin die volwassene alles in die omringende wêreld reeds in lewelose en lewende dinge ingedeel het, terwyl die lewende dinge op hulle beurt onderskei word in plante, diere en mense. By die kind bestaan hierdie differensiasie nog glad nie en moet hy geleidelik self tot 'n ordening kom. Omdat 'n kind fisionomies waarneem, dit wil sê 'n voorwerp se aard bepaal volgens sy uiterlike voorkoms, kan 'n springende bal of rollende wiel vir hom meer lewend voorkom as 'n statiese aalwynplant. As hy hom sou beseer aan die plant se dorings, ken hy soms menslike eienskappe aan die plant toe deur hom te verbeel dat die plant hom beseer omdat dit om een of ander rede vir hom kwaad is. Langsamerhand ontkom die kind aan hierdie verwarring deurdat hy die eienskappe van dinge ontdek en begin onderskei tussen mense, diere, plante en "dooie" dinge of voorwerpe. Die kind kom nie maklik tot hierdie ordening nie en stel talle vrae ter oriëntering.

(3) Die ontdekking en betreding van die fantasie-wêreld

Die volwassene gaan al fantaserend van die harde werklikheid uit en skep vir homself 'n ideale wêreld, terwyl die kind fantaseer omdat hy nie anders kan nie. Die kind se fantasie lê deels daarin dat hy fisionomies waarneem in die sin van "alles beleefd ervaar" en dat hy sekere eienskappe aan voorwerpe toeken op grond van voorkoms. Al fantaserend sal die kind wat veilig en geborge voel ook tot die hoogste vorm van kinderspel, te wete illusiewe spel, oorgaan.

(4) Die ontdekking en onderskeiding van die verskille tussen die geslagte

Die kind beleef die andersheid van die geslagte deur eerstens te ervaar dat die moeder anders is as die vader en dat sussies anders is en anders optree as boeties. Aldus begin hy onderskeid maak tussen die geslagte en leer hy dat verskillende benaderingswyses benodig word in sy dialogiese verkeer met die twee geslagte.

(5) Die ontdekking van en onderwerping aan norme

In sy omgang met diere, mense en dinge leer hy hul eienskappe ken. So leer hy dat objekte bepaalde eienskappe het, en dat mense volgens sekere norme leef, en sekere gewoontes het waarmee hy rekening moet hou en waaraan hy hom moet onderwerp. Hy leer dus dat hy nie maar kan doen wat hy wil nie, maar dat hy ook aan sekere norme moet voldoen soos onder andere: mooi eet; nie met die voete op 'n stoel sit nie; en gehoorsaam wees. Omdat hy ook opdragte kry wat hy moet uitvoer, kom hy langsaam tot die besef dat die lewe ook aan hom eise stel en dat dit 'n opgawe ook vir hom is.

(ii) Samevatting

Die ontdekkinge wat hierbo ter sprake was en die terreine wat in die ontdekkingstog bestryk word, kan nie in bepaalde fases van die kinderlike bestaan gelokaliseer word nie, omdat talle van hierdie ontdekkinge geleidelik geskied. Die kind is bereid om hom op hierdie ontdekkingstog te waag, omdat in die woorde van Langeveld: "'n kind iemand is wat graag self iemand wil wees". Die eksplorerende kind gaan gedurig oor tot stigting van 'n nuwe betekeniswêreld vir hom, en tot singewing aan sy eie wêreld. Hy deurbreek steeds nuwe situasies, verskuif steeds sy horison, konstitueer en verbeeld steeds vir hom nuwe wêreld. Op dié wyse begeef hy hom op die weg om self iemand te wees, is hy self betrokke by en mede-verantwoordelik vir sy wording, emansipeer hy homself en het hy deel aan sy emansipasie (5, p. 14).

## 1.9 HULPMIDDELE WAT DIE KIND TER HAND NEEM IN SY ONTWERP VAN 'N EIE WÊRELDBEELD

### 1.9.1 Die vernaamste twee hulpmiddele, te wete kinderspel en taal

In sy ontdekkingstog deur die wêreld, aan die hand waarvan hy 'n eie wêreldbeeld daarstel, wend die kind veral twee hulpmiddele, te wete spel en taal, as ontdekkings- en ordeningsmiddele, aan.

### 1.9.2 Die betekenis en funksie van kinderspel as hulpmiddel

(a) Inleidend

Dit word algemeen aanvaar dat die kinderlike wêreld en by uitstek die wêreld van die voorskoolse kind nog in hoofsaak speelwêreld is - 'n wêreld waarin daar van 'n verantwoordelikheidstruktuur min sprake is. Die manier waarop 'n kind hom besig hou met die dinge van sy wêreld, is niks anders as spel nie.

Aangaande kinderspel skryf Nel soos volg: "Die mees moderne opvatting van spel ...... is dat dit die wyse is waarop die kind in sy verkenning van die wêreld met die dinge omgaan. Dit is die manier waarop hy met sy wêreldjie in kommunikasie tree. Dit is nie aan tyd en aan 'n doel, soos by die verrigting van werk, gebonde nie. Daar is geen behoorlike begin en einde hieraan verbonde nie, maar tog is dit 'n ernstige besigwees met iets. Aan die een kant word die kind as't ware voortgestu om besig te wees met die dinge van die wêreld, en skep 'n behae daarin as hy daarmee kan omgaan. Hy <u>moet</u> dus die dinge verken en die manier van omgaan daarmee, is sy spel. Hierteenoor het <u>die</u> dinge in die wêreld 'n bepaalde aanlokkingskrag. Dit lok die kind nie alleen tot 'n blote omgang, 'n besigwees of spel nie, maar ook om op 'n bepaalde wyse te speel ........." (6, p. 54).

"Nou is dit belangrik om daarop te wys dat die kind, wat op 'n bepaalde wyse met die dinge van die wêreld, d.w.s. sy spelmateriaal, omgaan, telkens nuwe verhoudinge en moontlikhede in die spelmateriaal ontdek ......." (6, p. 54, 55).

(b) Aspekte van kinderspel

In 'n ontleding van kinderspel en by name die spel van die jong kind, onderskei Bladergroen die volgende aspekte of momente:

(1) Funksiespel

Spel het funksionele betekenis in die vroeë kindertyd, wanneer die kind sy bewegings nog moet leer rig en beheers en sy sintuie in onderlinge samewerking moet leer gebruik. In hierdie periode wanneer die kind 'spelenderwys' sy funksies oefen, val die hoofaksent op beweging, hetsy in die vorm van spontane selfbeweging, hetsy deur te antwoord op waargenome beweging.

Die funksiespel ontwikkel aanvanklik in die moeder-kind relasie. Die moeder speel 'n bepalende rol in die totstandkoming van funksiespel. Sonder haar toedoen, sonder haar uitlokking van die kinderlike reaksie in haar kontak met hom, sou die kind nouliks tot funksiespel kom. Die kind se eerste funksionele speelgoed is die moeder se liggaam en sy eie liggaam. Hierbenewens bring die medemens hom in aanraking met speelgoed soos die ratel of die aan-die-wieg-vasgemaakte string met veelkleurige rinkelende voorwerpe. So word die kind deur die volwassene gelei na die voorwerpe toe waarmee hy moet leer omgaan. Speel<u>maat</u> en <u>speelgoed</u> is die twee rigtinggewende faktore in die ontwikkeling van die kinderspel. <u>Die aktiwiteitsdrang wat eie is aan die kind tree in wisselwerking met genoemde faktore en</u> word gelei en omvorm tot spelende-verkennende-doelgerigte handelinge (7, p. 91, 92).

In die funksionele spelvorme sien mens hoe die kind leer en ontwikkel. Indien die begrip funksie nie beperk word tot taamlik eenvoudige sintuiglik-motoriese handelinge nie maar uitgebrei word om allerlei gedragstrukture wat herhaalde oefening vereis te omvat, kan met reg konstateer word dat funksie-oefeninge deur die hele kindertyd heen plaasvind, dog steeds op hoër niveau. Die spelende kind wat vaste spelvorme steeds weer herhaal, verower daardeur gedragsnorme, vestig indiwiduele en sosiale gedragspatrone, wat behulpsaam is by die leer beheers van lewensituasies (7, p. 92).

(2) Eksperimenteerspel: die kind en die dinge

Die funksiespel wat hierbo ter sprake is, word spoedig gevolg deur die eksperimenterende-besig-wees. Die kind ondersoek naamlik alles wat hy teëkom met behulp van sy tas- en gesigsintuie. Die tastend-bekykende-manipulerende besig wees is

veral opvallend in die tweede lewensjaar. Die kind is dan reeds meer mobiel en kan al kruipende of lopende die ruimte en die wêreld van die dinge betree. In die kind se verkennend-eksperimenterende besig-wees kan drie ontwikkelingsniveaus onderskei word:

a. Aan die begin dra die aanraking en manipulering oorwegend die karakter van kennismaking met die kwaliteite van die voorwerp. Die dinge word met die handjies omvat, met die vingertjies afgetas, met die mond bevoel, met die oë bekyk in "aftastende" oogbeweginge. Die dinge het nog geen simboolwaarde nie en is bloot gooi-, swaai-, lek- of voeldinge en word beleef as onder andere hanteerbaar, omsluitbaar, glad en stekelrig.

b. Die besef van die veranderlikheid van dinge vat geleidelik pos. Voorwerpe wat veranderlik is, met ander woorde kan verskyn, verdwyn of verander (byvoorbeeld deur dit stukkend te breek) wek groot belangstelling. Verdwyn- en verskynspeletjies word met groot ywer gespeel. So word alle voorwerpe byvoorbeeld weggegooi, of alles wat breekbaar is gebreek. Die verandering wat so teweeggebring word, wek verwondering en lok uit tot herhaling. Die mensekind is besig om tot 'n fundamentele ontdekking te geraak insake die veranderlikheid en vervormbaarheid van die wêreld. Daarby begin die besef deurbreek dat hy die wêreld kan vorm volgens sy behoeftes, dat hy iets kan verander, iets kan maak.

   Dit is van die grootste belang dat aan die kind materiale ter beskikking gestel word wat vervormbaar is. Sand, water, klei, en voorwerpe om te vul, leeg te maak, te stapel of om te gooi, stel hom in die geleentheid om sowel destruktiewe as sy eie nog primitiewe vorme van konstruktiewe spel mekaar te laat afwissel.

   Die mens is geplaas in 'n stoflike wêreld van grond en water - met genoemde grondstowwe het hy vir hom 'n leefwêreld geskep waarin hy geborge voel en waarin hy in redelike gemak kan leef. In die eksperimenterende spel ontdek die klein kind die moontlikhede wat in homself en in die dinge skuil. Die geleentheid om tot hierdie eksperimenterende kennismaking met die dinge en met homself te kom, mag aan geen kind ontneem word nie, al word hy gebore en moet hy lewe op die boonste vloer van 'n toringhoë woonstelkompleks. Selfs vir so 'n kind (en daar is tienduisende van hulle) behoort sand, water en klei as speelgoed beskikbaar te wees.

c. Geleidelik gaan die kind oor tot konstruksiespel en daarmee betree hy 'n suiwer menslike spelniveau. Die konstruksiespel vind steeds op hoër niveau plaas - die blokformasies neem byvoorbeeld die vorm van huise aan. Daar is 'n toenemende neiging om 'n plan te maak of 'n doel te stel en daarvolgens te werk. Die bereidheid om die vrywillige doel wat in die spel gestel word na te streef, is van groot belang met die oog op die eise wat in die skool aan die kind gestel sal word om 'n doel wat deur die volwassene bepaal is, na te strewe (7, p. 93-99).

(3) <u>Nabootsing- of imitasiespele</u>

Die vermoë tot nabootsing lê fundamenteel in die kind se menswording of wordingsgang ingebed. Danksy die vermoë tot nabootsing ontwikkel die kind sy spesifiek menslike gedragswyses. Twee vorms van nabootsing word onderskei:

a. <u>Self-nabootsing,</u> waarby die kind die effek van 'n eie handeling gewaar word en daardeur tot nabootsende herhaling uitgelok word, byvoorbeeld in die nabootsende herhaling van die eie brabbelgeluidjies.

b. <u>Nabootsing van ander persone:</u> Die kind boots geluide van die volwassenes na, en leer aldus sy moedertaal. Hy boots ook mondbewegings na en kom aldus tot artikulasie van taalklanke. Hy boots bewegings en uitdrukkings na wat daardeur vir hom betekenis verkry.

   Nabootsing moet gesien word as brug tussen buitewêreld en kind. Deur nabootsing maak die kind die buitewêreld tot sy eie - in die weerspieëling sit die moontlikheid van vereenselwiging en daarmee dié van leer ken en begryp. Bewegings- en geluidnabootsing hou in dat <u>al</u> die eienskappe van die dinge opgemerk en verwerk word en daarmee word die dinge dan weergegee en gesimboliseer. Danksy die nabootsing raak die kind vertroud met die buitewêreld en leef hy hom daarin in. Daarbenewens vereenselwig of identifiseer die kind hom met die wêreld en met dit wat daarin afspeel.

In die imitasiespel gee die kind op sy eie wyse uitdrukking aan wat hy ervaar het. Hy gee dié deel van die werklikheid weer wat by hom die grootste aanklank gevind het. Hierdie spelvorm gee 'n aanduiding van hoe die kind die werklikheid beleef en van wat vir hom daarin belangrik is. Nabootsing help die kind om sy weg te vind deur die omringende werklikheid (7, p. 99, 100).

(4) Fantasiespel

Die klein kind beleef die werklikhede van die volwassene-wêreld in 'n ander geproporsioneerdheid, en omdat hy die werklikheid nie kan beheers met sy klein liggaam nie gaan hy al fantaserend daarop uit. Hy sien en beleef die wêreld anders as die volwassene. Hy verwerk sy indrukke op sy eie wyse, gee daaraan 'n eie, subjektief-gekleurde betekenis, kleur dit met sy eie wense, verlangens en emosies.

Aldus skep die kind 'n deur hom beheersbare wêreld in die fantasie - 'n illusiewe speelwêreld waarin hy baas is en enigiets kan laat gebeur. In hierdie speelwêreld dek hy sy probleme oop, en soek hy na 'n houvas op die wêreld wat hy vir homself geskep het. In die fantasiewêreld skep die kind vir hom die moontlikhede om die wonder, die verwondering, die onverwagte, die onbegrensde moontlikhede, te beleef. Fantasiespel is nodig, want daarin ontdek die kind sy voorstellingswêreld, gaan hy in op sy belewinge, gee hy gestalte aan sy emosies, leer hy belewingswaardes ken. Die volwassene kan hierdie fantasie-ontplooiing stimuleer deur voorsiening te maak vir die kind se behoefte daaraan om prentjies te kyk, liedjies te sing en verhaaltjies aan te hoor. Die magiese, die geheimsinnige, die spannings- en die angsvolle is komponente van die fantasiewêreld waarin die kind van sy innerlike belewenisse bewus raak (7, p. 100-102).

(5) Sosiale spel

Van sosiale spel soos dit uitkristalliseer in die saamspeel met ander kinders is daar eers in die eintlike kleuterfase werklik sprake. Voor die tyd gaan dit meer om 'n saam-met-mekaar of 'n bymekaar wees, wat wel as prettig ervaar word, maar wat weinig blyke toon van ware kontak met mekaar. Die kinders speel bloot met die voorwerpe wat ter beskikking is.

Ook die ander kind word tot voorwerp gemaak deur 'n neus, oor of hand te sien as iets ouliks om aan te pluk of te stoot.

Selfs in die kleuterfase vind kinders dit moeilik om saam te speel met byvoorbeeld konstruksiemateriaal. Die beste samespel en kontak vind plaas wanneer hul saam 'n rol speel, byvoorbeeld huis-huis, of skool-skool. Werklike kommunikasie, selfs in gesprekke, vind bloot sporadies plaas, aangesien kinders geneë is om bloot monoloë te voer in mekaar se teenwoordigheid (7, p. 102).

(c) Samevatting

(i) Die kind se spelende uitgaan op die wêreld is sy manier om met die wêreld om te gaan en om dit te eksploreer. Al spelende kom hy tot 'n eie stellingname ten aansien van die wêreld en tot die konstituering van 'n eie wêreldbeeld. Elke faset van die kinderspel behoort tot sy reg te kom, uit hoofde van die noodsaaklike funksie wat dit vervul en die wesentlike bydrae wat dit lewer ten aansien van die kind se wêreldeksplorasie, sy stellingname, ook binne die huidige tydsgewrig.

(ii) Uitsluitsel sal verkry moet word oor die kwelvraag of die belange van die kind nie dalk in hierdie eeu, wat nog allerweë bestempel word as die 'eeu van die kind', hopeloos verdronge geraak het deur die ekonomiese en materiële oorweginge wat die huidige leefwyse so absoluut oorheers nie. Word daar in die tydsgewrig waarin ons lewe nog voldoende rekening gehou met die feit dat die kinderlike bestaanswyse juis 'n <u>spelende</u> bestaanswyse is? Werk die hoogsgespesialiseerde en -gekultiveerde wêreld waarin ons lewe nie juis belemmerend in op die kinderspel nie?

(iii) Het daar, inagnemende die feit dat hy met meeste van die voorwerpe wat hy in sy ouerhuis aantref, nie mag speel of eksperimenteer nie, vir die kind nog voldoende ontdekkingsmoontlikhede oorgebly in die huislike sfeer?

(iv) Welke effek het die gebrek aan speelruimte wat spruit uit die digte bevolkingskonsentrasie in ons stede en die opeenstapeling van wooneenhede in toeringhoë woonstelkomplekse, op die kind se spelpatroon en op sy wêreldeksplorasie?

Hierdie en dergelike kwelvrae sal verder belig en besinning oor die problematiese daarin aan die orde gestel word, in die paragraaf wat handel oor die opeisende aard van die tydsgewrig waarin ons lewe en die effek wat dit noodwendig op opgroeiende kinders sal hê.

### 1.9.3 Die betekenis van taal as werktuig in die kinderlike ontdekkingstog deur die wêreld

#### (a) Inleidend

Die gebruik van taal is een van die mees karakteristieke menslike funksies, wat nie alleen mens en dier onderskei nie, maar ook skeiding maak tussen mens en mens (2, p. 3, 4). Die kind betree nietemin die wêreld as taallose, wat oor geen taalvaardigheid beskik nie. Die Skepper het egter aan die mens bo die dier die vermoë gegee om te artikuleer en om die taal wat aldus voortgebring word, as kommunikasiemiddel te gebruik. Die kind in sy aangewesenheid op 'n volwassene, word in sy omgang met volwassenes tot spraak opgeroep. Hy moet homself aan sy medemens verstaanbaar kan maak om as volwaardige indiwidu te kan bestaan.

Met die oog op die verowering van die vormsisteme in die hom-omringende wêreld, word dit van die kind vereis dat hy die taal moet aanleer. Hierdie leergebeure neem 'n aanvang om en by die twaalfde lewensmaand en binne die eerste drie tot vier jaar leer die kind 'n ingewikkelde stelsel van taalgewoontes aan - 'n prestasie wat hy daarna selde in sy lewe ewenaar (2, p. 4). Die kind vorder geleidelik vanaf egosentriese spraak (met homself oor sy eie goed) tot gesosialiseerde spraak (met ander) wat dien as voerbedding vir 'n volledige dialogiese bestaan (2, p. 4).

Die taal is dus grondvoorwaarde vir die geestelike ontplooiing van die kind, want daarsonder sou daar weinig tereg kom van die opvoedings- en onderwysbemoeienis waardeur die volwassene die kind tot volwaardige volwassenheid wil bring. Taal is die middel waardeur die hoër verstandsfunksies uiting vind, dit is die onmisbare middel vir sosiale omgang tussen mense, dit is die besondere menslike prestasie wat deur geen ander skepsel op aarde bereik kan word nie (2, p. 4). Dit is die enigste en ook volledigste wyse waarop die mens aan sy wêreld betekenis kan gee - 'n wyse waarop hy sy wêreld vir andere kan oopstel en waardeur hy dié van andere kan betree.

#### (b) Die klanktaal as veelsydige, spesifiek menslike werktuig

Verboon noem die klanktaal 'n spesifiek menslike werktuig (3, p. 38, 39). Die taal onderskei sig van ander werktuie deurdat sy toepassingsmoontlikhede en -gebied haas onbeperk is. As werktuig is dit so wendbaar dat die mens daarmee heel maklik die konkrete werklikheid kan oorskry. Daarmee kan die mens beide tyd en ruimte oorbrug deur alles wat nie-hier en nie-nou is nie, tog aanwesig te stel in simboliese sin.

#### (c) Wyses waarop die taal 'n kind se ontdekkingstog deur die wêreld vergemaklik

Gebruikmaking van hierdie veelsydige, spesifiek menslike werktuig vergemaklik die kind se ontdekkingstog deur die wêreld aangesien dit hom tot die volgende in staat stel:

(1) Die kind kan uit die lewenservaring van andere put

Deur middel van taal staan die kind "op die skouers van die voorgeslag" (3, p. 39). Die mens kan, omdat hy oor taal beskik, uit sy lewenservaring meedeel aan almal wat wil luister. Deur te put uit die opgegaarde kennis en ervaring kan die nageslag begin waar die voorgeslag geëindig het, en só is daar by die mens sprake van 'n gedurig voortskrydende vooruitgang en ontwikkeling, die einde waarvan tans nie te voorsien is nie.

(2) Die kind kan as sosiale wese ontplooi

Vanweë die kontakmoontlikhede wat taal bied, kan die kind geestelike kontak met ander maak. Geestelike kontak kan slegs tot stand kom tussen wesens wat oor taal beskik, aangesien die geestelike slegs in en deur abstraksies bestaan. Kontak met die medemens skep die moontlikheid om as sosiale wese toe te tree tot die sosiale orde.

(3) Die kind kan tot 'n genormeerde bestaanswyse kom

Die simbool-taal van die mens maak dit ook vir hom moontlik om as morele wese te lewe. Die mens sou hom nie kon besig hou met die abstraksies wat ons norme noem as hy genoemde norme nie deur klank of teken hanteerbaar kon maak nie. Taal maak dit vir ons moontlik om alle menslike gedraginge aan die norm of wet te toets en

as goed of kwaad te bestempel.

(4) Die kind kan tot 'n wete van die religieuse kom

In en deur sy taal kan die mens ook die bestaan van God vir homself en vir andere 'sigbaar' maak. Bowendien vind die gebed as dialoog met God, in mensetaal plaas. Deur die taal kan die mens dus nie alleen spreek van en tot God nie, maar is op sy beurt aanspreekbaar deur Hom, aangesien ons Hom kan verstaan as Hy tot ons spreek.

(5) Die kind kan tot die belewing van angs, maar ook tot eventuele geborgenheid kom

Die besit van taal maak dit vir die mens moontlik om hom aan die werklikheid waarin hy hom bevind te onttrek en sig te konfronteer met iets-angswekkends-wat-nog-nie-is-nie, maar wat werklikheid kàn word. Nel beweer in dié verband dat angs nie alleen onafskeidelik aan kindwees verbonde is nie, maar aan menswees oor die algemeen (6, p. 125). Die belewing van angs behoort dus wesentlik tot ons menswees en spruit uit ons in-die-wêreld wees - 'n wêreld wat deur die Christen as sondig en dus vreesaanjaend maar met redding in die vooruitsig beleef word (3, p. 40).

Alhoewel die kind nooit aan sy angs kan ontkom nie, is dit wel moontlik om van die sware las wat dit op hom lê, onthef te word, op grond van die geborgenheid wat hy aanvanklik binne gesin en gemeenskap, en eventueel ook in sy vertrouensverhouding met sy Skepper, belewe.

(d) Taalremminge en taaltekorte bemoeilik die kind se eie-wêreldstigting

Die voorafgaande beredenering toon duidelik dat taal 'n onmisbare verkennings-, ordenings- en veroweringsmiddel is, met die oog op stigting van eie-wêreld deur 'n kind. Gebrekkige taalontwikkeling, met die taaltekorte en taalremminge wat daaruit spruit, sal daartoe bydra dat die kind se dialoog met die te-ontmoete-betekeniswêreld afgerem sal word tot 'n uitermate verskraalde dialoog, sodat die wêreld vir hom geen tot-antwoord-lokkende en betekenisvolle wêreld sal wees nie. Waar die relasie kind-wêreld op hierdie wyse deur gebrekkige taalbeheersing vertroebel word, spreek dit vanself dat sodanige kind nie tot betekenisvolle selfproklamering en selfverwesenliking sal kom nie. Volkome mobiliteit in en volwaardige beheersing van die taal waarmee hy sy wêreld moet verken en be-teken en dit sy eie moet maak, kan dus gesien word as ideale, indien nie as absolute vereiste nie, indien die kind nie gestrem moet word in sy op-weg-wees na volwaardige volwassenheid nie.

Vervolgens sal, aan die hand van 'n bondige uiteensetting van die wyse waarop taalontwikkeling verloop, aangetoon word welke faktore daartoe kan bydra dat daar taaltekorte en taalremminge by die voorskoolse kind ontstaan wat remmend kan inwerk op sy eie-wêreldstigting.

(e) Momente in die taalontwikkeling van die voorskoolse kind

Die kind word as taallose gebore in 'n wêreld wat die taal reeds as sisteem besit. Die kind moet hierdie sisteem vir homself ontdek. Die latente taalvermoë van die kind moet ontwikkel word en genoemde ontwikkelingsverloop is 'n langsame verloop wat van vele faktore afhanklik is. Die ontwikkelingsverloop word beïnvloed deur die wisselwerking van sowel endogene (innerlike) as ekstrogene (uiterlike, milieu-bepaalde) faktore (6, p. 38, 7, p. 210).

Nel noem die liefdevolle versorging van die kindjie as een van die belangrike beïnvloedende faktore van buite wat gunstig op die kind se taalontwikkeling inwerk (6, p. 38). Die volgende stadia kan in die taalontwikkeling van die kind onderskei word:

(1) Die brabbel-stadium

Die liefdevol-versorgde liggaamlik-gesonde kind begin vroeg reeds brabbelgeluidjies maak. Na die derde maand begin die genoeglike gebrabbel reeds en spoedig kom hele melodietjies van brabbelklanke na vore. Enersyds kan die gebrabbel beskou word as die gevolg van die kind se behoefte aan geluidsekspressie, maar andersyds is dit ook seker dat deur die ryping van die geluidsorgane die kind ontdek dat hy met geluidsuitdrukkinge kan speel en hierdeur met sy wêreldjie in kontak kan tree. Hierdie lustige gebrabbel, wat 'n voorstadium en voorbereiding vir die latere spraak van die kind is, word sterk aangewakker deur die liefdevolle gesprekkies wat die moeder met die kindjie voer, wanneer sy hom liefdevol versorg en vertroetel. Die gekraai en gebrabbel van die jong kindjie is dan ook sy antwoord op die liefdevolle gesprekkies wat die moeder met hom voer. Hierdie

22703

kontak en geselsies van die moeder met haar kindjie is van die grootste belang vir die gevoels- of affektiewe vorming en dus vir die toekomstige taalontwikkeling van die kind (6, p. 38).

Indien die klein kindjie hierdie liefdevolle versorging en gesprekkies moet ontbeer omdat moeders heeldag uithuisig is vanweë beroepsarbeid of buitenshuise sosiale bedrywighede, hou dit die gevaar van affektiewe en pedagogiese verwaarlosing in. Is die kind boonop vir versorging aangewese op 'n nie-Blanke bediende, kan dit tot gevolg hê dat die kindjie 'n ongeborge inslag in sy lewe kry, bang is om sy wêreld te verken, laat leer praat en 'n verknoeide spreektaal ontwikkel in nabootsing van die verdraaide taalgebruik van sy versorgster.

(2) Passiewe taalbeheersing gaan geleidelik oor in aktiewe taalgebruik

Die aktiewe taalbeheersing word voorafgegaan deur passiewe taalbeheersing. Dit impliseer dat die kind reeds kan begryp wat die volwassene sê, lank voordat hy daartoe in staat is om homself uit te druk deur middel van taal. Uit alle geluide wat die kind ervaar, leer hy die spraakklanke onderskei waarby hy steun vind in die gesigsuitdrukking van die spreker en die toon waarop gepraat word. Meeste kinders kan op eenjarige leeftyd nagenoeg vier tot vyf woorde waaronder mamma en pappa sê, maar verstaan reeds baie meer. Tot met die agtiende lewensmaand verkeer kinders in die eenwoordstadium waar een woord uitdrukking gee aan 'n hele sin, byvoorbeeld "pappa" kan "pa kom hier" beteken. Sodra die kind sy eerste sinvolle woord kan praat is hy reeds in die vermoë om die taal te gebruik om uitdrukking te gee aan iets - aan 'n wens of aan 'n gemoedstoestand.

(3) Die ontdekking van die simboolsisteem van die taal

Die kind bereik op ongeveer $1\frac{1}{2}$-jarige ouderdom 'n belangrike moment in sy taalontwikkeling wanneer insig in die simboolkarakter van die taal by hom deurbreek, en hy tot die ontdekking kom dat elk van die hom-omringende dinge 'n naam het wat met 'n klanksimbool aangedui word. Aan die hand van die feit dat elke ding 'n naam het en dat die name konstant is, begin die kind die veelheid van voorwerpe om hom heen te orden. Met die oog hierop stel die kind geweldig baie vrae om aldus die name van allerlei dinge te leer ken. Aldus brei die kind se woordeskat uit vanaf ongeveer 20 woorde op 'n ouderdom van agtien maande tot nagenoeg 120 woorde op 'n ouderdom van een-en-twintig maande.

As voorwaarde vir genoemde deurbraak op die gesette rypingstyd, noem Nel dat die ouer, en veral die moeder, genoegsame kontak met die jong kindjie moet maak, met hom moet gesels en aan hom prenteboekies moet toon. Indien aan hierdie voorwaarde nie voldoen word nie, omdat die kindjie heeldag in die hande van bediendes gelaat word, kan die taalskeppingskrag in die kindjie gruwelik vermink, verknoei en vertraag word (6, p. 40).

(4) Verfyning van die taalvermoë van die kind

In die periode tussen die kind se tweede en sesde lewensjaar vind daar 'n geleidelike verfyning in sy taalbeheersing plaas. Hoe fyner en suiwerder die taal ontwikkel, hoe magtiger 'n instrument is dit vir hom in sy wêreldeksplorasie. Hierbenewens vorm verfynde taalgebruik ook die hegte basis waarop die denkontwikkeling sig ontplooi. Die verfynde taalgebruik blyk onder andere uit die $2-2\frac{1}{2}$-jarige se gebruik van sinnetjies wat uit drie of meer woorde bestaan, terwyl die toenemende aantal wanneer-, waar- en hoekom-vrae blyke begin gee van die verband tussen taal en denke.

(f) Samevatting

Dit word aanvaar dat die kind op 5-6-jarige ouderdom reeds sy algemene taalpatroon ontwikkel het. Die veilige, geborge kind wat in 'n rustige huislike atmosfeer opgroei, wat nie die sorg en aandag (veral van sy moeder) ontbeer nie, beskik gewoonlik op sesjarige leeftyd oor 'n verfynde, goed vasgelegde, hoogs bruikbare taalstruktuur. Dié kind egter wat nie sy wêreld as veilige ruimte belewe nie, wat nie geborge voel nie, wat konflikte in sy huislike sfeer ondervind, wat nie in die geleentheid is om sy om-wêreld in veiligheid te eksploreer nie, kan belemmerende tekorte ondervind en ernstige storinge toon in sy taalontwikkeling. Sulke kinders sou genoemde taaltekorte moontlik in 'n mate, of selfs geheel en al te bowe kon kom, indien hul tereg sou kon kom in kleuterskole waarin daar op pedagogies-verantwoordbare wyse, 'n aanvullende diens ten aansien van die opvoedingstaak van die huisgesin gelewer word.

## HOOFSTUK 2

## DIE OPEISENDE AARD VAN DIE TYDSGEWRIG WAARIN ONS LEWE, DIE MEERDERE EISE WAT DIT OOK AAN VOORSKOOLSE KINDERS STEL EN DIE BEPERKINGS WAT DIT OP HUL LÊ

### 2.1 INLEIDEND

Allerweë word toegegee dat die huidige tydsgewrig besonder hoë eise aan elke indiwidu stel. Daar kan verder aanvaar word dat hierdie eise steeds sal toeneem, namate die tempo waarin industrialisasie plaasvind, progressief versnel. Snelle industrialisasie en die versnelling in die werks- en lewenstempo wat daaruit voortspruit, veroorsaak allerlei neurotiese stremminge wat vreemd is aan 'n rustiger en eenvoudiger leefwyse. Onder druk van sulke ekonomiese en maatskaplike omstandighede het sowel die aard van die gesinsfeer as die menslike waardehiërargie, in die afgelope dekades 'n gewisse struktuurverandering ondergaan.

Motiewe wat uit ekonomiese en materiële oorweginge spruit, is dikwels vandag die oorheersende motiewe in ons daaglikse lewe. Hoewel hierdie eeu nog vry algemeen bestempel word as die 'eeu van die kind', word die kind in der waarheid verdring en deur die genoemde materiële en ekonomiese oorweginge grootliks op die agtergrond gedwing. Uiteraard neem genoemde verdringing van die kind in stedelike gebiede groter afmetings aan as op die platteland waar die kind nog in 'n ander, minder opeisende wêreld leef wat hy in eie tempo tot sy eie kan maak.

Aan elke kind word egter die eis gestel om vertroud te raak met 'n wêreld wat steeds in gekompliseerdheid toeneem, terwyl die tyd wat hom daarvoor gegun word uiters beperk is. Aan genoemde eis sal slegs dié kind kan voldoen wat kan reken op verantwoorde pedagogiese steungewing deur belangstellende volwassenes. Sulke verantwoorde pedagogiese steungewing sal rekening moet hou daarmee dat kinders in hierdie moderne tyd van ruimtevaart en massamedia op 'n ander wyse as wat vroeër die geval was, met die gekompliseerde samelewing vertroud gemaak sal moet word. Genoemde vertroudmaking sal uiteraard geleidelik moet plaasvind en wel aan die hand van eksperimentering in die ruimste sin van die woord. In hierdie verband lyk dit belangrik dat die gesin, of waar doenlik die georganiseerde kleuteroorde, die kleuters sal leer en aanmoedig om selfstandige wêreldverkenning te onderneem deur hul te laat verstaan dat dit heeltemal toelaatbaar is om te eksperimenteer.

Indien daar in die gesin of in georganiseerde kleuteroorde nie rekening gehou word met die opeisende aard van die huidige tydsgewrig asook met die fundamentele ontwikkelingsbehoeftes en node van kleuters nie, bestaan daar die wesentlike gevaar dat al hoe meer kleuters verwaarloos sal raak, sal ontspoor, as nerveus of moeilik opvoedbaar bestempel sal word, of by toelating tot die primêre skool as nie-skoolgereed-nie sal vertoon.

Die begrip "verwaarlosing" is vandag nie meer net van toepassing op kinders afkomstig uit ongunstige milieus waar hul sowel liggaamlik as geestelik gebrek gely het nie, maar dikwels ook op uiterlik goedversorgde, welgeklede, goed gevoede kinders uit goeie milieus, wat desondanks sekere pedagogiese tekorte vertoon. Vandag kan daar inderdaad sprake wees van so iets as "elegante verwaarlosing" aangesien kinders met opvoedingstekorte dikwels juis uit die beste sosio-ekonomiese milieus afkomstig is. Omdat dit in die opvoeding gaan om so 'n volledig moontlike ontplooiing van die totale aanleg (alle talente), die volledige persoonlikheid, dui verwaarlosing, in ons tyd, veral op gebrekkige onderkenning en ontplooiing van menslike talente en potensiaal.

Teenswoordig is dit uiters noodsaaklik dat die potensiaal en talente van alle kinders tot volle ontplooiing sal kom, aangesien alle kinders by geboorte in 'n maatskappy tereg kom wat letterlik om hul talente skree (7, p. 137). Hierbenewens bied die huidige tydsgewrig aan hul ook groter moontlikhede as wat ooit tevore die geval was, om al hul talente ten volle te laat gedy of te ontplooi.

Die pedagogiese verwaarlosing van voorskoolse kleuters, wat meebring dat sommige van hulle sku en teruggetrokke is, andere brutaal in die omgang, andere destruktief in hul hantering van objekte en materiaal, dat vele hulself nie sinvol kan besig hou nie, dat enkeles stotter, naels byt of bed natmaak, lê hul wêreldontdekking en die ontplooiing van hul inherente moontlikhede sterk aan bande.

### 2.2 LEEMTES IN DIE OPVOEDING BINNE GESINSVERBAND WAT KAN BYDRA TOT PEDAGOGIESE VERWAARLOSING BY DIE VOORSKOOLSE KLEUTER

#### 2.2.1 Die klein kindjie beleef nie sy gesinsfeer as veilige ruimte nie

Die behoefte van die jong kind bly deur die eeue heen liefdevolle indiwiduele

versorging in 'n sfeer van veiligheid en geborgenheid, gekoppel aan die aangebode moontlikheid om tot volledige groei en ontwikkeling te kan kom (9, p. 172-176).

(a) Die moeder se aandeel om die gesinsfeer veilige ruimte te maak

Genoemde veiligheidsbelewing binne die gesinsfeer, is en bly 'n onmisbare komponent in die gesonde wordingsgang van die jong kind, en setel veral in die persoon van die moeder, as eie, private kontakfiguur. 'n Egte moeder ontvang nie alleen haar kind met vreugde en dankbaarheid nie, maar aanvaar hom ook soos hy is. Sy sal hom, indien enigsins moontlik self voed, met hom speel, liefderik vertroetel, liefdeswoordjies toevoeg en vir hom liedjies sing. Sy sal hom met haar blik en gebare omring, terwyl haar liggaamlike koestering en innerlike resonansie die deurstroming van sy kinderlewe sal bevorder (7, p. 133). Op grond van hierdie en nog veel meer moederlike sorg, maak die kind sy eerste en belangrikste deurbraak deurdat hy sekerheid, geborgenheid en 'n gevoel van veiligheid belewe. Soos vantevore reeds geponeer, is die kind slegs op grond van so 'n veiligheidsbelewing bereid tot eksplorasie en tot eie-wêreldstigting. Aan dergelike moederliefde het elke kind behoefte. Nietemin moet talle kinders van kleins af hierdie tere sorg en veiligheidsbelewing ontbeer omdat die moeders uithuisig is weens buitenshuise werks- of sosiale verpligtinge. Volgens Sellenraad ervaar sulke kindertjies daarmee die eerste vorm van verwaarlosing (7, p. 134).

Die jong kind se veiligheidsbelewing ervaar ook 'n ernstige knou as hy by sy tuiskoms (vanaf uitstappies, speelterrein, kleuterverblyf of skool) sy moeder nie tuis aantref nie. Hoewel die kind wanneer hy tuis kom moontlik net na sy moeder sal roep, en hom dan sodra sy geantwoord het, ongeërg met sy eie sake besig hou, gaan dit vir hom in der waarheid veel dieper. Die antwoord van sy moeder bied naamlik aan hom die sekerheid dat die veilige hawe daar is - en dit is vir hom voldoende. Vanuit hierdie veilige hawe sien hy vir die wêreld kans, omdat hy weet dat hy na veiligheid kan terugkeer as gevare begin dreig.

(b) Jong kinders word dikwels te kort gedoen in hul veiligheidsbelewing deur blootstelling aan die dolle gejaag na geld, sosiale status en plesier, wat mode geword het in die huidige tydsgewrig

Ouers het sogenaamd, vanweë werks- en sosiale verpligtinge, geen tyd meer vir hul kinders nie. Die verskoning van 'geen tyd nie', verbloem egter dikwels die veel ernstiger verskynsel van 'geen liefde nie'. Wie immers sy kinders lief het, sal hul wil leer ken en met hul wil leer saamleef en daarvoor is tyd nodig. Diesulkes sal daar wel tyd voor kan vind - want liefde máák desnoods tyd. Die kind wat hierdie innige binding, hierdie saamwees en saamlewe met sy ouers, weens tydsgebrek moet ontbeer, ervaar 'n ernstige tekort in sy opvoeding wat hom sal benadeel in sy wêreldontwerp waartydens hy noodwendig met ander volwassenes en kinders in vertrouenssituasies sal moet saamwoon en saamwerk. In die saamwees wat hier ter sprake is, is nie die tydsduur deurslaggewend nie, maar wel die aard en gehalte of kwaliteit van genoemde saamwees.

(c) Jong kinders kry dikwels nie genoeg geleentheid tot selfstandige stellingname nie

In die gesinsituasie deurkruis ouers en ook broertjies en susterjies herhaaldelik die wêreldontwerp van die jong kind. Dit in sigself verteenwoordig egter nie noodwendig 'n belemmering nie. Wanneer ouers hulself egter gedurig met die kind se sake bemoei, oorversigtig is, oorbeskermend in hul optrede is, al sy gevegte vir hom veg, bly hy onseker aangaande sy eie moontlikhede en word hy nooit selfstandig nie. Ouers moet dus liefs nie gedurig ingryp, kontroleer, die kind se eie inisiatief demp, of gereed staan om te help nie. Langs hierdie weg word 'n kind nie in die geleentheid gestel om homself te wees of om selfversekerd en op eie unieke wyse ontdekkend op sy wêreld uit te gaan nie. Ook in die kleuteroord moet gewaak word teen gedurige ingryping in die wêreldontwerp van die kleuter en teen die neiging tot oormatige hulpverlening.

2.2.2 Die taalontwikkeling verloop nie bevredigend nie

In noue samehang met die affektiewe verwaarlosing wat in die vorige paragraaf ter sprake was, staan ook die gebrekkige taalontwikkeling of te wel taalverwaarlosing, waaraan kleuters, selfs dié uit gegoede milieus, soms onderworpe is. Soos reeds aangetoon, begin die liefdevol-versorgde kind reeds vroeg vreugdevol brabbel. Daarmee gee hy uiting aan sy behoefte aan geluidsekspressie, maar gee hy ook 'antwoord' op die liefdevolle gesprekkies wat sy moeder met hom voer. Sy lyflike kontak met sy moeder en haar liefdevolle gesprekkies met hom, is vir hom van die allergrootste belang met die oog op sowel sy affektiewe vorming, as sy toekomstige taalontwikkeling. Menige kind moet tans hierdie liefdevolle versorging en gesprekkies ontbeer omdat die moeder weens werks- of sosiale verpligtinge uithuisig is vir die grootste deel van die dag. Dit hou vir sulke kinders die gevaar van pedagogiese verwaarlosing in die breë, maar

meer spesifiek ook verwaarlosing van die affektiewe en taalverwaarlosing in. Wanneer sulke kinders boonop vir lyflike versorging op nie-Blanke versorgsters aangewese is, bestaan daar die wesentlike gevaar dat hulle 'n ongeborge inslag in hul lewe sal kry en bang (angsvol) sal wees om hulle aan wêreldontdekking te waag. Sulke kinders leer dikwels baie laat eers praat en ontwikkel meermale 'n nabootsing van die geradbraakte taal van die versorgster, 'n uiters onbeholpe, verknoeide spreektaal. Die kleuter kan alleen tot insig in die simboolsisteem van die taal, tot verfyning van sy taalvermoë en tot verbreding van sy taalgebruik kom, as die moeder en ander volwassenes hulself die moeite getroos en die tyd gun om voortdurend met die kleuter taalkontak te maak deur met hom in gesprek te tree. Die taalpatroon van die 5-6-jarige kleuter is al so gevestig dat die afleer van verkeerde of onbeholpe taalgebruik en die aanleer van beter taalgewoontes uiters moeilik geskied. Waarskynlik sou kleuters wat aan taalverwaarlosing onderworpe is, wel deeglik daarby kon baat indien hul vroegtydig in kleuterskole tereg sou kom, waar daar spesiale voorsiening vir die aanvulling van sulke taaltekorte gemaak kan word.

2.2.3 Die kleuter kry nie voldoende geleentheid tot wêreldverkenning nie

Die kleuter wat aanvanklik die wêreld as kultuurlose betree, kan slegs tot die kultuur kom deur allerlei grondervaringe op te doen. Hy het dan ook behoefte aan wêreldverkenning deur dinge self aan te pak. Alleen deur direkte kontak met die dinge kan hy hulle leer ken en benut. In die moderne samelewing word aan hom dikwels nie hierdie kans gegun nie, omdat hy nie met die dinge wat in sy huis te vinde is, mag speel nie. Derhalwe is daar vir hom weinig ontdekkingsmoontlikhede en gevolglik weinig geleentheid om op selfstandige wyse tot ontplooiing van eie moontlikhede te kom. Binne gesinsverband word die kleuter se wêreldverkenning deur allerlei beperkinge aan bande gelê soos die volgende:

(1) Die ouers se oordrewe sin vir netheid

Volwassenes is dikwels besiel met 'n oordrewe sin vir netheid. Gevolglik is daar ouers wat hul netjiese huis of woonkamer eenvoudig net nie aan die kind beskikbaar stel vir die opdoen van grondervaringe nie, omdat hul dit nie omgekrap wil hê nie. Hul vind dit moeilik om hul te versoen met die ongekultiveerde liefhebberye van kinders en met hul behoefte daaraan om alles te ondersoek, te hanteer, te beproef en daarmee te eksperimenteer. Moeders sal egter moet leer besef dat die kleuter se morsery met modder en water, die bemorsing van sy klere, die hantering van objekte, gaan om die opdoen van noodsaaklike grondervaringe.

Nou is dit juis so dat die wêreld-om-die-kind-heen deesdae reeds so gekompliseerd en gekultiveerd is dat daar vir hom weinig geleenthede en moontlikhede oorbly om grondervaringe op te doen. Belet die ouer hom dus nog om binne gesinsverband ervaringe op te doen, word die reeds beperkte moontlikhede nog verder verskraal. In die digbewoonde stedelike gebiede en veral in woonstelkomplekse is dit reeds so erg dat die kind geen water en sand, geen plante of diere, selfs geen kinders van sy eie ouderdom naby hom het nie. As daar nog water beskikbaar is, mag hy nie daarmee speel nie omdat hy die vloere bemors, sy klere nat maak, alles vuil maak. Sulke kinders kan in 'n kleuteroord waar hul toegelaat word om alle objekte te hanteer, om met sand, water en modder te speel, waar daar nie sulke oordrewe waarde aan netheid geheg word nie, makliker die noodsaaklike grondervaringe opdoen met die oog op eie-wêreldstigting.

(2) Die eenduidigheid van voorwerpe wat die kleuter in sy huis aantref

Elke voorwerp wat die kleuter in sy huis aantref, word deur die volwassenes slegs vir één doel gebruik en het dus vir hulle slegs één betekenis. Heel anders is die kind se benadering, aangesien hy 'n voorwerp gebruik vir die doel waarvoor hy dit benodig. Heel gemaklik kan die stoel dus benut word as borswering of die asbak as helm. So is daar in elke huis talle voorwerpe wat die kleuter aanlok en vir hom allerlei moontlikhede inhou, maar wat die volwassene nie graag aan hom beskikbaar stel nie, omdat dit breekbaar, onvervangbaar of selfs lewensgevaarlik mag wees.

Die voorwerpe wat die kleuter in die kleuteroord aantref, is spesiaal ontwerp om hanteerbaar te wees en om nie vir hom gevaar in te hou nie. Sulke voorwerpe wat vir hom ter beskikking staan leen hul tot die opdoen van grondervaringe en is nie so eenduidig soos die gebruiksvoorwerpe tuis nie.

Buitenshuis tref die kind wat gelukkig genoeg is om in 'n privaathuis met eie erf te woon, gelukkig 'n minder eenduidige wêreld aan. Die stokke, stene, blikke en takke, wat hy daar aantref kan hy na goeddunke benut na gelang van waarvoor hy dit benodig. Die kind wat in 'n woonstel woon, is nie so gelukkig nie want selfs die voorwerpe wat hy in speelparke aantref soos swaaie en wipplanke, is uiters eenduidig. Kleuters kan waarskynlik slegs op die terrein van 'n kleuteroord voorwerpe aantref wat wendbaar en

aanwendbaar is vir die doel waarvoor hulle dit wens te benut.

(3) Die beperkte ontdekkingsmoontlikhede in beknopte wooneenhede

As ontdekkingsveld bied die beknopte wooneenhede soos aangetref in moderne woonstelkomplekse aan die kind uiteraard slegs uiters beperkte ontdekkingsmoontlikhede. Sodra die kleuter alles in hierdie beperkte leefwêreld soos begrens deur die woonstelmure ondersoek het, wil hy graag die grense van sy wêreld wyer uitstoot. Dit kan hy weens drukke straatverkeer nie met veiligheid buite die woonstel doen nie. Speelparke en oop ruimtes kan in dié verband van nut wees, maar word selde deur die kleuter beleef as veilige ruimte waarin hy in geborgenheid kan eksperimenteer. Sulke kleuters sou waarskynlik met meer vrug in die geborge speelruimte van 'n kleuteroord hul wêreldverkenning kon doen in die sekere wete dat hul, wanneer gevare sou dreig, sal kan reken op die hulp en steun van die kleuterleidster.

2.2.4 Kinderspel kom nie tot sy reg nie

(a) Inleidend

Die wêreld van die voorskoolse kind is nog by uitstek speelwêreld. In sy spelende uitgaan op die wêreld, tree hy in kommunikasie met objekte, leer hy dinge ken en stig hy eie-wêreld. Die basiese spelbehoeftes van die ontwikkelende kind is vandag nog fundamenteel dieselfde as vroeër, maar dreig om in verdrukking te geraak weens die groot veranderinge wat besig is om hul in die maatskappy te voltrek. Die hoogs gespesialiseerde en gekultiveerde wêreld waarin ons lewe, werk dikwels belemmerend in op die kinderspel. In hierdie tydsgewrig waarin dikwels te hoë eise aan die indiwidu gestel word, kom ook die kind in gedrang wanneer uit die oog verloor word dat die kinderlike bestaanswyse juis 'n spelende bestaanswyse is.

(b) Beperkinge wat binne die gesinsfeer op kinderspel gelê word

Binne gesinsverband en in noue samehang met behuisingsomstandighede, word allerlei beperkinge op kinderspel gelê, soos die volgende:

(1) Talle ouers stel nie hul huis of woonkamer met die gebruiksvoorwerpe daarin vir die kind beskikbaar as speelruimte nie. Oorwegings soos netheid, sindelikheid, ordelikheid of selfs die beveiliging van die kind, is gewoonlik deurslaggewend by die neem van so 'n besluit. Om te vergoed vir die beperkinge wat aldus op die kind se speelgeleenthede gelê word, rig ouers graag 'n speelkamer in. Dit is, ten spyte van al die speelmoontlikhede wat dit bied, selde 'n sukses. Klein kinders speel nie graag daarin nie omdat hul nie afgesonder wil wees van die res van die gesin nie. Hulle wil 'n volle aandeel hê aan en ten volle deel wees van die totale gesinslewe. Waar die ouers en ouer broertjies en sussies is, wil hul ook wees. Hulle is immers ook deel van die gesin en voel sterk aan dat hul by die ander gesinslede tuishoort.

(2) Die speelgoed wat as substituut aan die kind gebied word met die oog op die opdoen van grondervaringe, voldoen nie deurgaans aan die eise waaraan dit behoort te voldoen nie. Vanselfsprekend kan daar van reg gekose en goed gehanteerde speelmateriaal 'n positiewe ontwikkelende invloed uitgaan. Goeie speelgoed behoort 'n tweeledige funksie te vervul deur dit vir die kind moontlik te maak om op 'n veilige wyse allerlei grondervaringe op te doen, en hom daartoe in staat te stel om ervaringe wat hy elders beleef het deur selfstandige herhaling vir homself te verwerk (8, p. 263). Deur die gebruik van goedgekose speelmateriaal waaronder sand, water, klei en vingerverf, kan die kind se skeppingsdrang, sy fantasie en sy behoefte daaraan om te eksperimenteer, langs die weg van eie aktiwiteit tot uiting kom.

Vanselfsprekend maak behuisingstoestande en by name woonstelbewoning dit onmoontlik om genoemde speelmateriale te benut. Die dwergspeelgoed soos miniatuurkarretjies, stofies, poppies en teestelletjies, wat as substituut in die woonstelkind se hand gestop word, stel hom nie daartoe in staat om die nodige grondervaringe op te doen nie. Sulke speelgoed is dikwels eenduidig, geslote van struktuur, te ingewikkeld, breek te maklik en haal hom dan die gramskap van sy ouers op die hals. Van sulke speelgoed is weinig grondervaringe op te doen.

(3) Beknopte behuisingstoestande plaas 'n demper op die kind se drang tot bewegingsvryheid en tot ruimtelike verkenning. Die kleuter wat huppel, draf, hardloop, spring, wegkruipertjie speel en dans, is nie slegs besig om sy eie bewegingsmoontlikhede te beproef en te ondersoek nie, maar is ook besig met ruimte-eksplorasie met die oog op die bepaling van sy eie plek in die ruimte.

Uit hoofde van hul gesitueerdheid moet ouers wat in woonstelle woon dikwels onredelik hoë eise aan kleuters stel, naamlik om nié te spring, te hardloop, te skreeu of deel te hê aan raserige bedrywighede nie, aangesien sulke bedrywighede steurend mag wees vir die onmiddellike bure. Sulke eise hou vanselfsprekend nie rekening met die basiese ontwikkelingsbehoeftes van die kleuter ten aansien van eie bewegingsmoontlikhede en ruimtelike eksplorasie nie.

Soos verwag kan word, lewer die drukke straatverkeer met die gevare wat dit inhou, asook die gebrek aan oop ruimtes waar kinders vryelik kan speel, 'n bydrae tot die verskraling van speelgeleenthede, tot spel-verarming en tot inperking van spelmoontlikhede. Omdat speel op straat lewensgevaarlik geword het, het bepaalde spelvorme soos hoepels, tolle en balle reeds verdwyn uit die straatbeeld. Insgelyks het loop, klim en hardloopspeletjies waarvoor daar oop ruimtes nodig is, bykans geheel en al van die toneel verdwyn. Dit kan nie anders as nadelig wees vir die kind wat al spelend behoort te ontwikkel, wat homself en die medemens asook die wêreld al spelende behoort te ontdek nie. "Speelruimte, speeltijd, speelgoed en spelkameraad moeten het opgroeiende mensenkind ten dienste staan, zowel thuis als buiten en op school, wil een harmonische ontwikkeling tot stand komen" (7, p. 106).

Uit voorgaande blyk duidelik dat vele voorskoolse kinders wat gelukkig genoeg is om binne gesinsverband opgevoed te word, desondanks tekorte kan beleef ten aansien van geborgenheid, taalontwikkeling, spelgeleenthede asook wêreldontdekking in die breë.

## 2.3 LEEMTES IN DIE OPVOEDING BINNE INRIGTINGS WAT KAN BYDRA TOT DIE PEDAGOGIESE VERWAARLOSING VAN DIE VOORSKOOLSE KLEUTER

Dat die voorskoolse kind beste daaraan toe is by sy moeder en dat hy deur haar versorg en opgevoed behoort te word, is ook in hierdie tydsgewrig nog 'n geldige hipotese. In die praktyk egter, gebeur dit nou dikwels dat kinders weens chroniese siektetoestande vir lang periodes in hospitale of verpleeginrigtings tereg kom. Hierbenewens beland talle kleuters wat wees gelaat is, asook andere uit gebroke huise, in een of ander soort inrigting of versorgingsoord. Sulke kinders moet die warme koestering van 'n eie moeder ontbeer. Dit is 'n bekende feit dat sommige van hierdie kinders ten spyte van die uitmuntende liggaamlike versorging wat hul te beurt val, wegkwyn en selfs sterf, terwyl andere 'n agterstand in hul ontplooiing vertoon. Hierdie verskynsel wat as hospitalisme bestempel word, spruit waarskynlik uit onvoldoende veiligheidsbelewing en verwaarlosing van die affektiewe.

Ook die kind in 'n verplegings- of versorgingsoord het behoefte aan liefdevolle individuele versorging in 'n veilige en geborge sfeer, om tot volledige ontwikkeling en ontplooiing te kan kom. In inrigtings kom hiervan meermale egter weinig tereg. Welmenende volwassenes laat dikwels die klem in sulke inrigtings slegs val op uitmuntende liggaamlike versorging. Volgens hulle oordeel is 'n kind voldoende versorg as hy op gesette tye gevoed en gereinig word, toegelaat word om te slaap, van gevare gevrywaar en teen siektetoestande beskerm word. Met die feit dat 'n eie private kontakfiguur absoluut essensieel is vir die veiligheidsbelewing en die gesonde affektiewe ontwikkeling van die kleuter, kan in sulke inrigtings dikwels geen rekening gehou word nie.

Dit is vir die jong kind in 'n inrigting 'n geweldige opgaaf om die liefde en sorg van die moederfiguur (sy dit huismoeder, verpleegster of versorgster) te moet deel met ander kinders van sy eie ouderdomsgroep, wat deur hom as konkurrente vir haar sorg, aandag en liefde beleef word. Voorskoolse kleuters het in die jare wanneer hul druk besig is om probleme in hul persoonlikheidsontwikkeling te verwerk en om verhoudinge te stig, behoefte aan die hulp en steun van 'n volwassene wat hoewel op die agtergrond, altyd beskikbaar staan as aksepterende, kontrolerende en goedkeurende kontakfiguur. Die <u>wyse</u> waarop kleuters in inrigtings deur kontak-volwassenes bejeën word, is deurslaggewend vir hul verdere ontwikkelings- en opvoedingsverloop. By 'n te onpersoonlike versorging wat hoofsaaklik op die liggaamlike toegespits is, bly die kind wel aan die lewe en groei selfs uiterlik gesond en normaal op, maar omdat die affektiewe vorming skade gely het, kom daar meermale uitvalle in die persoonlikheidsontwikkeling voor.

Uiteraard vereis die aanvulling van leemtes in die affektiewe gevormdheid of in die persoonstruktuur van verwaarloosde kleuters die uiterste sorg en aandag. In klein huislike kleuterverblywe waar klein groepies kleuters aan die sorg van pedagogies deeglik-onderlegde kleuterleidsters toevertrou word, kan menige tekort in 'n kleuter se affektiewe gevormdheid, in sy belewing van geborgenheid, asook in sy taalvermoë, met verdrag reggestel word.

2.4 DIE SINVOLHEID AL DAN NIE VAN DIE VERSKYNSELS KLEUTERBEWAAROORD/KLEUTERSKOOL OP DIE LANDSKAP VAN DIE VOORSKOOLSE KIND

Die bestaan van voorskoolse kleuterversorgingsoorde skyn alleen op pedagogiese gronde regverdigbaar te wees mits sulke oorde sinvol vertoon op die kleuterlandskap. Dit op sy beurt, is weer slegs moontlik indien genoemde oorde 'n wesentlike bydrae kan lewer tot die kleuter se gevormdheid, sy konstituering van eie wêreld en tot sy daarstelling van 'n eie wêreldbeeld. Indien elke kind binne gesinsverband opgevoed sou kon word en mits die gesin sy opvoedende funksie na behore sou vervul, sou daar uiteraard geen behoefte ontstaan aan 'n aanvullende opvoedingsbemoeienis in kleuterbewaaroord of kleuterskool nie.

Indien die gesinsopvoeding, of die opvoeding wat kleuters in inrigtings ontvang, egter mank gaan aan sekere gebreke, sodat die voorskoolse kind tekorte beleef in sy geborgenheid, sy spelmoontlikhede, sy speelgeleenthede, sy taalverwerwing - tekorte wat hom sal kortwiek in sy wêreldontdekking en in sy konstituering van eie wêreld - kan die kleuterversorgingsoord, indien dit aanvullend of selfs verhelpend ten aansien van sulke tekorte kan funksioneer, inderdaad sinvol vertoon op die kleuterlandskap. Die bydrae wat so 'n aanvullende hulpdiens in belang van die vorming van die kleuter kan lewer, asook ter voorkoming van misvorming, vertoon inderdaad sowel sinvol as pedagogies verantwoordbaar, veral uit hoofde van die feit dat talle kinders nood het daaraan.

2.5 REDES WAAROM KLEUTEROORDE SINVOL VERTOON OP DIE LANDSKAP VAN MENIGE HEDENDAAGSE KLEUTER

2.5.1 Die struktuurverandering wat die gesin ondergaan het en die tekorte wat die gesinsopvoeding toon

Die basiese behoeftes van die hedendaagse kleuter bly nog fundamenteel dieselfde as wat dit in die verlede was, maar dreig om in die verdrukking te geraak weens die groot veranderinge wat besig is om hul in die samelewing te voltrek. Onder druk van sowel ekonomiese as maatskaplike strominge het ook die gesinsopvoeding in die afgelope dekades 'n gewisse struktuurverandering ondergaan, wat beslis nie die kleuter altyd ten goede gekom het nie. Weens die groot gejaagdheid wat die moderne tydsgewrig kenmerk, is daar weinig tyd vir die medemens oor. Die feit dat ook die ouer weinig tyd het om aan die kleuter te bestee, het meegebring dat menige kind weens verwaarlosing in die verdrukking geraak het. As gevolg van die uithuisigheid van talle moeders weens werks- of sosiale verpligtinge is kleuters dikwels op die genade van nie-Blanke versorgsters aangewese, of kom op heel jeugdige leeftyd vir die volle werksdag of 'n deel daarvan in groepsverband in een of ander kleuteroord of kleuterskool tereg.

2.5.2 Die toename in die aantal kleuters wat weens huislike omstandighede aangewese is op versorging in inrigtings

Benewens die kleuters wat binne gesinsverband aan verwaarlosing blootgestel is, is daar ook nog duisende weeskinders of kinders uit gebroke huise wat in versorgingsinrigtings beland, waar nie altyd voldoende aandag aan hul affektiewe node bestee kan word nie, met die gevolg dat pedagogiese verwaarlosing meermale onder hulle voorkom. Die doelgerigte, pedagogies verantwoorde bemoeienis wat met die kleuter in die kleuteroord gemaak word, kan waarskynlik 'n betekenisvolle bydrae lewer ter aanvulling van tekorte, of selfs ter voorkoming van pedagogiese verwaarlosing. Uiteraard sal die bemoeienis met die voorskoolse kind op genoemde vlak altyd as aanvullend tot die gesinsopvoeding moet fungeer in die geval van kinders wat binne gesinsverband opgroei, terwyl dit in die geval van die inrigtingskind waarskynlik grootliks plaasvervangend sal moet funksioneer.

2.6 SAMEVATTING

Gesien vanuit die gesitueerdheid van talle kleuters, wat weens gebrekkige gesins- of inrigtingsversorging allerlei tekorte in hul pedagogiese vorming beleef, begin die verskynsel kleuterversorgingsoord/kleuterskool gaandeweg al hoe sinvoller op die kleuterlandskap vertoon. Kan die kind nie binne die gesins- of inrigtingsituasie die nodige geborgenheid belewe nie, kom sy taalontwikkeling en speelse wêreldeksplorering nie tot hul reg nie, dan het hy nood aan 'n oord waar hy, vanuit veilige hawe, sy wêreld kan verken met taal en spel as hulpmiddele. Vir menige kind sal genoemde geborgenheid, speelgeleentheid en geleentheid om sy taal te ontwikkel en te verfyn slegs bekombaar wees in klein huislike kleuteroorde en onder die simpatieke en liefdevolle gesagsleiding van 'n pedagogies deeglik-onderlegde kleuterleidster. Dergelike kleuteroorde wat werklik deur die kleuter as aanvulling van sy gesins- of inrigtingsopvoeding belewe kan word, waarin hy aanvaard en veilig voel, waar hy homself durf wees, omdat alles daar in 'n aangename sfeer van huislikheid en begrip van sy moontlikhede en beperkinge verloop, vertoon beslis sinvol op die landskap van menige verwaarloosde kleuter.

2.6.1 Die betekenis wat die kleuterskool vir menige kleuter kan hê

Volgens Pulles (8, p. 265) het die kleuterskool in die loop van tyd verskillend geaksen-

tueerde betekenisse gehad. Vroeër was die kleuterskool bloot daar om die kind op te berg, te bewaar, vir bepaalde tye van die dag. Die meerdere insig wat verkry is in die tipies eie bestaanswyse van die kind, het tot gevolg gehad dat daar intensief gesoek is na nuwe moontlikhede waarmee kleuterskoolkinders hulself besig kon hou, sodat hul op eie houtjie, langs die weg van aangepaste besighede, 'n eie-wêreld binne die skool tot stand kan bring.

2.6.2 Die kleuterskool is afgestem op die kinderlike bestaanswyse

(a) Die kleuterskool hou rekening met die kind se behoefte aan ontwikkeling in eie tempo

In die volwassene-wêreld buite die kleuterskool word daar aan die kleuter die eis gestel om so spoedig moontlik in te pas in die volwassene-lewenspatroon en te voldoen aan die eise van die volwassene-wêreld. Dit kan belemmerend inwerk op die harmoniese en ewewigtige ontplooiing van die voorskoolse kleuter. Binne die kleuterskool geniet die kind beskerming teen die tè hoë eise wat die buitewêreld aan hom stel. Hier kan hy in 'n wêreld wat op sy behoeftes en vermoëns ingestel is, teen 'n eie tempo ontplooi.

(b) Die kleuterskool hou rekening met die kind se behoefte daaraan om grondervaringe op te doen

In die kleuterskool beweeg die kind in 'n wêreld wat aangepas is by sy kinderlike bestaanswyse, wat aan hom volop geleentheid bied om grondervaringe op te doen. In teëstelling met die volwassene-wêreld waarin daar vir hom min tyd en geleentheid is om grondervaringe op te doen omdat gedurig van hom vereis word om hom volwasse te gedra, kan hy in die kleuterskool sy eie kinderlike gang gaan, op eie natuurlike wyse en in eie tempo die nodige grondervaringe opdoen. Onder die grondervaringe van fundamentele belang waarmee hy hier gekonfronteer word, tel onder andere sake soos:

(1) Menseverhoudings

Die kleuter leer hier om saam te leef met tydgenote wie se temperament, geaardheid en selfs leefwyse aanmerklik van sy eie mag verskil. By wyse van kontraste belewe hy die andersheid van die ander: die sagte, toegeeflike teenoor die opeisende, baasspelerige; die hulpvaardige, hulpverlenende teenoor die hulpbehoewende, hulpsoekende; die opvlieënd, driftige teenoor die gemoedelik vriendelike; die oorversigtig, terughoudende teenoor die robuuste, enigiets-aandurwende. Algaande leer hy die ander se eienskappe ken en vind hy dit moontlik om sy weg deur die kleuterskool botsingvry te bewandel deur rekening te hou, nie net met wat hy self wil nie, maar ook met die wense en begeertes van ander.

(2) Die eienskappe en gebruikswaarde van voorwerpe

Deur die hantering van die dinge leer die kleuter hul eienskappe sowel as hul benaminge ken. Aan die hand van hierdie kennis orden hy die veelheid van dinge om hom. Gaandeweg verwerf hy nuwe vaardighede in die hantering van voorwerpe en kom tot nuwe insigte insake hul gebruikswaarde en benuttingsmoontlikhede. Juis in die feit dat elke voorwerp hier, anders as wat die geval in die ouerhuis is, vir die kleuter ter beskikking staan vir die opdoen van grondervaringe, lê die groot betekenis wat die kleuterskool vir menige kleuter het.

(c) Die kleuterskool voorsien in die kleuter se behoefte aan speelkameraadjies

Anders as in die gesinsituasie waar die kleuter dikwels geen speelmaatjies het nie, is daar in die kleuterskool genoeg maats beskikbaar om mee saam te speel wanneer hy behoefte daaraan het. Ook in sy saamspeel met ander is hy besig om te voldoen aan die imperatief om eie-wêreld te stig en om in dialoog te tree met die medemens en met die dinge. In die groot, dog veilige en geborge ruimte wat die kleuterskool hom bied, kan hy sy behoefte aan beweging bevredig deur vryelik te stap, te hardloop en te speel.

(d) Die kleuteroord hou rekening met die beperkinge waaraan die voorskoolse kind onderhewig is

Met die beperkinge waaraan kleuters onderhewig is, word dikwels in gesinsverband geen rekening gehou nie, met die gevolg dat daar meermale te hoë eise aan kleuters gestel word. In die kleuterskool word onder andere met die volgende beperkings waaraan 'n kleuter onderhewig is rekening gehou:

(1) Sy taalvermoë en taalbeheersing laat nog heelwat te wense oor. Gevolglik kan hy hom nog nie na wense in die spreektaal uitdruk, of goed en vir lang periodes na 'n ander luister nie. Hy moet dus in die geleentheid gestel word om sy taalvermoë te oefen en te verfyn.

(2) Sy aandag fluktueer en hy is gevolglik nie daartoe in staat om lank met een ding besig te bly of vir lang periodes te konsentreer nie.

(3) Hy ken nog nie al die reëls van die maatskaplike verkeer nie en het behoefte aan 'n volwassene om hom die weg te toon.

(4) Hy is nog nie selfstandig genoeg om allerlei faktore in berekening te bring en met allerhande dinge rekening te hou nie, en het nood aan 'n aksepterende, kontrolerende, rigtingaanwysende kontak-volwassene.

2.6.3 Gevare wat in georganiseerde kleuteroorde verskuil mag lê

Hoewel die kleuterskool afgestem is op die kinderlike bestaanswyse, bly dit nietemin 'n groot opgaaf vir 'n kleuter om vanuit die bekende huislike sfeer dié van die onbekende kleuteroord te betree. Dit is belangrik dat hy in hierdie nuwe omgewing homself mag wees, aanvaard sal voel, en nie aan oorbelading blootgestel sal word nie. Ongelukkig is dit nou juis so dat kinders in sekere kleuterversorgingsoorde, maar veral dié in kleuterskole, dikwels slagoffers is van gebrekkige aanvaarding, konformisme en oorbelading.

(a) Gebrekkige aanvaarding

Die gevoel van veiligheid wat uitgaan van die gevoel van aanvaarding, is uiters belangrik vir die affektiewe vorming van 'n kind. Die moeder is by uitstek die persoon wat, op grond van haar biologiese binding met haar kind, hom die maklikste kan aanvaar soos hy is. Die ingesteldheid van menige kinderversorgster of kleuterleidster is egter dikwels totaal anders en die bereidheid om die kind te aanvaar soos hy is, ontbreek dikwels. Daar is meermale 'n neiging om die rolle om te draai en om die kleuter só te beïnvloed dat hý die kleuterleidster aanvaar. Langs hierdie weg kom geen kind egter tot die belewing van die kleuteroord as veilige, geborge ruimte, of van die kleuterleidster as moedersubstituut nie.

(b) Konformisme

Waar kinders in groepsverband tereg kom, word meermale die eis gestel dat hul moet konformeer. Op behendige wyse word kleuters aan die hand van allerlei vernuftige maatreëls tot 'n skynaanpassing aan die belange van die groep of aan die wense van die kleuterleidster gedwing. Vanselfsprekend kan dit slegs geskied met prysgawe van eie identiteit en van persoonlike wense, voorkeure en eksplorasiewyses.

(c) Oorbelading

Kleuters in kleuteroorde word dikwels aan die hand van vernuftig gekose spelmateriaal of deur die stimulering van kreatiewe spel uitgelok om meer te doen as wat hul kragte toelaat. Sulke oorbelading met die oog op die verkryging van 'n uiterlike prestasie wat aan volwasse standaarde meetbaar is, verteenwoordig roofbou op die kleuter.

'n Groot deel van 'n kleuter se ontwikkeling behoort innerlik te geskied sonder enige uiterlik sigbare of meetbare prestasies. Uiterlike prestasie geskied dan ook meermale ten koste van die so belangrike innerlik verlopende ontwikkeling. Veral in sogenaamde "kleuterskole" word meermale te hoë eise aan kleuters gestel om sigbaar te presteer. Juis in die begrip skool as instelling waarvan mense tasbare, sigbare, meetbare resultate verwag, lê 'n bedreiging verskuil vir kleuterontplooiing en -wording. Die formeel skoolse lees, skryf en reken wat aan sommige kleuterskole bedrywe word, ressorteer onder die bedrywighede wat gaan om uiterlik sigbare, meetbare prestasie en verteenwoordig 'n oorbelading van die kleuter.

## HOOFSTUK 3

## WÊRELDTENDENSE TEN AANSIEN VAN GEORGANISEERDE PRE-PRIMÊRE OPVOEDING MET VERWYSING NA DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN NA SUIDWES-AFRIKA

### 3.1 ALGEMENE TENDENSE EN BESKOUINGE IN OORSESE LANDE

#### 3.1.1 Voorskoolse opvoeding

In feitlik elke land ter wêreld word een of ander vorm van georganiseerde pre-primêre opvoeding aangetref. Sulke georganiseerde pre-primêre of voorskoolse opvoeding vind gewoonlik plaas aan inrigtings wat deur kinders bygewoon word in die periode wat aan hul formele opleiding, wat met skoolplig gepaard gaan, voorafgaan. Juis die feit dat dít wat hierdie inrigtings aan die kind bied, as georganiseerde voorskoolse opvoeding bestempel word en nie as formele onderwys of instruksie nie, dui op 'n belangrike stellingname. Dit lei daartoe dat daar in meeste van hierdie voorskoolse inrigtings aan kinders 'n breë funksionele vorming gebied word ter aanvulling van die opvoeding wat hul tuis ontvang. Hierbenewens word hul op informele wyse gelei om praktiese ervarings op te doen, aan die hand waarvan hul voorberei word op latere formele kennisverwerwing en op skoolbywoning.

#### 3.1.2 Bestaansreg van voorskoolse opvoedingsinrigtings

Allerweë word aanvaar dat die bestaansreg van sulke voorskoolse opvoedingsinrigtings spruit uit elke kind se onvervreembare reg op 'n pedagogies deeglik verantwoorde vorming. Die opvoedingsbemoeienis in genoemde inrigtings kan in die geval van menige kind wat tuis in sy opvoeding tekorte beleef, 'n belangrike aanvullende diens lewer. Hierbenewens kan dit in die geval van weeskinders, of kinders wat weens huislike omstandighede in versorgingsoorde beland, selfs plaasvervangend funksioneer vir die huislike opvoeding wat diesulkes uiteraard moet ontbeer.

#### 3.1.3 Voorskoolse opvoedingsinrigtings misken nie die ouer se opvoedingstaak nie

Vry algemeen word aanvaar dat die daarstelling van sulke georganiseerde voorskoolse opvoedingsinrigtings geensins dui op 'n miskenning van die ouer se onvervreembare reg om self en alleen verantwoordelik te wees vir die opvoeding van sy voorskoolse kind, indien hy dit sô sou verkies nie. Juis omdat dit inbreuk sou maak op die goeie reg van die ouer, sou dit moeilik verantwoordbaar wees indien die bywoning van voorskoolse opvoedingsinrigtings verpligtend gemaak sou word vir alle voorskoolse kinders, of selfs vir diegene wat in sekere ouderdomsgroepe ressorteer.

#### 3.1.4 Voorskoolse leergebeure is informeel

Uiteraard mag sulke georganiseerde voorskoolse opvoedingsinrigtings nie nuwe inhoud gee aan die tradisionele voorskoolse opvoedingsgebeure nie. Rekening moet gehou word daarmee dat die opvoedingsaspek primêr is in die bemoeienis met die kind binne gesinsverband. Terwyl niemand sou wou ontken dat die voorskoolse kind ook by geleentheid sekere dinge moet leer nie, is die voorskoolse leergebeure uiteraard informeel en dikwels toevallig van aard. Daarom behoort daar in die voorskoolse opvoedingsinrigtings ook geen sprake te wees daarvan om die kind op doelbewuste formele wyse te konfronteer met leeropgawes, waaronder lees-, skryf- en rekenopgawes nie. Dat die kind wel in sy algemene breë vorming ook gaandeweg op informele wyse voorberei sal word daarop om eendag op formele wyse te kan kennis verwerf, word egter allerweë aanvaar.

#### 3.1.5 Kriteria waaraan voorskoolse opvoedingsinrigtings moet voldoen

Om allerweë aanvaarbaar sowel as pedagogies verantwoordbaar te kan wees, moet sulke georganiseerde voorskoolse opvoedingsinrigtings uiteraard aan sekere sorgvuldig geformuleerde kriteria voldoen. Onder die aspekte ten aansien waarvan aan sekere minimumvereistes voldoen sal moet word, is onder andere die fisiese ruimte waaronder geboue en speelgronde; hulpmiddele en uitrusting; personeelkeuring, -opleiding en -voorsiening; die opvoedingsprogram; voertaal en ouerdeelname.

Vervolgens sal sekere algemene tendense ten aansien van die soorte van voorskoolse inrigtings en hul benamings, beheer, finansiering, personeelvoorsiening en -opleiding, gebouestandaarde, opvoedkundige program en so meer, kortliks geskets word. Hierbenewens sal die feitlike toestand ten aansien van genoemde sake in 'n paar Westerse lande, asook in die Republiek van Suid-Afrika kortliks aangedui word, met die doel om daaruit sekere afleidings te maak waaruit moontlike aanbevelings kan voortvloei.

## 3.2 TOESTANDE EN TENDENSE IN OORSESE LANDE VIR SOVER DIT SOORTE VOORSKOOLSE INRIGTINGS EN HUL BENAMINGE ASOOK HUL BEHEER, ORGANISASIE EN FINANSIERING BETREF

### 3.2.1 Soorte voorskoolse inrigtings

Beide wat betref die terminologie en die soorte voorskoolse inrigtings, skyn daar wye uiteenlopendheid te wees op die wêreldtoneel. Feitlik al die lande wat in 'n Unesco-opname betrek is (63 uit 65), het aangedui dat in elk van hulle op een of ander wyse vir voorskoolse opvoeding voorsiening gemaak word (10, p. 12). Hoewel sulke inrigtings gewoonlik as nursery schools of kindergartens bestempel word, is daar wye uiteenlopendheid in die aard van die inrigtings, nie slegs tussen lande onderling nie, maar selfs binne een en dieselfde land.

### 3.2.2 Soorte inrigtings volgens interne organisasie

Op grond van interne organisasie soos onder andere blyk uit die tydsduur van die beplande program, kan daar tussen die volgende inrigtings onderskei word:

(1) Halfdag-inrigtings wat hoofsaaklik 'n opvoedingsfunksie vervul;

(2) voldag-inrigtings wat heeldag oop is, een of twee maaltye verskaf en benewens die opvoedingsfunksie ook 'n versorgingsfunksie vervul;

(3) benewens bogenoemde twee soorte inrigtings wat vry algemeen voorkom, word in sommige lande inrigtings aangetref wat net tydens sekere seisoene fungeer, byvoorbeeld gedurende oestyd, of ander tydperke van intensiewe landboubedrywighede; en

(4) in 'n aantal kommunistiese lande word selfs inrigtings aangetref wat permanent oop is gedurende die vyf- of sesdag werkweek, om vir die kinders van skofwerkers voorsiening te kan maak (10, p. 12).

### 3.2.3 Spesiale soorte voorskoolse inrigtings

In verskeie lande word spesiale voorskoolse inrigtings daargestel om in bepaalde behoeftes te voorsien. So is daar in 'n aantal groot Duitse stede die sogenaamde Schulekindergartens vir kinders van skoolpligouderdom, wat nie ryp genoeg of gereed geag word om voordeel uit die gewone primêre skoolkursus te trek nie. In die Verenigde State van Amerika is daar afsonderlike kindergartens vir buitengewone leerlinge, wat onder andere 'n bydrae lewer tot die vroeë diagnose van verstandelike vertraagdheid.

In onder andere Wes-Duitsland, Roemenië en die Oekraïne is daar inrigtings vir liggaamlik-gestremdes en in die USSR word daar onder andere ook sanatorium-kindergartens aangetref.

### 3.2.4 Wye uiteenlopendheid in benaminge

Bloot op grond van die benaming van 'n voorskoolse inrigting kan weinig of geen sinvolle afleidings gemaak word van die aard of program van die inrigting nie. Die feit dat twee inrigtings albei as kindergarten bestempel word, dui geensins daarop dat hul albei voorsiening maak vir kinders van 'n spesifieke ouderdomsgroep of vir 'n bepaalde opvoedingsprogram nie. Verwarring word verder in die hand gewerk deurdat 'n benaming soos kindergarten op allerlei soorte van inrigtings vanaf 'n bewaaroord (crèche) tot 'n volmondige formele kleuterskool van toepassing gemaak word. Meeste van die lande wat in die Unesco-opname betrek is, bestempel al hul voorskoolse opvoedingsinrigtings as kindergartens (10, p. 11). 'n Groep lande tref egter 'n onderskeid tussen die nursery school en die kindergarten, as sou die twee inrigtings twee opeenvolgende fases van pre-primêre opvoeding verteenwoordig wat soos volg gestel kan word:

(1) Volgens genoemde siening is die nursery school bedoel vir kinders wat jonger is as dié wat normaalweg in 'n kindergarten aangetref word. Die nursery school toon groot ooreenkoms met die bewaaroord (crèche). Die bemoeienis wat met 'n kind in 'n nursery school gemaak word, toon egter 'n sterker opvoedingsinslag as wat die geval skyn te wees in 'n bewaaroord. Die nursery school word vry algemeen aangetref in die Angel-Saksiese lande.

(2) Die kindergarten maak voorsiening vir die effe ouer kleuter wat nog nie skoolpligtig is nie en verteenwoordig meermale 'n soort van oorgang vanaf die nursery school na die gewone primêre onderwys. Soms vervul die kindergarten 'n funksie as voorbereidende skool met die oog op aansluiting by die primêre onderwys.

Uit hoofde van bostaande feite kan die afleiding gemaak word dat daar heelwat verwarring bestaan oor onder andere die benaming en funksie of taak van voorskoolse inrigtings. Groter duidelikheid oor wát presies bedoel word met die benamings bewaaroord (creche), nursery school en kindergarten, asook oor die spesifieke funksie of taak wat elkeen behoort te vervul, sowel as oor die ouderdomsgroeperings van die leerlinge waarvoor elke inrigting voorsiening behoort te maak, sal wesentlik bydra tot die opheldering van wat tans problematies voorkom.

### 3.2.5 Beheer, eksterne organisasie en finansiering

Die beheer oor en finansiering van voorskoolse opvoedingsinrigtings verloop in meeste lande in drie onderskeibare maar nie altyd skeibare fases. In die eerste fase tree indiwidue wat die belange van minderbevoorregte kinders op die hart dra, na vore om sulke inrigtings daar te stel, te finansier en te beheer. Die tweede fase word gewoonlik gekenmerk deur die totstandkoming van filantropiese en/of kerklike verenigings wat sulke voorskoolse versorgingsinrigtings as integrale deel van hul welsynswerk daarstel. Die derde fase, wat die voornoemde twee soms kronologies mag oorvleuel, word gekenmerk daardeur dat die beheer en finansiering van die voorskoolse inrigtings geleidelik oorgaan in die hande van die amptelike owerhede, sy dit op staats-, provinsiale of gebiedsvlak. Die oorname van die beheer oor en finansiering van voorskoolse inrigtings, lei in sommige gevalle daartoe dat genoemde inrigtings geïnkorporeer word in die openbare skoolstelsel waarvoor só 'n owerheid die verantwoordelikheid dra.

Volgens die Unesco-ondersoek waarop 63 lande gereageer het, wissel die voorsiening van pre-primêre opvoedingsinrigtings vanaf 'n paar private of munisipale inrigtings in sekere lande, tot 'n uitgebreide netwerk van publieke inrigtings in ander, waar dit die aanvangsvlak vir die pre-primêre onderwys verteenwoordig. In meer as driekwart van genoemde lande is daar sowel inrigtings wat onder private beheer staan, as inrigtings wat onder publieke beheer staan (10, p. 16).

(a) Publieke beheer

In nie minder as tien lande nie, is daar slegs publieke voorskoolse opvoedingsinrigtings, wat van owerheidsweë beheer en in stand gehou word. In verreweg die meeste lande bestaan daar egter naas die private instellings 'n min of meer gestandaardiseerde vorm van publieke pre-primêre opvoeding onder staatsbeheer. Waar die owerheid publieke voorskoolse inrigtings daarstel, kan dit op nasionale, provinsiale of lokale vlak geskied, na gelang van die organisatoriese struktuur van die onderwys in die breë.

In sowat die helfte van die lande wat in die ondersoek betrek is, berus die beheer en finansiering geheel en al of gedeeltelik by die sentrale regering. Sommige van hierdie lande beskik egter ook oor publieke inrigtings wat onder die beheer van provinsiale of lokale bestuursliggame ressorteer.

In 'n sestiental lande egter, waaronder Wes-Duitsland, Engeland en Switserland, berus die beheer, organisasie en finansiering van publieke pre-primêre opvoeding uitsluitlik of hoofsaaklik by streeks- of lokale owerhede (10, p. 16, 17).

(b) Private beheer

Privaatbeheerde instellings vervul nog 'n belangrike funksie in 'n groot aantal lande. In talle lande het private inisiatief 'n groter aandeel aan voorskoolse opvoeding as wat die staat het, terwyl dit in nie minder as sewe lande nie die enigste verskaffer van voorskoolse opvoedingsfasiliteite en inrigtings is.

Private inisiatief vir die daarstelling van voorskoolse opvoedingsinrigtings spruit gewoonlik uit filantropiese oorwegings in die geval van kinderwelsyns- of kerklike verenigings. Die winsmotief kan egter deurslaggewend wees in die geval van indiwidue wat geld uit so 'n inrigting wil maak. Met die oog op groter produktiwiteit en die bevordering van menseverhoudinge, stel sekere industrieë of bedrywe ook voorskoolse opvoedingsfasiliteite beskikbaar vir die kinders van hul werknemers. By geleentheid kan sulke voorskoolse opvoedingsinrigtings ook tot stand kom op inisiatief van groepe ouers wat koöperatief te werk gaan om die fasiliteite daar te stel. Sulke ouers neem gewoonlik ook 'n aktiewe aandeel aan die werksaamhede.

Die fondse vir sulke privaat-instellings word gewoonlik uit private bronne verkry. Publieke fondse word egter soms aan sulke private inrigtings op 'n subsidiebasis beskikbaar gestel. In meeste lande moet inrigtings aan sekere voorskrifte voldoen om vir subsidiëring in aanmerking te kom. In minstens dertien lande word daar geen subsidie uit publieke fondse aan private inrigtings toegesê nie.

3.3 TOESTANDE IN ENKELE WESTERSE LANDE VIR SOVER DIT SOORTE VOORSKOOLSE INRIGTINGS EN HUL BENAMINGS, ASOOK HUL BEHEER, ORGANISASIE EN FINANSIERING BETREF

3.3.1 Die Verenigde State van Amerika

(a) Soorte voorskoolse inrigtings en hul benamings

In die Verenigde State van Amerika bestaan daar 'n groot verskeidenheid van voorskoolse inrigtings vir kinders onder die ouderdom van ses jaar. Anders as in 'n hele aantal ander lande, word hier 'n duidelike onderskeid tussen nursery schools en kindergartens gemaak en wel in die sin dat: "The nursery school is the first and the kindergarten the next school experience preceding the first grade" (11, p. 1).

(i) Kindergarten

Dit is 'n skool, of 'n afdeling van 'n skool, vir die pre-primêre jaar of jare wat die eerste jaar aan die primêre skool voorafgaan. Dit vorm 'n integrale deel van die kind se elementêre (primêre) skoolprogram, wat hom in staat stel om met die hulp van 'n professioneel gekwalifiseerde onderwyser sy potensiaal beter te verwesenlik (11, p. 13). Kindergartens is gewoonlik aan primêre skole verbonde. Aan 52% van alle primêre skole is daar kindergartens verbonde. In die stedelike gebiede wissel die persentasie tussen 70 en 90, maar in die plattelandse deel van die suidelike state is dit so laag as 4% (12, p. 18). Sommige private skole wat in publieke skooldistrikte voorkom, bied 'n tweejaar-kindergartenprogram aan en laat kinders op ± 4-jarige leeftyd toe (11, p. 13).

(ii) Nursery School

Dit is 'n opvoedingsinstelling vir die pre-primêre jaar of jare wat die kindergarten-periode voorafgaan. Nursery schools is gewoonlik selfstandige inrigtings wat deur private instansies georganiseer en beheer word, maar soms vorm dit deel van die openbare skoolsisteem. Gewoonlik word drie- tot vierjarige kleuters tot hierdie inrigtings toegelaat vir 'n periode van een tot twee jaar (11, p. 13).

(iii) Ander inrigtings vir voorskoolse kleuters

Benewens die genoemde twee tipes inrigtings bestaan daar ook 'n verskeidenheid van ander inrigtings vir die versorging van voorskoolse kinders, waarvan die funksie en arbeidsveld nie so duidelik omlyn is nie. Die volgende kan genoem word:

(1) Parent-Co-operative Nursery School and Kindergarten

Ouers staan op koöperatiewe basis saam om die geriewe daar te stel en neem 'n belangrike aandeel aan die aktiwiteite.

(2) Laboratory Nursery School and Kindergarten

Hierdie inrigting word deur 'n kollege- of universiteitsdepartement daargestel wat ook oor die funksionering daarvan toesig hou. Hierdie tipe voorskoolse inrigtings dien as demonstrasiesentrums of -laboratoria vir studente wat hul voorberei om onderwys aan kleuters te gee.

(3) Parochial or Church Sponsored Nursery School and Kindergarten

Sulke inrigtings funksioneer as deel van die opvoedings- en opheffingsdiens wat die kerk lewer.

(4) Nursery School and Kindergarten for Exceptional children

Dit is skole vir blinde, dowe, kreupel, verstandelikvertraagde en spraakgebrekkige kleuters. Hieronder word sowel publieke as private, dag- sowel as residensiële inrigtings aangetref.

(5) Nursery School and Kindergarten for the Educationally Disadvantaged

Sulke skole is veral in groot stede ingestel met die oog op redusering of uitskakeling van opvoedingsvertraging of agterlikheid deur -

i. die vroeë uitkenning van die faktore wat bydra tot skolastiese vertraging en gedragsafwykinge, en

ii. die beskikbaarstelling van opvoedingsprogramme vir jong kinders en hul ouers, wat leertekorte sal voorkom of regstel.

(6) Play Group or Play School

Die bedoeling is nie dat hierdie soort skool as 'n nursery school sal fungeer nie, maar dat dit vir die kinders van 'n groepie ouers sekere verlangde sosiale aktiwiteite sowel as heilsame spelaktiwiteite sal daarstel.

(7) Day Care Center

Dit is geen skool nie maar voorsien in die kinders van veral werkende moeders se behoefte aan versorging vir die duur van die werksdag (11, p. 13-15).

(b) Beheer, eksterne organisasie en finansiering

Die inrigtings wat hierbo ter sprake was, word deur private instansies of van owerheidsweë beheer en gefinansier. Van hierdie inrigtings word deur kolleges of universiteite daargestel, geadministreer en gefinansier, terwyl ander deur groepe ouers, kerkgroepe, publieke skooldistrikte of deur een of meer indiwidue as 'n private onderneming georganiseer word. Private nursery schools, kindergartens en ander voorskoolse versorgingsoorde word gefinansier deur -

(1) die bydraes van ouers, soms volgens 'n skaal wat aangepas is by hul inkomste, of

(2) deur kerkgemeenskappe en/of ander instansies (12, p. 20).

Publieke nursery schools en veral kindergartens word hoofsaaklik deur die Federale owerheid uit fondse of deur plaaslike owerhede uit eie fondse gefinansier (12, p. 20). Die verdeelde beheer word in die Verenigde State van Amerika allerweë as 'n leemte aangevoel, omdat as gevolg daarvan geen aaneenlopende opvoedings- en onderwysprogram vir voorskoolse en primêre onderwys deur 'n staat beplan kan word nie.

(c) Ouer-aandeel in finansiering

Geen geld is betaalbaar deur ouers wie se kinders by publieke kindergartens ingeskryf is nie. Ouers wie se kinders private kindergartens, nursery schools of ander voorskoolse inrigtings bywoon, moet egter die voorgeskrewe gelde betaal. Hierdie gelde word soms volgens die verdienste van die ouers bepaal.

3.3.2 Swede

(a) Soorte voorskoolse inrigtings en hul benamings

Verskeie organisasies of indiwidue maak voorsiening vir voorskoolse opvoeding en wel in die volgende soorte inrigtings:

(1) Kindergarten

Die bemoeienis wat met die kind in die kindergarten gemaak word, is bedoel om as aanvulling van die opvoedingsbemoeienis tuis te dien. Daar word vir twee groepe kinders per dag voorsiening gemaak, waarvan één groep die kindergarten tussen 9 en 12 voormiddag en die ander tussen 1 en 4 namiddag besoek. Die inrigtings is bedoel vir vier- tot sesjariges, dog in sommige distrikte word driejariges soms toegelaat. In distrikte waar daar lang waglyste is, word hoofsaaklik sesjariges toegelaat (13, p. 2).

(2) Day Nurseries

Omdat hierdie voorskoolse inrigting as versorgingsoord vir die kinders van werkende moeders bedoel is, word kinders vanaf hul sesde maand tot hul sewende lewensjaar daarin opgeneem. Hoewel die inrigtings vanaf 6.30 vm. tot 6 nm. oop is, word pogings in die werk gestel om elke indiwiduele kind vir so kort as wat moontlik is, daar te hou.

Family Day Nurseries waarin een of twee kinders deur 'n privaat gesin versorg word, dien as aanvulling van, en staan gewoonlik ook onder die toesig van die hoof en inspektrise van die nabygeleë day nurseries (13, p. 4).

(3) Recreation Nursery (Afternoon Nursery)

Hierdie instelling is bedoel vir skoolgaande kinders, maar word gereken as deel van die nursery school-organisasie. Vroeër was die inrigtings bekend as

afternoon nurseries omdat hul skoolgaande kinders tussen 1-6 namiddag gehuisves het. Die uiteenlopende skoolure (verskillende sessies) het daartoe gelei dat hierdie inrigtings dieselfde ure as wat vir day nurseries geld, aanvaar het. Tans besoek skoolgaande kinders die recreation nursery voor skoolure, gaan daarheen terug na skool, geniet 'n maaltyd, doen hul huiswerk, en neem deel aan allerlei aktiwiteite, totdat hul ouers na werk terugkeer huis toe. Die recreation nursery lewer dus ongeveer dieselfde diens vir skoolgaande kinders, as wat deur die day nurseries vir voorskoolse kinders gelewer word.

(b) Beheer, toesig en finansiering

Alle voorskoolse inrigtings staan onder toesig van die National Social Welfare Board. Die inrigtings word egter beheer en in stand gehou deur lokale owerhede, deur private organisasies en instansies (associations) van allerlei aard, en in 'n geringe aantal gevalle deur indiwidue. Die inspektrises wat deur lokale owerhede aangestel is, inspekteer ook die voorskoolse inrigtings. Voorskoolse inrigtings wat aan sekere vereistes voldoen, kom in aanmerking vir finansiële steun van staatsweë. Dit geld egter net inrigtings wat deur 'n klub, gemeenskap of stigting beheer word. Inrigtings wat deur indiwidue daargestel en beheer word, kry geen finansiële steun van owerheidsweë nie. 'n Jaarlikse subsidie (per akkommodasie) van 100 kronor vir kindergartens, 1200 kronor vir day nurseries en 500 kronor vir recreation day nurseries geld tans. Hierbenewens kan 'n staatsbydrae vir die bou van day nurseries en recreation day nurseries verkry word. Vir die bou van kindergartens kan finansiële steun uit die Public Endowment Fund verkry word (13, p. 5).

Finansiële steun van owerheidsweë dek egter slegs sowat een kwart van die totale onkoste van voorskoolse opvoedingsinrigtings. Die gelde wat ouers betaal, voorsien 'n verdere kwart, terwyl die resterende helfte uit bydraes verkry moet word wat die gemeenskap lewer (13, p. 6).

(c) Ouer-aandeel in finansiering

Kindergartens eis van alle ouers 'n voorgeskrewe maandelikse bedrag. Alhoewel die gelde van 'n spesifieke inrigting vir almal dieselfde is, kan dit in verdienstelike gevalle in ooreenstemming met die ouers se finansiële vermoë verminder word. Aan day nurseries en recreation nurseries is 'n daaglikse bedrag betaalbaar, bereken volgens die inkomste van die ouers.

3.3.3 België

(a) Soorte voorskoolse inrigtings en hul benamings

Die Bewaarschool lê aan die basis van die Belgiese skoolstelsel en verteenwoordig die eerste niveau daarvan. Dit maak voorsiening vir drie- tot sesjarige kleuters (14, p. 23). Behalwe in die geval van private bewaarskole het die term bewaarskool geleidelik in onbruik geraak en word sulke skole deesdae as kleuterskole bestempel. Benewens die bewaar- en kleuterskole bestaan daar ook ander versorgingsinrigtings wat vir kinders jonger as drie jaar voorsiening maak. Omdat voorskoolse onderwys as deel van die skoolse bemoeienis beskou word, woon meer as 85 persent van alle drie- tot sesjarige kleuters die onderskeie voorskoolse inrigtings by, alhoewel daar op hul geen skoolplig rus nie (14, p. 83).

(i) Soorte bewaar- of kleuterskole

Volgens beheer kan daar tussen offisiële (publieke) en vrye (of private) skole onderskei word.

a. Offisiële skole

Die volgende inrigtings is offisiële skole:

(1) Rykskole wat gewoonlik verbonde is aan Normaalskole vir kleuteronderwyseresse of aan middelbare skole wat onder Ryksbeheer staan. Rykskole het in 1961 voorsiening gemaak vir 5.6 persent van die skoolgaande kleuters (12, p. 29-30; 14, p. 88).

(2) Provinsiale skole word deur provinsiale owerhede in sommige provinsies opgerig en is gewoonlik verbonde aan provinsiale inrigtings vir middelbare of normaalonderwys. In 1961 was 0.04 persent van alle skoolgaande kleuters in provinsiale skole.

(3) Gemeentelike skole word deur gemeentebesture ingerig en onderhou en het in 1961 vir 28.91 persent van die skoolgaande kleuters voorsiening gemaak (12, p. 30; 14, p. 87).

b. Vrye of private skole (nie-offisiële skole)

(1) Gesubsidieerde vrye skole word deur private instansies of indiwidue tot stand gebring, staan onder toesig van die plaaslike gemeentebestuur maar word privaat beheer en gefinansier.

(2) Private bewaarskole word privaat opgerig en in stand gehou. Die staat het hier geen seggenskap nie en subsidieer ook nie sulke skole nie. Die vrye skole het in 1961 65.46 persent van alle skoolgaande kleuters gehuisves (12, p. 30; 14, p. 88).

(ii) Kleuterskole vir buitengewone kleuters

Benewens bogenoemde kleuterskole vir normale kleuters, word in die wet ook voorsiening gemaak vir aparte kleuterskole vir subnormale, swaksiende, hardhorende, doofstomme en motories-versteurde kleuters (12, p. 31).

(iii) Skoolkolonies en kleintjiesoorde

In hierdie oorde word verswakte kleuters opgeneem, wat sorder om siek te wees, 'n lewenswyse nodig het wat aangepas is by hul gebrekkige liggaamlike toestand. Hierheen kan die verswakte kinders uit kleuterskole vir 'n betreklike lang verblyf gestuur word. Sommige van hierdie skole is opelugskole aan die kus of op die platteland waarin kinders op aanbeveling van die skoolarts vir 'n kuur van 'n paar maande opgeneem kan word (14, p. 65, 74).

(iv) Ander soorte voorskoolse inrigtings

Die volgende voorskoolse inrigtings word onderskei:

(1) Kinderkribbes of Bewaarplaatsen

In hierdie inrigtings word jong kinders vanaf die baba-stadium tot die ouderdom van drie jaar versorg, terwyl hul moeders werk. Aan hierdie kinderkribbes bestaan meermale ook 'n afdeling vir die huisvesting van skoolgaande kinders vandat die skool sluit tot die ouers tuiskom (12, p. 31; 14, p. 74).

(2) Voor-bewaarskoolklasse

Om in die behoefte aan oorde vir klein kindertjies en in die gebrek aan opname-ruimte te voorsien, het die besture van enkele groot stede waaronder Antwerpen, Brussel en Luik, klasse vir twee- tot driejarige kleuters tot hul kleuterskole toegevoeg (14, p. 76).

(b) Beheer en finansiering

Wat betref die offisiële skole, word Rykskole deur die staat gestig, onderhou en beheer, terwyl provinsiale skole deur die provinsiale owerhede opgerig en in stand gehou word. Die gemeentelike skole word deur gemeentelike besture opgerig en onderhou, en word onderhewig aan sekere voorwaardes, van staatsweë gesubsidieer.

Vrye of private skole staan volkome onder private beheer, dog kan ook staatsubsidies ontvang mits hulle aan die voorwaardes voldoen wat in die Wet van 29 Mei 1959 neergelê is. Subsidies kan verkry word vir die delging van -

(1) alle lopende kostes, waaronder salarisse en dienste, en

(2) tot 60 persent van die boukoste.

Tans kom net provinsiale en gemeentelike kleuterskole in aanmerking vir die boukoste-subsidiëring. Die private skole beywer hul tans om ook hiervoor in aanmerking te mag kom.

Hierbenewens lewer die provinsiale besture jaarliks 'n voorgeskrewe bydrae vir die aankoop van boeke en skoolmateriaal deur gesubsidieerde skole.

(c) Ouer-aandeel in finansiering

Die kleuteronderwys is kosteloos in staatsinrigtings en in inrigtings wat deur die staat gesubsidieer word. Ouers lewer geen direkte finansiële bydrae nie aangesien geen skoolgelde van ouers gevorder mag word nie. Ook die skoolbehoeftes word kosteloos voorsien.

### 3.3.4 Die Verenigde Koninkryk

Anders as in die lande wat tot dusver ter sprake was, begin skoolplig in die Verenigde Koninkryk op vyfjarige ouderdom. Voorskoolse opvoedingsinrigtings verskaf dus 'n diens aan kinders wat jonger as vyf jaar is.

Die benamings Infant Schools en Infant Classes wat in hierdie lande se skoolstelsels aangetref word, kan verwarring skep. Hierdie skole is nie vir voorskoolse kinders bedoel nie, maar vir vyf- tot sewejariges, en verteenwoordig deel van die voorsiening wat vir verpligte onderwys gemaak word (10, p. 258; 15, p. 11).

Hoewel Engeland en Wallis, Skotland en Noord-Ierland elk oor 'n eie afsonderlike onderwysdepartement beskik, berus die voorsiening van voorskoolse opvoedingsgeriewe op dieselfde wetlike gronde en geskied nagenoeg op dieselfde wyse in die onderskeie lande. Wetlik ressorteer die opvoeding aan voorskoolse opvoedingsinrigtings volgens die Onderwyswet van 1944 onder die staat, wat sy magte in dié verband aan plaaslike onderwysowerhede (LEA's) delegeer (12, p. 21-22).

(a) Soorte voorskoolse inrigtings en hul benamings

(i) Nursery Schools en Nursery Classes

Volgens beheer kan onderskei word tussen publieke nursery schools en nursery classes wat onder die LEA's ressorteer, en private nursery schools wat onder private beheer ressorteer. Die volgende skole word aangetref:

(1) Public nursery schools fungeer gewoonlik as selfstandige eenhede onder beheer van die plaaslike onderwysowerheid.

(2) Public nursery classes is verbonde aan die gewone primêre skool of aan infant schools wat onder die plaaslike onderwysowerheid (LEA) ressorteer (12, p. 22).

(3) Private nursery schools kan òf volkome onafhanklik van die staat wees wat betref sowel beheer as finansiering, òf kan, mits aan sekere voorwaardes voldoen word, van owerheidsweë gesubsidieer word. Die klein aantal private nursery schools wat in Noord-Ierland aangetref word, staan nie onder departementele toesig nie en word ook nie deur die departement gesubsidieer nie (10, p. 258, 263, 267).

Bogenoemde twee soorte voorskoolse instellings, te wete nursery schools en nursery classes maak voorsiening vir twee- tot vyfjarige kleuters. In sowel Engeland en Wallis as Noord-Ierland, word twee- tot vyfjariges tot nursery schools toegelaat, terwyl drie- tot vyfjariges toelating kan verkry tot nursery classes wat aan primêre skole verbonde is. In Skotland maak beide hierdie instellings vir twee- tot vyfjariges voorsiening.

(ii) Ander voorskoolse inrigtings

Die Departement van Openbare Gesondheid maak voorsiening vir jonger kinders en diegene wat nie in bogenoemde twee instellings opgeneem kan word nie, deur day nurseries (bewaarskole) te stig. Genoemde departement hanteer ook die registrasie van private bewaarskole, private kleuterskole en childminders (persone wat in hul eie huise kinders teen vergoeding versorg) (12, p. 22, 23, 27).

(b) Beheer en finansiering

Die regering delegeer sy seggenskap oor publieke voorskoolse opvoedingsinrigtings aan die plaaslike onderwysowerhede (LEA's), wat verantwoordelik is vir die totstandkoming, instandhouding en finansiering van sowel alle selfstandige publieke nursery schools, as alle publieke nursery classes wat aan primêre skole verbonde is.

Die private instellings staan onder die beheer van en word gefinansier deur indiwidue, vrywillige organisasies en kerklike verenigings, maar kan onder sekere voorwaardes in aanmerking kom vir staatsubsidies, behalwe in die geval van Noord-Ierland. Tot die helfte van die lopende uitgawes van sulke gesubsidieerde private skole kan uit staatsubsidies bestry word. Die onafhanklike private inrigtings word hoofsaaklik gefinansier uit die gelde wat deur die ouers betaal word.

(c) Oueraandeel aan finansiering

In alle openbare voorskoolse instellings is die bywoning gratis. 'n Bydrae vir die maaltye wat die kleuters daar geniet, word soms vereis. Sommige private inrigtings

wat deur welsynsorganisasies en kerkgenootskappe daargestel is en beheer word, eis ook geen gelde van die ouers nie. Waar private persone of instansies egter sulke inrigtings met 'n winsmotief daarstel, word gelde, wat soms hoog kan wees, wel gehef.

3.3.5 Wes-Duitsland (Duitse Federale Republiek)

Kleuteronderwys vorm hier nie 'n wetlik-erkende deel van die onderwysstelsel nie, sodat die ministers van onderwys van die 11 Länder geen seggenskap daaroor het nie. Kleuteronderwys, soos alle ander instellings vir voorskoolse en naskoolse versorging, ressorteer onder die Departement van Jeugaangeleentheid (Landsjugendämter) en word as bemoeienis op sosiale vlak beskou (12, p. 34).

(a) Soorte voorskoolse inrigtings en hul benamings

(i) Kindergartens

In Wes-Duitsland bestaan daar twee soorte kindergartens, te wete kindergartens vir nie-skoolpligtige kinders onder die ouderdom van ses jaar en skool-kindergartens (Schulkindergärten) vir reeds skoolpligtige ses-plus-jariges. Die onderskeid is soos volg:

(1) Kindergartens vir voorskoolse kinders

Meeste van hierdie kindergartens vir voorskoolse kinders is onafhanklike inrigtings wat nie aan primêre skole verbonde is nie. Enkeles van hulle maak egter deel uit van gemeenskapshuise (Nachbarschaftshäuser) of van semi-kosskoolinrigtings (Kindertagesheime) vir drie- tot vyftienjarige leerlinge (10, p. 133).

(2) Skool-kindergartens (Schulkindergärten)

In verskeie groot stede bestaan daar spesiale skoolkindergartens vir skoolpligtige kinders wat fisies en verstandelik nie ryp of gereed genoeg geag word om met vrug in te skakel by die eerste leerjaar van die primêre onderwys nie (10, p. 133). In beginsel word geen nie-skoolpligtige leerlinge toegelaat tot skool-kindergartens nie. Streng gesproke ressorteer hierdie bemoeienis dus nie onder dit wat normaalweg met voorskoolse opvoedingsinrigtings beoog word nie. Bowendien gaan dit in hierdie inrigtings slegs om die belange van reeds-skoolpligtige leerlinge.

(3) Kindergartens vir buitengewone kinders (Sonderschulkindergärten)

Daar bestaan ook spesiale kindergartens vir liggaamlik gestremde kinders, waar diesulkes terapeutiese behandeling ondergaan en deelneem aan 'n kleuterprogram, vir sover dit binne hul vermoë is (12, p. 35; 10, p. 133).

Die bywoning van voorskoolse inrigtings geskied op vrywillige basis. Die minimumtoelatingsouderdom tot kindergartens vir voorskoolse kinders is gewoonlik drie jaar, maar in uitsonderlike gevalle word ook twee- tot driejariges toegelaat. Normaalweg maak genoemde inrigtings dus voorsiening vir drie- tot sesjarige kleuters. Die minimumouderdom vir toelating tot die skool-kindergarten stem ooreen met skoolpligouderdom, te wete ses jaar. Ook die bywoning van skoolkindergartens is in meeste lande opsioneel (10, p. 133, 134).

(ii) Ander voorskoolse inrigtings

Kinderhort en Kinderkrippe

Vir die versorging van werkende moeders se kinders bestaan daar die Kinderhort en Kinderkrippe. In hierdie inrigtings kan voorskoolse kinders vir die hele dag, en skoolgaande kinders na skoolure, versorg word. Kinders van kleuterskoolouderdom kan binne die groot geheel van so 'n dagverblyfversorgingsinrigting in 'n eenheid op hul eie saamgesnoer word (12, p. 35).

(b) Beheer en finansiering

Kindergartens vir voorskoolse kinders word gestig, beheer en gefinansier deur -

(1) gemeentelike besture, waaronder munisipaliteite en die besture van plaaslike gemeenskappe, en

(2) kerkgemeentes, filantropiese instellings en verenigings, kerklike organisasies, industriële instellings of private indiwidue.

Feitlik alle skool-kindergartens word gestig, beheer en gefinansier deur die Länder,

of deur gemeentelike besture, of deur albei tesame. Kindergartens wat deur gemeentes of filantropiese verenigings gefinansier word, ontvang 'n geldelike toekenning van die Länder of van die gemeentelike besture. As algemene reël geld dat ander kindergartens (onder andersoortige beheer) geen subsidie van owerheidsweë ontvang nie (10, p. 133).

Die toekennings wat gesubsidieerde inrigtings uit publieke fondse ontvang, dek nagenoeg die helfte van hul onkostes. Genoemde geldelike toekennings wat van owerheidsweë ontvang word, kan gebruik word vir die oprigting van kindergartens, asook vir die bestryding van lopende kostes. Die salarisse van die personeel mag egter nie hieruit betaal word nie (12, p. 36). Die staat lewer ook 'n finansiële bydrae vir die opleiding van onderwyspersoneel.

(c) Ouer-aandeel aan finansiering

Bywoning van kindergartens geskied nie kosteloos nie. Ouers moet nagenoeg 50-60 persent van die onkoste by wyse van bywoningsgelde dek. Gelde word in stedelike gebiede bereken volgens ouerinkomste, dog in plattelandse gebiede geld 'n vasgestelde eenvormige bedrag vir almal (12, p. 36; 10, p. 134).

## 3.4 PRE-PRIMÊRE ONDERWYS IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA

### 3.4.1 Inleiding

In al vier die provinsies van die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika vind die versorging van voorskoolse kleuters plaas in -

(1) private kleuterskole wat by die Onderwysdepartemente geregistreer is, en wat 'n geldelike toekenning uit departementele fondse ontvang,

(2) onafhanklike, ongesubsidieerde, private kleuterskole, en

(3) versorgingsoorde wat by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene geregistreer is (nie van toepassing op Suidwes-Afrika nie) (16, p. 2-3).

### 3.4.2 Soorte voorskoolse inrigtings en hul benamings

Onder die voorskoolse inrigtings wat hier te lande aangetref word, is daar -

(1) inrigtings wat net in die voormiddag oop is,
(2) inrigtings waarvan die ure wissel tussen 3 tot 6 per dag,
(3) inrigtings wat heeldag oop is om aan te sluit by die werkure van die werkende moeder, en
(4) versorgingsoorde met 'n kleuterafdeling, wat aan die werkende moeder se kind vanaf babastadium tot skoolpligouderdom herberg bied (12, p. 9).

(a) Kleuterskole

Die volgende skole word onderskei:

(1) Geregistreerde private kleuterskole (gesubsidieerde kleuterskole)

Volgens 'n opname wat in 1968 gemaak is, was daar altesaam 293 private beheerde kleuterskole by die vier provinsiale onderwysdepartemente en by die onderwysdepartement van Suidwes-Afrika geregistreer. Aan hierdie skole wat vir 16,596 voorskoolse kinders voorsiening gemaak het, was altesaam 908 onderwyseresse verbonde (16, p. 2-3).

(2) Ongeregistreerde private kleuterskole (ongesubsidieerde kleuterskole)

Volgens die Kinderwet van 1960 word 'n kleuterskool wat nie deur 'n onderwysdepartement beheer word of deur hom goedgekeur of geregistreer is nie, as 'n versorgingsoord beskou, en is volgens artikel 42 van genoemde wet, onderhewig aan registrasie as sodanig. Volgens die 1968-opname was daar in Kaapland 60, in Natal 58, in die Oranje-Vrystaat 4 en in Suidwes-Afrika ook 4 private kleuterskole wat nie by die onderskeie onderwysdepartemente geregistreer was nie (16, p. 2). Transvaal het aangedui dat die ongeregistreerde kleuterskole in hierdie provinsie ingesluit is by die 103 versorgingsoorde wat hier aangetref word (16, p. 3).

(b) Voorskoolse afdelings by private skole

In Transvaal is daar 27 en in Natal 5 private skole wat 'n voorskoolse afdeling aan

die skool verbonde het, waarin tans 893 voorskoolse kinders gehuisves word (16, p. 2,3).

(c) Ander voorskoolse inrigtings

Die Kinderwet (Wet no. 33 van 1960) omskryf 'n versorgingsoord soos volg: "'versorgingsoord', enige gebou of perseel wat in stand gehou of aangewend word vir die opname, beskerming en tydelike of gedeeltelike versorging van meer as ses kinders weg van hulle ouers af, met of sonder winsbejag, maar dit sluit nie in nie 'n kosskool, 'n koshuis of 'n instelling wat hoofsaaklik vir die onderrig of opleiding van kinders in stand gehou of aangewend word en wat deur 'n provinsiale onderwysdepartement beheer word of deur hom geregistreer of goedgekeur is."

Ten aansien van die vier provinsies was die posisie wat versorgingsoorde betref op 31 Mei 1968 as volg: daar was altesaam 192 versorgingsoorde, wat vir 8,290 kinders voorsiening gemaak het. Die getal versorgingsoorde sluit in -

(1) agt vakansiekampe met plek vir 659 kinders, en 'n paar studiesentrums, en

(2) vyf bewaar-kleuterskole wat voorsiening vir 419 kinders maak (16, p. 3).

Dit is dus duidelik dat in hierdie versorgingsoorde vir sowel voorskoolse as skoolgaande kinders voorsiening gemaak word.

### 3.4.3 Beheer en finansiering

Daar bestaan in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika geen openbare kleuterskole wat regstreeks deur 'n onderwysdepartement beheer en gefinansier word nie. Die bestaande kleuterskole, sowel geregistreerd as ongeregistreerd, het op inisiatief van private instansies waaronder kerklike verenigings, vroue-organisasies, filantropiese verenigings en indiwidue tot stand gekom en word deur hulle beheer en deels of ten volle gefinansier.

(a) Subsidiëring van kleuterskole deur owerhede

Kleuterskole wat geldelike ondersteuning van owerheidsweë benodig en wat aan sekere voorwaardes vir registrasie voldoen, kan met die oog op subsidiëring vir registrasie in aanmerking kom. "In al vier die provinsies van die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika word kleuteronderwys, onderworpe aan sekere voorwaardes, deur die betrokke Administrasie gesubsidieer" (16, p. 7). "In Transvaal, Kaapland en Natal word die subsidie per leerling per jaar toegeken met inagneming van die finansiële vermoë van die ouer. In Suidwes-Afrika word 'n subsidie betaal ongeag die finansiële vermoë van die ouer. In die Oranje-Vrystaat word ondersteuning verleen deur die salarisse van die leerkragte ooreenkomstig die amptelike skale te betaal. Hiertoe dra die ouers by deurdat minstens R16 per leerling per jaar van die ouer gevorder moet word. Hiervan moet R10 per leerling per jaar in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal word en R6 per leerling per jaar mag behou word vir lopende uitgawes. In die geval van behoeftige leerlinge word geen heffing vereis nie en betaal die Administrasie R4 per leerling per jaar as 'n toelaag aan die kleuterskole" (16, p. 7).

(b) Subsidiëring van Versorgingsoorde

"Slegs 'n baie klein getal versorgingsoorde word deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gesubsidieer. Die oorgrote meerderheid word op 'n winsgewende basis bestuur" (16, p. 3).

### 3.4.4 Oueraandeel aan finansiering

Wat betref gesubsidieerde skole, kan die toestand as volg opgesom word: "In al vier die Provinsies en Suidwes-Afrika word skoolgelde deur ouers vir kleuteronderwys betaal. Bedrae wissel van skool tot skool en leerlinge uit behoeftige gesinne word gewoonlik hiervan vrygestel" (16, p. 7).

Die ongesubsidieerde skole en versorgingsoorde se kostes word ten volle deur die ouers gedra en die gelde is gewoonlik hoog, behalwe in gevalle waar kerklike of filantropiese verenigings welsynsdiens lewer deur geriewe daar te stel en 'n deel van die lopende kostes te dra. In versorgingsoorde wat deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gesubsidieer word, betaal ouers volgens vermoë vir die versorging van hul kinders (12, p. 9, 10).

# HOOFSTUK 4

## BEVINDINGS EN AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN 'N VOORSKOOLSE OPVOEDINGSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA

### 4.1 INLEIDEND

Allerweë word die mening gehuldig dat die jong kind vanaf geboorte tot op minstens driejarige leeftyd beste daaraan toe is by sy moeder, en binne die gesinsituasie. In genoemde gesinsituasie beleef die kind gewoonlik die nodige geborgenheid, en word aan hom ook voldoende uitdagings gestel. Vir meeste kinders onder die ouderdom van drie jaar, bied die huislike milieu ook genoegsame eksplorasiemoontlikhede, aan die hand waarvan hy sy wêreld kan verken en omvorm tot eie-wêreld. Gewoonlik eers in die kind se vierde lewensjaar begin die soeke na iets meer as wat die gemiddelde huisgesin hom kan bied. Hy is in toenemende mate daarop ingestel om begrensinge te deurbreek, om nuwe belewinge (ook buite gesinsverband) te ervaar, om sy horison te verbreed. Vir hierdie kinders bied georganiseerde kleuteropvoeding in inrigtings wat vir dié doel daargestel is, nuwe uitdagings, nuwe belewenisse, nuwe eksplorasiemoontlikhede, en dien die opvoeding wat hul aldaar ontvang as aanvulling tot die opvoeding binne gesinsverband.

In die lig van die betekenisvolle en bykans onmisbare rol wat die moeder en die huislike milieu in veral die klein kind se opvoeding vervul, skyn dit uiters ongewens te wees dat moeders van kleuters wat nog nie drie jaar oud is nie, buitenshuis sal werk. Die <u>ideale toestand</u> sou wees dat -

(1) moeders met kinders van jonger as drie jaar glad nie buitenshuis sou werk nie, en

(2) moeders van drie-plus-jarige kleuters, of van primêre skoolkinders, op 'n halfdagbasis (oggendwerk) in diens geneem sou word.

Dit sou dan meebring dat daar -

(1) geen versorgingsoorde nodig sou wees vir kinders van jonger as drie jaar nie,

(2) slegs halfdag kleuteropvoedingsoorde vir kleuters tussen die ouderdom van drie-plus jaar en skoolpligouderdom sou hoef te wees, en

(3) geen namiddagsorg-inrigtings nodig sou wees vir kleuters of vir primêre skoolkinders nie, aangesien hul dan tuis sal kan wees onder die sorg van die moeder.

<u>Sowel hier te lande as in oorsese lande skyn dit egter tans bykans onmoontlik te wees om die "ideale toestand" soos hierbo geskets, in die praktyk te verwesenlik.</u> Die werkende vrou en moeder speel naamlik 'n al groter wordende rol in die landsekonomie. Tans word daar slegs sporadies voorsiening gemaak daarvoor dat oggendwerk bekombaar sal wees vir moeders van jong kinders, om hulle aldus smiddae vry te stel sodat hul tuis kan wees by hùl jong kinders. Gevolglik is talle voorskoolse kleuters vir minstens die helfte, maar dikwels vir die volle duur van elke werksdag, òf aangewese op versorging deur nie-Blanke bediendes, òf in voorskoolse inrigtings. Ook in die geval van primêre skoolkinders wie se moeders voltyds werk, bestaan daar 'n noodsaak vir oorde waar sulke kinders na skoolure versorg kan word. Om in hierdie behoefte te voorsien, bestaan daar tans dan ook sowel hier te lande as in oorsese lande 'n verskeidenheid van inrigtings wat daargestel is om die kind in sy nood van versorging en opvoeding tot hulp te wees.

### 4.2 SOORTE VERSORGINGSOORDE WAT ONDER HUIDIGE OMSTANDIGHEDE NODIG SKYN TE WEES

In die lig van die situasie in oorsese lande en met die feitelike toestand hier te lande in gedagte, skyn dit asof daar in die huidige tydsgewrig vir die volgende inrigtings ruimte is:

(1) <u>Peuteroorde</u> (bewaaroorde, crèches)

Daar is 'n behoefte aan versorgingsoorde vir jong kinders tussen die ouderdomme van ses maande en drie jaar, alwaar sulke kinders vir 'n halfdag of die heeldag kan vertoef, terwyl die moeders werk. In genoemde oorde sal die hoofklem uiteraard val op veilige bewaring en liefderike versorging, maar die opvoedingsbemoeienis mag nie agterweë bly nie.

(2) <u>Kleuterskole</u>

Daar bestaan ook 'n behoefte aan kleuteropvoedingsoorde met 'n halfdagprogram, vir kleuters met ouderdomme wat wissel tussen drie-plus jaar en skoolpligouderdom.

Benewens veilige bewaring en versorging, sal hier sprake moet wees van 'n deeglik beplande opvoedingsprogram, wat aan die kleuter volop geleentheid bied om met spel en taal as vernaamste hulpmiddele, sy om-wêreld te eksploreer en algaande eie-wêreld te stig. (Aan een of albei van bogenoemde twee inrigtings kan daar ook fasiliteite geskep word vir die namiddagversorging van kleuters wat soggens kleuterskole bywoon.)

## 4.3 BEVINDINGS INSAKE STIGTING, BEHEER EN FINANSIERING

### 4.3.1 Bevindings insake stigting van inrigtings

In al die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, beskik die owerhede, sy dit die sentrale, provinsiale of lokale onderwysowerhede, of een of ander staatsdepartement (gesondheid, volkswelsyn), oor 'n mate van seggenskap by die stigting van voorskoolse inrigtings. Die owerhede moet naamlik geken word by die stigting van sulke inrigtings aangesien -

(1) inrigtings alleen gestig kan word met hul goedkeuring, en
(2) mits aan die voorwaardes wat deur hulle gestel word, voldoen is.

In die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika hoef geen goedkeuring vooraf verkry te word van 'n onderwysdepartement vir die stigting van 'n kleuterskool nie. Slegs wanneer subsidiëring ter sprake is, moet aan sekere vereistes wat deur die onderwysowerhede ten aansien van onder andere geboue- en speelgrondstandaarde en personeelvoorsiening gestel word, voldoen word om te kan kwalifiseer vir registrasie. Alle voorskoolse instellings wat nie by onderwysdepartemente as kleuterskole geregistreer is nie, en waarin ses of meer kinders weg van hul ouers af versorg word, moet volgens die Kinderwet (No. 33 van 1960) by die Departement van Volkswelsyn geregistreer word.

Die volgende beslissing insake die stigting van kleuterskole is reeds deur die Minister van Nasionale Opvoeding geneem en in sy persverklaring van 13-14 April 1969 bekend gemaak en lui soos volg: "Die Komitee is die sienswyse toegedaan dat enige persoon of instansie die reg moet hê om 'n privaatkleuterskool (kleuterklas) te stig sonder enige finansiële hulp van die betrokke onderwysdepartement, mits die vereistes en standaarde vir registrasie, soos gestel deur die onderwysdepartement, nagekom word" (par. (g)van die persverklaring).

### 4.3.2 Bevindings insake beheer

Waar die owerhede nie self voorskoolse inrigtings daarstel nie, kan hul uiteraard in meeste gevalle ook geen direkte beheer oor die funksionering en opvoedingsprogram uitoefen nie. In gevalle waar private voorskoolse inrigtings subsidies van owerheidsweë ontvang, is daar wel sprake van 'n mate van beheer deurdat die onderwysowerhede se inspekteurs sulke inrigtings gereeld besoek om onder andere die opvoedingsprogram te kontroleer.

In 'n hele aantal van die oorsese lande, asook hier te lande, word die verdeelde beheer oor voorskoolse opvoedingsinrigtings allerweë as 'n ernstige leemte en 'n beperkende faktor ervaar. Die sienswyse dat 'n spesifieke instansie wat hiervoor opgewasse is, seggenskap behoort te hê oor die stigting van voorskoolse inrigtings en beheer oor hulle behoort te kan uitoefen, is besig om vinnig veld te wen.

Die daarstelling van onderwysgeriewe vir skoolpligtige leerlinge op georganiseerde basis, is hier te lande die verantwoordelikheid van die onderskeie provinsiale onderwysowerhede. Indien georganiseerde kleuteropvoeding dus wenslik geag word as aanvulling van die huislike opvoeding, behoort die daarstelling van voorskoolse inrigtings vir hierdie doel ook die verantwoordelikheid van, of onder die beheer van, die onderskeie onderwysdepartemente te wees. Genoemde onderwysdepartemente as enigste instansies wat oor die nodige middele en ondervinding beskik, is by uitnemendheid toegerus om hierdie uitdaging te aanvaar. Deur ook hierdie faset aan die onderwysdepartemente op te dra, sal alle georganiseerde opvoedende en onderwysende bemoeienis vanaf die informele voorskoolse stadium tot en met vorm 12 (die huidige st. 10) as 'n aaneenlopende geheel beplan, beheer en gekoördineer kan word.

Die beslissings wat reeds deur die Minister van Nasionale Opvoeding insake beheer oor kleuteronderwys geneem is en wat in sy persverklaring van 13-14 April 1969 bekend gemaak is, lui soos volg:

"(i) Kleuteronderwys staan onder die beheer van die provinsiale onderwysdepartemente.

(ii) Die bestaande onderwysordonnansies sal dus op gepaste wyse gewysig moet word

om kleuteronderwys ook onder die beheer van die Direkteur van Onderwys, as verteenwoordiger van die Provinsiale Administrasie, te plaas" (par. (e) van die persverklaring).

4.3.3 Registrasie van kleuterskole

Die beslissing wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding insake die registrasie van kleuterskole geneem is, en wat in sy persverklaring van 13-14 April 1969 bekend gemaak is, lui soos volg:

"(i) Registrasie by die onderskeie onderwysdepartemente moet verpligtend wees in die geval van alle persone en instansies wat die minimum voorgeskrewe getal kleuters vanaf die ouderdom van drie jaar buite die ouerhuis versorg, opvoed en onderwys.

(ii) Ten einde aan registrasie te voldoen, sal bepaalde vereistes nagekom moet word ten opsigte van onder andere geboue (volgens eenvormige minimumstandaarde), uitrusting, kwalifikasies van personeel, voorsiening van personeel, inskrywing, die opvoedingsprogram, lengte van die skooldag en taalmedium" (par. (f) van die persverklaring).

4.3.4 Finansiering van kleuteronderwys

Die beslissing wat reeds deur die Minister van Nasionale Opvoeding insake die finansiering van kleuteronderwys geneem is, lui in sy persverklaring van 13-14 April 1969 soos volg:

"Die Komitee beveel aan dat die finansiële aspek na die Administrateurskonferensie verwys word" (paragraaf (j) van die persverklaring).

4.4 BEVINDINGS INSAKE GROOTTE VAN VOORSKOOLSE INRIGTINGS

4.4.1 Inleidend

Vry algemeen word aanvaar dat 'n intieme huislike atmosfeer bevorderlik is vir 'n klein kind se veiligheidsbelewing. Slegs in relatief klein kleuterversorgings- en -opvoedingsoorde kom daar normalerwyse van hierdie geborgenheid, wat so essensieel is vir die klein kind, iets tereg. Gevolglik word daar gepoog om kleuteroorde nie te groot te laat word nie, en voorkeur word gewoonlik gegee aan oorde wat sowat 90 kleuters kan huisves.

4.4.2 Die Buiteland

"In die buiteland wissel die amptelike minimumskoolgroottes van 20 tot 40 en die maksimum van 50 tot 90. Die werklike minimumgroottes wissel van 20 tot 60 en die maksimum van 50 tot 100.

In Engeland word getrag om groepe van 40 leerlinge in die groter skole as selfstandige eenhede te laat funksioneer" (17, p. iv).

Ter toeligting word die toestand in slegs twee lande, te wete België en Wes-Duitsland, kortliks geskets:

(1) In België bestaan stedelike kleuterskole uit van 1 tot 6 klasse, maar skole met 2 tot 3 klasse is verreweg die algemeenste. In die landelike streke van Wallonië bestaan die skool in die reël uit slegs één klas. In Vlaandere egter, het sommige landelike skole vanweë groot getalle voorskoolse kleuters 6, 7 of selfs 8 klasse (14, p. 84). Behalwe waar uitsonderlike omstandighede soos hoë bevolkingskonsentrasie en gebrek aan geskikte lokale geen alternatief laat nie, poog die owerhede om nie te veel voorskoolse kinders in één voorskoolse kompleks saam te trek nie.

(2) In Wes-Duitsland word voorkeur gegee aan klein skole en word 'n skool wat voorsiening maak vir 60 tot 80 kleuters as die mees praktiese en ekonomiese skoolgrootte beskou. Die minimumskoolgrootte word op nagenoeg 30 gestel terwyl die maksimum liefs nie 120 moet oorskry nie. Wanneer 'n skool die maksimum inskrywing bereik, word aanbeveel dat dit in eenhede ingedeel word (12, p. 35).

4.4.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

Volgens gegewens wat vir 1968 beskikbaar is, het 293 geregistreerde kleuterskole in genoemde jaar voorsiening gemaak vir altesaam 16,596 kinders, dit wil sê vir nagenoeg 57 per inrigting. Die 192 versorgingsoorde wat in genoemde jaar by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene as sodanig geregistreer was, het akkommodasie gebied aan 8,290 kinders - dus aan

nagenoeg 44 per versorgingsoord (16, p. 3, 4). Van owerheidsweë is daar skynbaar geen duidelike voorskrifte oor minimum- en maksimumskoolgroottes nie. Kleuterskoolverenigings en hoofde van kleuterskole wat in dié verband geraadpleeg is, stel die minimuminskrywing op 40 en die maksimum op 100 (17, p. v).

## 4.5 BEVINDINGS INSAKE VOERTAAL

### 4.5.1 Inleidend

Allerweë word aanvaar dat taal as medium waarin die mens dink, waardeur hy in dialoog tree met sy medemens en aan die hand waarvan hy eie-wêreld ontdek en orden, 'n bepalende en deurslaggewende rol in 'n kleuter se suksesvolle inskakeling by 'n nuwe omgewing (soos 'n kleuteroord) speel. Om daar in sy eie taal aangespreek te word en dialoog te mag voer, wek reeds vertroue by die kind en laat hom tuis en geborge voel.

Gevolglik behoort die algemeen aanvaarde beginsel dat 'n kind deur medium van sy moedertaal opgevoed en onderrig behoort te word, ook streng toegepas te word in alle georganiseerde voorskoolse opvoedingsinrigtings.

Die aanspreek in die eie taal lewer geen probleem op in eentalige lande nie, waar dit uiteraard so gebeur dat die kind in sy gesin, sowel as in voorskoolse en skoolse inrigtings natuurlikerwys in sy eie taal aangespreek word. In twee- of meertalige lande egter, of in lande wat groot getalle immigrante trek, raak die aangeleentheid van aanspreek en opvoed in die eie taal, egter meermale problematies.

### 4.5.2 Die Buiteland

(a) Lande met net een amptelike taal

In al die lande waar slegs één taal as amptelike taal erkenning geniet, waaronder Swede, Wes-Duitsland, die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk, vind die onderrig in voorskoolse inrigtings plaas deur medium van die moedertaal wat as voertaal dien.

(b) Lande met twee amptelike tale

Van die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, is België die enigste wat twee erkende amptelike tale, te wete Frans en Vlaams, het. Moedertaalonderrig is egter ook in hierdie land verpligtend. Hoewel die ouer kan kies welke kleuterskool hy sy kind wil laat bywoon, mag so 'n keuse nie strydig wees met die bepalings van die 1963-Wet insake moedertaalonderrig nie. Hiervolgens word die kind se spreektaal beoordeel en word hy daarvolgens geplaas in 'n skool wat vir sy taalgroep voorsiening maak. Inspekteurs van onderwys moet hieroor kontrole uitoefen en toesien dat aan die wetsbepalings uitvoering gegee word.

Enkele uitsonderingsgevalle kom wel voor, soos waar 'n minderheidsgroep te klein is om 'n aparte skool te regverdig. In sulke gevalle word aan 'n skool wat oorwegend die ander taalgroep bedien, 'n minderheidsgroep gevorm. Die twee taalgroepe word in genoemde gevalle vir alle gerigte aktiwiteite apart gehou en in die eie taal aangespreek. Benewens die feit dat só 'n reëling in die gees van die Wet is, is ook gevind dat dit om praktiese oorwegings veel makliker is om slegs één taal te hoef te gebruik vir stories en ander gerigte aktiwiteite. Op die speelterrein egter vind geen sodanige skeiding plaas nie. Kinders kan hier vryelik meng, met mekaar se tale eksperimenteer en aldus geleidelik met die ander landstaal vertroud raak (12, p. 33, 74, 83, 84; 10, p. 92).

(c) Houding teenoor dialekte en nie-amptelike tale

(i) Swede

Aangesien Sweeds feitlik die hele bevolking se moedertaal is en daarby ook nog die enigste erkende landstaal, word dit ook in voorskoolse inrigtings deurgaans as voertaal gebruik. In die noordelike grenssektor egter, waar Fins die spreektaal van 'n deel van die bevolking is, word pogings in die werk gestel om voorskoolse kleuters Sweeds te leer praat, met die oog op gemakliker inskakeling by die primêre onderwys (10, p. 228).

(ii) Skotland

Aangesien Gaelies nog in dele van Skotland die spreektaal is, word die personeel van voorskoolse inrigtings aangemoedig om kleuters in dié taal aan te spreek waar enigsins moontlik. Onder geen omstandighede egter moet 'n Gaelies-sprekende

kleuter ontuis laat voel word omdat hy hom van die dialek bedien nie. Die oorskakeling na die amptelike landstaal moet dus op natuurlike, spanningsvrye wyse geskied (12, p. 74).

(iii) België

In die kleuterskole van 'n bepaalde streek word die streektaal wat dan ook meeste kinders se moedertaal is (Frans, Vlaams, of selfs Duits in 'n klein deel van die grensgebied), as voertaal gebruik. In gevalle waar daar kinders is wat hul van 'n dialek bedien, soos vry algemeen voorkom onder die Walloniërs en die Vlaminge, help die kleuterskool genoemde kleuters om geleidelik oor te skakel na die nasionale taal van die betrokke streek (10, p. 92).

(d) Inskakeling van vreemdtalige immigrantekinders

(i) Engeland

Engelse kleuterskole moet voorsiening maak vir groot getalle vreemdtalige immigrantekinders. Omdat die taalontwikkeling van sowel die immigrante as die ander kinders skade kan ly as daar te veel immigrantekinders in een skool is, is daar 'n staande reëling dat nie meer as 'n derde van 'n skool se kinders uit immigrante mag bestaan nie. Op hierdie wyse word ook getrag om die immigrantekinders so gou doenlik tuis te maak in die Engelse taal, wat as enigste voertaal dien in alle voorskoolse inrigtings (12, p. 66).

(ii) Die Verenigde State van Amerika

In die algemeen vind die oorskakeling vanaf die vreemdtalige se huistaal na die landstaal geredelik maklik plaas. Wanneer kinders wie se moedertaal nie Engels is nie, opgeneem word in 'n klas van Engelssprekende leeftydgenote, leer hul die taal deels deur omgang met hul maatjies. Hierbenewens word egter ook dikwels spesiale taalonderrig aangebied om hulle van hulp te wees in die oorgangsperiode (10, p. 273).

Wat betref die Spaanssprekende kinders afkomstig van Puerto Rico, word dit belangrik geag om hulle waar moontlik aan die begin in hul eie taal aan te spreek. Dit vergemaklik sulke kinders se inskakeling, waarna hul dan geleidelik tuis gemaak word in die gebruik van die landstaal. Onderwysers word op die hoogte gebring van die beste metodes waarvolgens Engels onderrig kan word aan kinders vir wie dit 'n tweede taal verteenwoordig (12, p. 58).

(iii) Israel

Hoewel Israel nie een van die lande is wat by hierdie ondersoek betrek is nie, skyn die wyse waarop die besonder groot getalle vreemdtalige immigrantekinders, afkomstig uit bykans elke land ter wêreld, hier ingeskakel word by die Israeliese leefwyse en touwys gemaak word in Hebreeus, vir die doel van hierdie ondersoek van belang te wees. Omdat talle kinders uit gesinne van immigrante kom waar geen Hebreeus gepraat word nie, word dit belangrik geag om hulle so vroeg doenlik (dus reeds in die voorskoolse periode) met die Israeliese leefwyse en spreektaal vertroud te maak. Elke kind kan al vanaf sy derde lewensjaar die kleuterskool bywoon, maar word verplig daartoe in die jaar voordat hy tot die primêre skool toegelaat word (18, p. 255).

## 4.5.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

In meeste voorskoolse inrigtings hier te lande word sowel Engels- en Afrikaanstalige as vreemdtalige kleuters aangetref. Uiteraard word slegs die amptelike tale as spreek- en voertale gebruik en wel op só 'n wyse dat elke kind in sy moedertaal (Engels of Afrikaans) aangespreek word. In Suidwes-Afrika waar Duits die moedertaal van 'n groot deel van die bevolking is, geniet dit ook erkenning as spreek- en voertaal in voorskoolse inrigtings.

Van alle kleuterskoolpersoneel word verwag om so tweetalig te wees dat hul 'n kleuter in sy moedertaal kan aanspreek en deur medium daarvan kan opvoed. Uiteraard geld genoemde verwagting slegs waar die kleuter se moedertaal een van die erkende amptelike tale is.

Die aanbeveling is dat die voertaal aan kleuterskole interdepartementeel gereël word.

4.6 BEVINDINGS INSAKE VERSKAFFING VAN MEDIESE DIENSTE

4.6.1 Inleidend

In al die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, geskied die verskaffing van gesondheidsdienste aan kleuters wat voorskoolse inrigtings besoek, op georganiseerde wyse. Die gesondheidsdienste aan voorskoolse inrigtings word dan ook min of meer op dieselfde basis as aan primêre skole verskaf. Die diens word gratis verskaf deur plaaslike owerhede soos munisipaliteite en gemeentebesture, lokale onderwysowerhede, of die sentrale regering. Meermale word die taak opgedra aan die bestaande lokale gesondheidsdienste, maar daar is ook gevalle waar 'n spesiale skool-mediese diens tot stand gebring is.

4.6.2 Die Buiteland

(a) Mediese ondersoek by toelating

In minstens drie van die lande wat by hierdie ondersoek betrek is, word reeds as vereiste gestel dat kleuters voor toelating tot 'n kleuteroord aan 'n deeglike mediese ondersoek onderwerp sal word. 'n Vierde land oorweeg tans die wenslikheid van 'n mediese ondersoek by die toelating van kleuters tot 'n kleuteroord.

In die Verenigde State van Amerika word reeds vereis dat die aansoekvorm om toelating saam met 'n mediese verslag gestuur word waarin onder andere aangedui moet word of die kind vry is van enige aansteeklike siektes. Hierbenewens moet ook aangedui word welke immuniserings reeds deur die kind suksesvol ondergaan is.

In Wes-Duitsland word kinders by toelating onderwerp aan 'n deeglike mediese ondersoek en word ook vasgestel welke immuniserings reeds uitgevoer is.

In België moet die skoolarts elke kind ondersoek wat by 'n skool inskryf.

In Engeland word tans oorweging verleen aan die wenslikheid daarvan om alle kinders 'n deeglike mediese ondersoek te laat ondergaan voordat hul tot 'n nursery of enige ander skool toegelaat word (12, p. 21, 26, 34, 37; 10, p. 93, 135, 136, 260).

(b) Gereelde mediese ondersoeke

In al die lande vind mediese ondersoeke met gereelde tussenposes plaas. Uiteraard wissel die tydsduur tussen opeenvolgende ondersoeke van land tot land. So kon ten aansien van Swede slegs 'n aanduiding gevind word dat sulke ondersoeke, waarby ook die personeel betrek word, gereeld plaasvind as deel van die gesondheidsprogram (13, p. 6).

(c) Jaarlikse ondersoeke

In Engeland voer die skoolgesondheidsdienste jaarliks inspeksies uit by voorskoolse inrigtings. In Wes-Duitsland vind die gereelde mediese besoeke en ondersoeke jaarliks plaas. Ook in die Verenigde State van Amerika word die mediese ondersoeke, waarby ook die personeel ingesluit is, jaarliks herhaal (12, p. 21, 26, 37).

(d) Maandelikse besoeke

In Skotland word die voorskoolse inrigting een keer per maand deur die dokter besoek, terwyl die skoolverpleegsters selfs weekliks mag opdaag. In België moet die skoolarts die skool minstens een keer per maand besoek, en na elke besoek moet 'n verslag aan die burgemeester gestuur word (12, p. 28, 33, 34).

(e) Gespesialiseerde dienste

Benewens die roetine mediese ondersoeke, word in meeste lande ook talle gespesialiseerde dienste, waaronder tandheelkundige diens, gelewer. As voorbeeld kan die Verenigde State van Amerika dien, waar die mediese diens wat verskaf word ook kontrole oor aansteeklike siektes, sowel as immunisering daarteen, asook tandebehandeling en gehoor-, spraak- en oogtoetse insluit. In België word die skoolarts wanneer nodig, bygestaan deur oog-, oor-, neus-, keel-, senu- en tandartse (12, p. 21, 34).

(f) Daaglikse observasie en gesondheidsdiens

In al die lande word die kleuter deur die kleuteroordpersoneel sorgvuldig geobserveer ten aansien van sindelikheid en gesondheidstoestand. Om deels te voorsien

in die kleuter se voedingsbehoeftes word in meeste heeldagkleuteroorde 'n gebalanseerde middagmaal bedien, terwyl in halfdagoorde ligte aanvullende maaltye bedien word. Beide genoemde inrigtings maak in hul program ook vir rus en/of slaaptye voorsiening, om ooreising van die kleuter se liggaamskragte waardeur sy gesondheid ondermyn kan word, te voorkom.

4.6.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

Weens die verdeelde beheer oor voorskoolse inrigtings, vind die lewering van gesondheidsdienste nie volgens algemeen geldende voorskrifte plaas nie. Geen spesifieke instansie is dan ook verantwoordelik vir die lewering van mediese dienste aan voorskoolse inrigtings nie. Tans onderneem sekere groot munisipaliteite wel sulke dienste binne hul munisipale gebied. Sover vasgestel kan word, lewer die provinsiale hospitaaldienste nie, soos in die geval van skole, 'n gesondheidsdiens aan voorskoolse kleuterinrigtings nie. Indiwiduele kleuters is gewoonlik vir ondersoek, immunisering en behandeling op die dienste van die gesin se huisdokter aangewese.

Die aanbeveling is dat die aangeleentheid van mediese dienste vir kleuterskole interdepartementeel gereël moet word.

4.7 BEVINDINGS INSAKE TOELATINGSPROSEDURE

4.7.1 Inleidend

In al die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, vind toelating tot voorskoolse inrigtings volgens 'n bepaalde prosedure plaas. Meeste lande beskik tans nog nie oor voldoende akkommodasie sodat alle aansoekers toegelaat kan word nie, en is dus verplig tot voorkeurtoelating volgens 'n bepaalde prosedure. België verteenwoordig 'n uitsondering op hierdie reël, omdat dáár skynbaar voldoende geriewe bestaan om almal wat vir toelating kwalifiseer, te kan opneem.

4.7.2 Die Buiteland

(a) Aansoek om opname

Weens onvoldoende akkommodasie word in meeste lande vereis dat die ouers vroegtydig 'n aansoekvorm sal voltooi. In België, wat oor voldoende akkommodasie beskik, verval die noodsaak hiervoor.

In sowel die Verenigde State van Amerika as in die Verenigde Koninkryk, moet ouers skriftelik om toelating vir hul kinders aansoek doen. In die Verenigde State van Amerika beskik skole oor 'n aansoekvorm wat deur ouers voltooi moet word. Die aansoekvorm moet saamgestuur word met 'n mediese verslag waarin aangedui moet word of die kind vry is van aansteeklike siektes en welke immuniserings hy reeds suksesvol ondergaan het.

In Wes-Duitsland geskied toelating op grond van die aanbeveling van 'n sosiale werkster na 'n ondersoek van die kind se behoefte aan versorging in 'n voorskoolse inrigting. Dit is nie duidelik of 'n ouer die sosiale werkster persoonlik of skriftelik mag nader met die versoek dat sy kind oorweeg word vir opname in 'n voorskoolse inrigting nie (12, p. 48, 58, 59, 68, 84). In Swede bestaan daar lang waglyste waarop voornemende toetreders se name geplaas word in afwagting van vakatures (13, p. 2).

(b) Selektiewe toelating

Allerweë word gevind dat aan verwaarloosde kinders, aan kinders wat om een of ander rede in pedagogiese nood verkeer, en aan ouer kinders voorkeur verleen word by toelating. Dikwels word dit aan die hoof van die inrigting se diskresie oorgelaat om te besluit welke kleuters die grootste nood het aan toelating.

Veral in die Verenigde Koninkryk moet die hoof van die inrigting eie diskresie gebruik by toelating, uitgaande van die veronderstelling dat kinders wat die grootste behoefte aan voorskoolse inrigtingsorg toon, voorkeurtoelating sal verkry. Hoewel daar geen voorgeskrewe reëls vir seleksie bestaan nie, is die nood van 'n kind met net een ouer, met swak-opgevoede ouers, of van 'n enigste kind, 'n sieklike kind, of 'n kind met sieklike ouers, deurslaggewend. Ouer kinders verkry makliker toelating as veel jonger kinders. Slegs in die geval van 'n onderwyseres wat weer wil onderwys gee se kinders het die hoof geen keuse nie en is verplig om sulke kinders toe te laat.

Ook in die Verenigde State van Amerika is die behoeftes van die kind deurslaggewend by voorkeurtoelating. Omdat almal nie toegelaat kan word nie, kry kinders van ouer as drie jaar voorkeur bo jongeres. Kinders van jonger as drie wat groot behoefte aan voorskoolse inrigtingsorg het, kan egter ook opgeneem word. Voorskoolse inrigtings wat by die Head Start Program inskakel, gee voorkeur aan behoeftige kleuters en kleuters uit swak milieus.

In Wes-Duitsland is die nood van die kind deurslaggewend by die aanbeveling wat deur die sosiale werkster gemaak word. Nagenoeg twee derdes van die kleuters wat voorskoolse inrigtings bywoon is daar omdat albei hul ouers werk, of omdat hul net een ouer het. Die res is daar omdat hul die enigste kind is, spraak- of emosionele probleme het of geen speelplek tuis het nie (12, p. 48, 58, 59, 68, 74, 84).

(c) Geleidelike toelating

Allerweë word aanvaar dat geleidelike toelating van nuwelinge die mees verantwoordbare wyse van doen is. Dit stel die personeel in staat om persoonlike aandag aan nuwelinge te gee, sodat elkeen so spoedig moontlik in die nuwe omgewing tuis en geborge sal voel.

In al die oorsese lande wat in hierdie ondersoek betrek is, word kleuters dan ook geleidelik, oor die loop van die eerste aantal dae, of selfs weke, toegelaat. Die tempo waarteen dit geskied, verskil egter van land tot land. Aldus geskied dit in die Verenigde State van Amerika teen nie meer as vyf per dag nie, terwyl in Wes-Duitsland nie meer as vyftien nuwelinge per dag toegelaat word nie. Om die nuwelinge nog meer op hul gemak te stel word ouers, maar veral moeders, aangemoedig om vir 'n dag of 'n deel van 'n dag by die kleuteroord te vertoef (12, p. 48, 58, 59, 68, 74, 84).

4.7.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

As gevolg van die verdeelde beheer oor voorskoolse kleuteroorde is daar nie sprake van 'n algemeen geldende of voorgeskrewe prosedure wat by toelating gevolg word nie. Sommige kleuteroorde met te min akkommodasie om alle aansoekers te kan opneem, hou waglyste daarop na. Hoofde gebruik hul eie diskresie by toelating. Meermale kan nuwelinge slegs toegelaat word namate vertrekkende kleuters vakatures laat ontstaan. Gevolglik word daar nooit groot getalle nuwelinge tegelyk toegelaat nie.

## 4.8 BEVINDINGS INSAKE GROEPERING VAN KLEUTERS

### 4.8.1 Inleidend

Afhangende van die aard van 'n voorskoolse inrigting, kry die personeel te doen met kleuters wie se ouderdomme 'n span van tot ses jaar kan dek. Meermale moet die kleuters in 'n kleuteroord om organisatoriese redes in kleiner groepe verdeel en aan die onderskeie kleuterleidsters toegesê word. Die wyse waarop so 'n indeling gemaak en sulke groepe gevorm word, behoort daarvan te getuig dat die belange van die kleuter in gedagte gehou is. Die voorskoolse kleuter se indiwiduele andersheid en die ontplooiingsvlak waarop hy verkeer, behoort by sy plasing in 'n spesifieke groep in ag geneem te word. Groepering van kleuters vind tans gewoonlik plaas aan die hand van een van twee erkende groeperingswyses, te wete ouderdomsgroepering en familiegroepering.

Ouderdomsgroepering in kleuteroorde kom grootliks ooreen met die praktyk wat in die openbare skoolstelsel algemene toepassing vind. Waar moontlik word leerlinge van dieselfde chronologiese ouderdom in een groep saamgevoeg. Wanneer van familiegroepering gebruik gemaak word, kom kinders van verskillende chronologiese ouderdomme in een groep tereg. Die voorstanders van hierdie groeperingswyse maak daarop aanspraak dat dit 'n meer natuurlike groepering is, wat sterk ooreenkoms toon met die gesinsituasie. Net soos in die huisgesin, leer die kleuter om met kinders van verskillende ouderdomme te verkeer en saam te leef. Jonger kinders word in die geleentheid gestel om by die ouer kinders te leer.

### 4.8.2 Die Buiteland

Albei die genoemde groeperingswyses vind redelik wye toepassing, hoewel sekere lande die een groeperingswyse bó die ander verkies. Ouderdomsgroepering word vry algemeen in die Verenigde State van Amerika, België, Wes-Duitsland, Swede en in sommige Skotse kleuterskole toegepas. Sommige van die Skotse kleuterskole wat tans nog familiegroepering toepas, oorweeg dit om weer ouderdomsgroepering in te voer. Familiegroepering vind wye toepassing in Engelse en Skotse nursery classes en nursery schools. In die Verenigde State van Amerika word dit veral aan sekere modelskole benut wat aan universiteite en opleidingskolleges verbonde is.

In Engeland word die mening gehuldig dat familiegroepering die organisasie vergemaklik. Skole wat voorsiening maak vir 'n halfdag- sowel as 'n voldagprogram kan dan kleuters wat net vir 'n halfdag en kleuters wat heeldag bly sonder inagneming van ouderdom saamgroepeer. Hierdie wyse van doen verseker ook redelik stabiele groepe. Kleuters wat die skool verlaat of na die primêre skool oorgeplaas word, se plek in die groep word bloot deur 'n nuweling ingeneem. Dit versteur geensins die groepering van die ander nie.

In België word familiegroepering toegepas in gevalle waar die getalle te gering is om meer as een groep te regverdig, en daar vir 'n minderheidsgroep van die ander landstaal aan 'n voorskoolse inrigting voorsiening gemaak moet word. Ook in Wes-Duitsland word familiegroepering aangetref en is dit ook die aanbevole groeperingswyse.

In alle lande waar familiegroepering toegepas word, word egter ondervind dat dit by geleentheid nodig is om volgens chronologiese ouderdom te differensieer. Die verskille wat daar tussen kleuters van verskillende chronologiese ouderdomme ten aansien van ontwikkelingsniveau, konsentrasievermoë en belangstellingsveld bestaan, maak dit wenslik om die ouer kinders apart van die jongeres te neem vir sekere aktiwiteite wat meer by hulle ontwikkelingsniveau pas. Veral tydens die storieuur is dit soms wenslik om net die ouer kinders saam te groepeer, terwyl die jongeres wat nog nie deur 'n storie geboei word nie, toegelaat word om te speel (12, p. 50, 60, 61, 69, 70, 77, 85).

4.8.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

Uiteraard bestaan daar hier te lande geen voorgeskrewe of aanbevole groeperingspraktyk nie. Daar kan aanvaar word dat volgens die eise van omstandighede, van sowel ouderdoms- as familiegroepering by die indeling van kleuters in hanteerbare groepe gebruik gemaak word.

4.9 BEVINDINGS INSAKE DIE TYDSDUUR VAN KLEUTEROORDE SE HALFDAG- EN HEELDAGPROGRAMME, ASOOK DIE AANTAL DAE PER WEEK WAAROP KLEUTERS DIE OORDE BESOEK

4.9.1 Inleidend

Uiteraard is dit tot enige kleuter se voordeel om 'n groot deel van sy dag tuis, in die sorg van sy moeder deur te bring. Om hierdie rede word in meeste lande voorkeur verleen aan halfdagsessies, dit wil sê òf 'n oggend- òf 'n middagsessie. Persone met wye ondervinding op die gebied van voorskoolse opvoedingsinrigtings, is dan ook die mening toegedaan dat die bywoon van 'n halfdagsessie die grootste voordele inhou vir meeste kleuters. Waar moeders egter voltyds werk moet kleuteroorde noodgedwonge voorsiening maak vir die heeldag-versorging van kleuters en is die tydsduur van hul daaglikse program dan ook by die moeders se werkure aangepas.

4.9.2 Die Buiteland

In die Verenigde State van Amerika maak meeste kleuterskole en kindergartens voorsiening vir sowel 'n oggend- as 'n namiddagsessie, om aldus bywoning vir twee afsonderlike groepe kleuters moontlik te maak. Die tydsduur van genoemde sessies wissel volgens plaaslike omstandighede en kan enigiets tussen $2\frac{1}{2}$ en 4 uur wees. Versorgingsinrigtings waaronder Day Care en Family Day Care sentrums pas die tydsduur van hul program aan by die werksure van werkende moeders. Gevolglik is sulke inrigtings gewoonlik oop tussen 6 vm. en 6 nm.

Uit hoofde van twee oorwegings, naamlik (1) dat 'n vyfdaagse bywoningsweek te veeleisend vir talle kleuters is, en (2) dat soveel kleuters as moontlik in die geleentheid gestel moet word om voorskoolse inrigtings te besoek, neem verskeie kleuterskole een groep leerlinge vir slegs drie oggende per week, terwyl 'n tweede groep twee oggendsessies en een middagsessie bywoon (12, p. 51). In sowel Skotland as Engeland bied meeste nursery schools of classes twee sessies per dag aan. Dit bied aan kleuters die volgende alternatiewe: (1) om slegs die oggendsessie by te woon (gewoonlik die jongste kinders), (2) om slegs die namiddagsessie by te woon, en (3) om heeldag by die oord te vertoef vir albei sessies. Die tydsduur van die oggend- en middagsessies kom ooreen en wissel volgens omstandighede tussen $2\frac{1}{2}$ en 3 uur. Sulke oorde se programme neem om ongeveer 8.30 voormiddag 'n aanvang en duur tot nagenoeg 4.30 namiddag. In die sogenaamde Play Groups en in die kindersale van hospitale duur die program ook tussen $2\frac{1}{2}$ en 3 uur. Die bewaarskole, wat vir die kinders van werkende moeders voorsiening maak, is gewoonlik vanaf 7.30 vm. tot 6 nm. oop (12, p. 61, 62, 70).

Die Belgiese kleuterskole bied almal 'n voldagprogram aan, bestaande uit 'n oggendsessie van drie uur, 'n etensuur, en 'n namiddagsessie van twee uur. Op Woensdae

en Saterdae is daar slegs 'n voormiddagsessie. Omdat allerweë gemeen word dat 'n program wat oor 5 uur strek te uitgerek is vir jong kleuters, word kleuters toegelaat om ook op ander middae (benewens Woensdag en Saterdag) tuis te bly. Tydens skoolvakansies is die kleuterskole ook gesluit. Die ure van private bewaarskole is by die werkure van werkende moeders aangepas. Die gemeenskapsentrums berg kinders vanaf die kleuter- tot die hoërskoolstadium smiddae na skool (of kleuterskool) en in vakansietye tot tyd en wyl die moeders tuis kom (12, p. 77, 78).

Die Duitse kleuterskole is oop van 8 vm. tot 6 nm. en maak voorsiening vir 'n oggendsessie, 'n etensuur en 'n namiddagsessie. Daar rus geen verpligting op kleuters om die namiddagsessie by te woon nie en nagenoeg een derde van hulle bly dan ook tuis. Die Kinderhort wat meer spesifiek op versorging ingestel is, se ure strek van 7 vm. tot 6 nm. om by die werkure van die ouers aan te pas (12, p. 85).

Die Sweedse kindergartens maak voorsiening vir oggend- en middagsessies van drie uur elk, wat deur aparte groepe kinders bygewoon word, om aldus voorsiening te maak vir soveel kleuters as moontlik. In die day centres en recreation centres kan kleuters vanaf 6.30 vm. tot 6 nm. vertoef indien nodig. Alles word egter in die werk gestel om die kinders vir die kortste moontlike tydsduur per dag in die inrigtings te huisves (13, p. 4, 5).

4.9.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

Sekere van die voorskoolse inrigtings maak slegs voorsiening vir oggendsessies. Daar is egter heelparty wat heeldagsessies het, waarvan die tydsduur nagenoeg met die werkende moeders se werkure ooreenstem.

4.9.4 Motivering insake daaglikse en weeklikse tydsduur van die voorskoolse versorgings- en opvoedingsbemoeienis

By die beplanning van die tydsduur van die daaglikse sessies moet minstens met die volgende sake rekening gehou word:

(1) Dat die kind die grootste deel van die dag tuis behoort deur te bring;

(2) dat die kleuter nie ooreis behoort te word deur onnodige lang sessies nie;

(3) dat die tydsduur van 'n sessie nietemin lank genoeg behoort te wees vir die uitvoering van 'n gebalanseerde aanvullende opvoedingsprogram; en

(4) dat daar vir kinders wat aan pedagogiese verwaarlosing blootgestel is omdat hul enigste of albei ouers heeldag werk, voorsiening gemaak sal moet word in heeldag-oorde waarvan die ure sal ooreenstem met die ouers se werkure.

4.10 BEVINDINGS INSAKE PERSONEELVOORSIENINGSKAAL

4.10.1 Inleidend

Die aantal kleuterverpleegsters of kleuterleidsters wat aan 'n voorskoolse versorgings- of opvoedingsoord toegesê word, bepaal in die laaste instansie die grootte van die groepe wat saamgestel word (sien ook paragraaf in verband met groepering). Dit is 'n uitgemaakte saak, dat veral in die geval van die heel jongste of mees hulpbehoewende kleuters, die groepe so klein as prakties moontlik, en liefs nie groter as 10, behoort te wees nie. Alleen dán, kan die verpleegster of leidster elke kleuter intiem leer ken en begryp, en kan indiwiduele kleuters voldoende aandag van die kontakvolwassene ontvang. Slegs langs hierdie weg kom kleuters tot identifikasie met die verpleegster of leidster en voel hul heel spoedig aanvaard en geborge in die nuwe leefwêreld van die kleuteroord.

Hoewel meeste lande voorstanders is van 'n baie gunstige personeelvoorsieningskaal, op grond waarvan daar klein, intieme groepies tot stand gebring kan word, word genoemde ideale toestand vanweë personeeltekorte en ander probleme, slegs heel selde in die praktyk verwesenlik.

4.10.2 Die Buiteland

In die versorgingsinrigtings en kleuterskole van die Verenigde State van Amerika word gestreef na 'n personeelskaal wat voorsiening maak vir een volwassene vir elke 10 kleuters. In kleuterskole word die volgende as ideaal gestel:

(1) Vir 3-jariges een gekwalifiseerde onderwyseres plus een nie-professionele helpster vir 10-12 kleuters; en

(2) vir 5-jariges een gekwalifiseerde onderwyseres plus een nie-professionele helpster vir 15-20 kleuters.

In die praktyk egter, is daar net sowat een derde van die kleuterskole waar daar minder as 25 kleuters per onderwyseres is, terwyl dit by die res wissel van 25 tot 35 kleuters per groep.

In die day care centres word die verhouding van 1 volwassene tot 10 kleuters gehandhaaf en word daar laer kwalifikasies as in die geval van kleuterskole vereis. Daar word ook heelwat gebruik gemaak van ongekwalifiseerde helpsters waaronder moeders van kleuters.

Ook in Engeland en Skotland se day nurseries en nursery schools word daar gestreef na 'n volwassene-kleuterverhouding van 1 tot 10. Wat betref die nursery schools en classes, word as ideaal gestel een opgeleide onderwyseres plus een verpleegster (nursery nurse) vir elke 20-25 kleuters. In die day nurseries aan die hoof waarvan 'n opgeleide verpleegster met die rang van suster of matrone staan, word gestrewe na -

(1) een kleuterverpleegster per 10 2- tot 5-jarige kleuters;

(2) een kleuterverpleegster vir 6 kleuters van jonger as twee jaar; en

(3) een kleuterverpleegster vir 6 babas of subnormale kleuters.

In die play groups word gepoog om twee kleuterverpleegsters vir elke 20-25 kleuters te hê (12, p. 56, 60, 69).

In België word, wat betref personeelvoorsiening, onderskeid gemaak tussen voorskoolse inrigtings vir normale kleuters en dié vir gestremdes. Die voorsieningskaal vir inrigtings wat gestremdes huisves, is naamlik heelwat gunstiger as die skaal vir inrigtings wat normale kleuters bedien. Die voorsieningskaal vir normale kleuters is 2 onderwyseresse vir die eerste 31 kleuters, en daarna 1 ekstra onderwyseres vir elke 30 bykomende kleuters. Die voorsiening word dus progressief al hoe ongunstiger. (In 'n skool met 31 kleuters en 2 onderwyseresse is die verhouding 15.5 teen 1, terwyl dit in die geval van 'n skool met 91 kleuters en 4 personeellede verswak tot 22.8 teen 1.) Die voorsieningskaal vir buitengewone kleuters is soos volg:

(1) Fisies gestremdes: 1 onderwyseres vir die eerste 10, 2 vir die eerste 16 en daarna 1 ekstra onderwyseres vir elke bykomende 10 kleuters.

(2) Kleuters met ander gestremdhede: 1 onderwyseres vir elke 12 kleuters (12, p. 75-77).

In Wes-Duitsland word ten aansien van personeelvoorsiening as ideaal gestel dat daar een opgeleide onderwyseres vir elke 20 kleuters sal wees (25 word as absolute maksimum gestel). Hierbenewens moet daar vir elke 2 onderwyseresse een helpster wees. Dit gee dan 'n volwassene-kleuterverhouding van nagenoeg 1 teen 10. In die praktyk word egter gevind dat daar 1 opgeleide onderwyseres per 30-45 kleuters is. 'n Gunstiger volwassene-kleuterverhouding word dan bewerkstellig deur kleuterassistente (Kinderpflegerinnen) as helpsters aan te stel (12, p. 84).

In Swede is die voorsieningskaal vir day nurseries gunstiger as dié vir kindergartens. Die personeel vir kindergartens, wat uit opgeleide onderwyseresse bestaan, word voorsien op die basis van 1 onderwyseres per 20 kleuters. Elke onderwyseres behartig egter twee sessies per dag en bedien dus twee groepe van twintig kleuters elk. Vir die day nurseries is die voorsiening soos volg:

(1) Kleuters jonger as 2 jaar: 10 per volwassene;

(2) kleuters tussen 2 en 3 jaar: 12 per volwassene; en

(3) kleuters van 3+ jaar: 15 per volwassene.

Die personeel van genoemde inrigtings bestaan uit kleuteronderwyseresse sowel as kleuterverpleegsters.

### 4.10.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

Vanweë die verdeelde beheer bestaan daar geen eenvormigheid wat personeelvoorsiening betref nie, omdat daar uiteraard geen voorgeskrewe algemeen geldende personeelvoorsieningskaal bestaan nie. In die geval van die gesubsidieerde kleuterskole het die provinsies 'n mate van voorskriftelike seggenskap wat betref personeelvoorsiening, en kan hul toesien dat die verhouding onderwyseres-tot-kleuters nie te ongunstig raak nie.

Volgens syfers wat vir 1968 beskikbaar is, was daar in genoemde jaar 293 kleuterskole wat by onderwysdepartemente as sodanig geregistreer was. Aan genoemde kleuterskole, wat vir 16,596 kleuters voorsiening gemaak het, was altesaam 908 onderwyseresse verbonde. Dit gee 'n onderwyseres-kleuterverhouding van nagenoeg 18 tot 1.

Vir die 192 versorgingsoorde wat by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene op 31.5.1968 geregistreer was, met akkommodasie vir 8,290 kinders, kon geen volwassene-kinderverhouding bereken word nie omdat die aantal personeellede nie aangedui is nie (16, p. 2, 3).

## 4.11 BEVINDINGS INSAKE REKORD- EN VERSLAGHOUDING

### 4.11.1 Inleidend

Allerweë word aanvaar dat die hou van sekere rekords en verslae insake die kleuter 'n goeie doel kan dien, mits die verslaghouding op verantwoordbare wyse geskied. Die mening word ook gehuldig dat sekere verslae, waaronder persoonlike en mediese verslae, selfs nog groter nuttigheidswaarde verkry indien dit die kind na die primêre skool vergesel.

### 4.11.2 Die Buiteland

In meeste van die oorsese lande word die volgende op rekord geplaas ten aansien van elke kleuter:

(1) Die aansoekvorm om toelating;
(2) die mediese verslag; en
(3) 'n persoonlike verslag, gegrond op die waarneming van die onderwyseres/kleuterleidster.

In sommige lande, waaronder België en die Verenigde State van Amerika, word al die stukke wat op 'n kleuter betrekking het, in sy persoonlike lêer geplaas. In die geval van Belgiese kleuters, word elkeen se persoonlike lêer aan die primêre skool gestuur waar hy later inskryf. Die inligting hierin vervat dien dan as gids vir die primêre skoolonderwyseres en bring haar op die hoogte van die kind se agtergrond.

Die byhou van 'n mediese verslag oor elke kleuter is 'n aanvaarde prosedure in al die lande wat in die ondersoek betrek is. Wat betref Engeland, Skotland en België, is die aanduiding dat genoemde mediese verslag die kind vergesel wanneer hy na 'n ander skool gaan.

Die persoonlike verslag oor indiwiduele kleuters, berus op die onderwyseres/kleuterleidster se waarneming van die kleuter ten aansien van onder andere sy ontplooiing, sy menseverhoudinge soos dit tussen kleuters en kleuter en volwassenes openbaar word, sy belangstellingsveld en moontlikhede en sy deelname aan, of onthouding van sekere aktiwiteite. Rapportering hieroor aan die ouer, geskied gewoonlik by wyse van 'n samespreking, waartydens sowel die ouers as die kleuterleidster meermale tot 'n beter begrip van die kleuter kom. Slegs by wyse van uitsondering word 'n geskrewe rapport hieroor aan ouers verstrek (12, p. 55, 64, 65, 71, 72, 81, 86).

### 4.11.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

Daar bestaan geen voorgeskrewe of algemeen geldende prosedure ten aansien van die byhou van rekords en verslae nie. Waar sekere rekords of verslae wel bygehou word, is dit te danke aan die inisiatief en goeie oordeel van die skoolhoof en kleuterleidster(s), of geskied dit op aanbeveling van een van die erkende kleuterskoolverenigings.

## 4.12 BEVINDINGS INSAKE BEPLANNING VAN DIE FISIESE RUIMTE VAN DIE KLEUTEROORD

### 4.12.1 Inleidend

Meeste lande gaan uit van die veronderstelling dat enige beplande voorskoolse versorgings- en/of opvoedingsprogram, slegs doeltreffend ten uitvoer gebring kan word binne 'n deeglik beplande fisiese ruimte. Genoemde fisiese ruimte sluit sowel die gebou waarin die kleuters gehuisves word, as die omringende speelterrein met fasiliteite in. Die opvoedingsprogram stel uiteraard sekere eise wat betref speelterrein, geboue, fasiliteite en toerusting. Gevolglik kan die doeltreffendheid al dan nie van die gebou, terrein en toerusting in 'n mate bepalend fungeer ten aansien van die

gehalte van die versorgings- en/of opvoedingswerk wat daar gedoen word.

Gevolglik lê al die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, sekere minimumvereistes neer waaraan geboue en terreine moet voldoen. Ook wat betref toerusting en ander fasiliteite, moet aan voorafbepaalde minimumvereistes voldoen word. By die bepaling van genoemde minimumvereistes dien nie slegs die doeltreffende funksionering van die versorgings- en opvoedingsprogram as oorweging nie, maar ook die beveiliging van die kleuter se gesondheid en die bevordering van sy fisiese welsyn, word in gedagte gehou.

Uiteraard voldoen alle bestaande geboue en terreine nie in alle opsigte aan die vereistes nie, maar by die oprigting van nuwe geboue, word gewoonlik toegesien dat daar wel aan die minimumvereistes uitvoering gegee word.

4.12.2 Terreine

(a) Ligging en verspreiding van terreine

(i) Inleidend

Aangesien voorskoolse kleuteroorde die belange van kleuters afkomstig uit 'n gegewe woonbuurt behoort te dien, is dit belangrik dat terreine gekies sal word wat so sentraal moontlik geleë is binne die gebied wat bedien moet word. Praktiese oorwegings soos maklike bereikbaarheid langs redelike stil strate, kan egter ook bepalend fungeer.

(ii) Die Buiteland

Die beleid in meeste lande is dat die kleuteroord verkieslik binne maklike loopafstand van die kleuters se tuistes af geleë moet wees. Vanweë die digte bevolkingskonsentrasie in die stedelike gebiede van die Europese lande, is dit heel selde nodig vir kleuters om meer as 'n paar straatblokke te stap na die kleuteroord. Die aanvraag bepaal hier die verspreiding van voorskoolse geriewe. Terreine is meermale uiters moeilik bekombaar in digbeboude stedelike komplekse.

In die stedelike gebiede van die Verenigde State van Amerika word verkies dat die kleuteroord binne loopafstand, dit wil sê nie meer as 'n halfmyl van die kleuter se woonplek, geleë moet wees nie. In minder digbewoonde of in plattelandse gebiede, waar noodgedwonge van busvervoer gebruik gemaak moet word, moet die kleuteroord verkieslik binne uiters 'n halfuur per bus bereik kan word (19, p. 16).

Ook in Swede word dit uiters belangrik geag dat kleuteroorde só geleë sal wees dat hul maklik bereikbaar is. Daar word verkies dat die terreine vir oorde binne 'n distrik of gemeenskap só uitgesoek sal word, dat dit binne tien minute loopafstand sal wees vanaf die kleuter se woonplek. Hierbenewens moet dit verkieslik in 'n stil omgewing geleë wees en maklik bereikbaar langs veilige paaie met betreklik min verkeer (13, p. 8).

(b) Grootte van terreine

(i) Inleidend

Om funksioneel doeltreffend te wees, moet die terrein van 'n kleuteroord groot genoeg wees om, nadat daar vir geboue voorsiening gemaak is, nog voldoende ruimte te laat vir speelplek vir die kleuters. Meeste lande reik dan ook voorskrifte uit insake die aantal vierkante voet speelruimte per kleuter, waarvoor op die terrein voorsiening gemaak moet word.

(ii) Die Buiteland

In Swede word van die veronderstelling uitgegaan dat elke kleuter 'n buitelugspeelruimte van minstens 161 vk. vt. benodig (13, p. 8). In die Verenigde Koninkryk word die minimumvereiste op 100 vk. vt. per kleuter gestel (12, p. 165), terwyl in die Verenigde State van Amerika die benodigde buite-speelruimte op minstens 75 vk. vt. per kleuter gestel word (12, p. 165). Dit word egter deur sekere kenners selfs so hoog as 100-200 vk. vt. per kleuter gestel (11, p. 54; 19, p. 16). In sowel Wes-Duitsland as België word nagenoeg 64 vk. vt. per kleuter as minimumvereiste gestel (12, p. 165).

(iii) Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

Twee van die provinsies stel 'n speelterrein van minstens 60 vk. vt. per kleuter

as één van die vereistes vir die registrasie van kleuterskole, met die oog op subsidiëring (16, p. 17).

(c) Beplanning en uitleg van terreine

(i) Inleidend

Dit word allerweë as wenslik beskou dat die beplanning van die gebou en van die terreinuitleg, tegelykertyd sal geskied. Verder word aanvaar dat daar op 'n deeglik beplande speelterrein voorsiening gemaak moet word vir -

(1) intieme, beskutte speelhoekies vir elke indiwiduele kleutergroep, reg voor hul binnespeelruimte, indien enigsins moontlik; en

(2) gesamentlike of gemeenskaplike speelterrein vir al die kleuters, waar daar onder andere voorsiening moet wees vir harde oppervlaktes soos paadjies vir wielspeelgoed, bergruimte vir sowel wielspeelgoed as tuingereedskap, geplaveide oppervlaktes, hardloopruimte (grasperke), sandputte, struike en blombeddings, en 'n spesiale ruimte vir groot vaste buite-speelapparaat soos onder andere swaaie en glyplanke.

(ii) Die Buiteland

Die aard en ligging van die terrein fungeer bepalend ten aansien van die plasing en uitleg van die gebou, asook wat betref die beplanning en uitleg van die speelterrein. Om hierdie rede lê geeneen van die lande voorskrifte neer insake die uitleg van die terrein nie. In enkele gevalle word minimumvereistes gestel ten aansien van onder andere geplaveide oppervlaktes en sandputte. Selfs sulke voorskrifte moet egter plooibaar wees, aangesien plaaslike omstandighede bepalend kan wees. Waar daar dus hoegenaamd voorskrifte bestaan, word die minimumvereistes wat gestel word, nie as absoluut bindend beskou nie. Wat betref geplaveide oppervlaktes en sandputte, kan die volgende vermeld word:

(1) Geplaveide oppervlaktes

Plaaslike weersomstandighede fungeer bepalend ten aansien van die noodsaak vir, en die omvang van geplaveide oppervlaktes. As voorbeeld kan dien dat daar slegs in die Verenigde Koninkryk met sy mistige, klam weertoestande, voorskrifte insake geplaveide oppervlaktes bestaan. Hier word naamlik voorgeskryf dat minstens 40 van die 100 vk. vt. buitespeelruimte per kleuter, geplavei moet wees (12, p. 176). In die hoë reënvalstreke van die Verenigde State van Amerika, skep die weersomstandighede die noodsaak vir groter geplaveide oppervlaktes. Soms is dit nodig om die hele speelterrein van 'n harde oppervlakte te voorsien en afdakke oor die geplaveide gedeeltes aan te bring, as enigste uitweg om 'n droë buite-speelterrein daar te stel. In teenstelling hiermee bestaan daar in die lae reënvalstreke van genoemde land weinig behoefte aan geplaveide oppervlaktes (12, p. 176). In meeste lande word volstaan met 'n verwysing na die noodsaak vir geplaveide oppervlaktes, waarop onder andere met wielspeelgoed gespeel kan word.

(2) Sandput

Allerweë word aanvaar dat sand vanweë sy vormbaarheid en vervormbaarheid 'n ideale en selfs universele speelmiddel vir kleuters is en behoort te wees. Meeste lande beklemtoon die noodsaak daarvan dat higiëniese oorwegings deurslaggewend moet wees by die konstruksie en onderhoud van sandputte. Wanneer oorweeg word waar om 'n sandput te plaas, behoort weerstoestande in ag geneem te word. Dit sal onder andere bepaal of dit wenslik is om 'n buite-sandput te hê, of om 'n sandbak op wiele gemonteer, te hê wat ook binnenshuis in gure weersomstandighede gebruik kan word.

Enkele lande stel minimumvereistes ten aansien van die grootte van sandputte. In die Verenigde Koninkryk is die vereiste 'n sandput van 144 vk. vt. per 40 kleuters (12, p. 178). In België en Wes-Duitsland word geen minimumvereistes gestel nie, maar word voorkeur verleen aan 'n hele aantal kleinerige sandputte. In die Verenigde State van Amerika word sandbakke wat op wiele gemonteer is en wat sowel binne- as buitenshuis benut kan word, as die bruikbaarste beskou. Sulke bakke is egter uiteraard van beperkte grootte (12, p. 177, 178).

4.12.3 Gebouestandaarde

(a) Inleidend

Aangesien die doeltreffendheid al dan nie van die gebou bepalend kan inwerk op die uitvoering van die beoogde versorgings- of opvoedingsprogram, lê al die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, sekere standaarde of norme neer ten aansien van die grootte en konstruksie van die geboue. Geeneen van die lande waag hul egter daaraan om standaardplanne daar te stel nie, omdat uiteenlopende plaaslike omstandighede uiteraard groot aanpassings hierby sal verg. Meestal word dit aan die argitek oorgelaat om met die terreinuitleg in gedagte, die gebou te plaas en van binne uit te beplan. Hy is egter gebonde om voorsiening te maak vir sekere lokale wat uit ondervinding noodsaaklik geblyk het vir kleuteroorde, asook aan die minimumgroottes wat vir genoemde lokale voorskriftelik bepaal is.

(b) Die Buiteland

(i) Inleidend

In meeste lande word speelkamers en was- en toiletgeriewe vir die kleuters, 'n kombuis, 'n administratiewe lokaal (hoof se kantoor), 'n personeelkamer met toiletgeriewe vir die personeel, gange en stoepe, en binne-bergruimte as noodsaaklik geag, en word daar minimumvereistes gestel ten aansien van die vloerruimte van elk van genoemde lokale.

(ii) Lokale wat spesifiek vir die kleuters bedoel is

Die volgende lokale is 'n vereiste:

(1) Speelkamers

Die speelkamer word allerweë as die belangrikste lokaal in die kleuteroord beskou, omdat alle binnenshuise opvoedings- en speelaktiwiteite hierin plaasvind, terwyl dit by geleentheid ook as eet-, slaap- en rusplek benut word. Doeltreffendste het geblyk te wees 'n ruim reghoekige vertrek sonder onderverdelings, waarin die kleuterleidster met lae skerms afsonderlike speel-, storie- of ander hoekies, kan inrig. Onmiddellik vóór so 'n speelkamer word meermale 'n intieme buite-speelhoekie ingerig, wat as verlengstuk van die binnespeelruimte en as brug tot die gesamentlike speelterrein dien. Genoemde intieme buite-speelhoekie neem meermale die vorm van 'n oordekte geplaveide stoep aan.

In al die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, moet die speelkamers voldoen aan minimumstandaarde ten aansien van vloeroppervlakte. Alhoewel dit uiteraard wissel van land tot land, word 'n minimumvloerruimte van nagenoeg 30 vk. vt. per kleuter, in feitlik alle lande as norm aanvaar. Die minimum toelaatbare vloerruimte wissel van gemiddeld 21 vk. vt. per kleuter in die Wes-Duitse State, tot 35 vk. vt. per kleuter in die Verenigde State van Amerika. In Amerika word verder aanbeveel dat geen speelkamer kleiner as 720 vk. vt. sal wees nie, ongeag die feit dat die grootte van die groep dit nie regverdig nie (19, p. 16; 12, p. 138).

In België word benewens die gewone speelkamerruimte, bereken teen 30 vk. vt. per kleuter, nog vir elke 90 kleuters 'n addisionele ruim speelkamer, bereken teen 10 vk. vt. per kleuter, voorsien. Dit stoot die totale beskikbare speelruimte per kleuter na 40 vk. vt. op (12, p. 138). In Swede word die vloeroppervlakte per kleuter volgens die ouderdom van die kleuters bepaal en is soos volg:

(1) 5 plus-jariges: 32 vk. vt. per kleuter;

(2) jonger as 5 jaar: 38 vk. vt. per kleuter; en

(3) heel jongstes: 43 vk. vt. per kleuter.

Die Social Welfare Board se jongste aanbeveling lui dat in die beplanning van nuwe kleuteroorde die volgende as minimumoppervlaktes per kleuter sal geld:

(1) heel jongstes: 54 vk. vt. per kleuter; en

(2) alle ander: 43 vk. vt. per kleuter.

Die veronderstelling waarvan hier uitgegaan word, is dat die groter lokale nie slegs meer bruikbaar sal wees nie, maar dat normale gebruikslytasie daardeur beperk sal word (13, p. 7).

(2) Kleedkamers en toiletgeriewe

Alles word in die werk gestel om sindelike, doeltreffende kleedkamer- en toiletgeriewe vir die kleuters te beplan. Om sindelikheid te verseker, word vereis dat die mure geteël of met wasbare verf afgewerk moet wees, terwyl vloere van 'n harde, sindelike, maklik reinigbare materiaal moet wees. Meestal vorm die kleedkamer- en toiletgeriewe 'n aaneenlopende geheel, aangrensend aan die speelkamer en bereikbaar vanaf die speelterrein. Om toesighouding te vergemaklik bestaan die afskorting tussen speelkamer en kleedkamers gewoonlik uit lae muurtjies met glaspanele daarbo.

(iii) Vloerruimte

Geeneen van die lande lê minimumvereistes ten aansien van die vloeroppervlakte van kleedkamers en toilette neer nie. Die jongste modelplanne in die Verenigde State van Amerika maak egter voorsiening vir 7 vk. vt. per kleuter, terwyl 7.5 vk. vt. in die Verenigde Koninkryk, 7.7 vk. vt. in Wes-Duitsland en 8.6 vk. vt. in België per kleuter voorsien word (12, p. 150).

(iv) Toerusting vir kleuters

Die toerusting wat ter sprake is, is die volgende:

(1) Wasbakke

Die wasbakke word volgens grootte, monteringshoogte en hanteerbaarheid, aangepas by die behoeftes van voorskoolse kleuters. By die bepaling van die aantal wasbakke wat benodig word, word gewoonlik in gedagte gehou dat handewas meermale 'n gerigte aktiwiteit is, dit wil sê, deel van 'n beplande program. Gevolglik moet 'n hele aantal kleuters binne 'n redelike tyd hul hande kan was, en moet daar voldoende geriewe wees om onnodige wagtery uit te skakel. Die minimumaantal wasbakke wat vereis word, wissel grootliks, en wel vanaf 1 per 4 kleuters in die Verenigde State van Amerika en 1 per 5 in die Verenigde Koninkryk, tot so min as 1 per 12 kleuters op die Europese vasteland (12, p. 143).

(2) Toilette (spoelbakke)

Die sit- en handvatselhoogtes is aangepas by die grootte van voorskoolse kleuters. 'n Plastiese hoefystervormige sitplek word algemeen aanbeveel. Afsonderlike hokkies is nagenoeg 30 duim wyd en is met 'n lae afskorting van 42 duim van mekaar geskei. Deurtjies word nie aanbeveel nie en selde aangetref. Afsonderlike geriewe vir seuns en dogters word nie noodsaaklik geag nie. Die vereiste minimumaantal spoelbakke word tans op 1 per 14 kleuters gestel in die Verenigde State van Amerika, en op 1 per 10 in die Verenigde Koninkryk en op die Europese vasteland. Die jongste modelplanne in die Verenigde State van Amerika maak ook voorsiening vir 1 spoelbak per 10 kleuters (12, p. 147, 148).

(3) Spieëls

Daar bestaan geen voorskrifte rakende die voorsiening van spieëls nie. Nietemin beskou ervare kleuterleidsters dit noodsaaklik om minstens bokant elke wasbak 'n spieël te hê (12, p. 145).

(4) Klerekassies

'n Meerdoelige klerekassie met bêreplek vir skoene, kledingstukke en persoonlike besittings, sowel as hangplek vir 'n handdoek, word as noodsaaklik vir elke kleuter beskou. Hoewel daar geen voorskrifte in dié verband bestaan nie, word sulke persoonlike klerekassies wel voorsien. Uiteenlopende ontwerpe word aangetref, waarvan sommige 'n sitplekkie in die onderste gedeelte inkorporeer.

(v) Lokale wat spesifiek vir die personeel bedoel is

a. Personeelkamer

In die Verenigde State van Amerika word personeelkamers nie as 'n vereiste beskou nie. In die Verenigde Koninkryk word egter vereis dat 'n personeelkamer met kleed-, was- en toiletgeriewe voorsien moet word. Die personeelkamer word by geleentheid as mediese-ondersoekkamer benut. In die Wes-Duitse state word feitlik deurgaans vereis dat kleuteroorde met meer as 4 personeellede oor 'n personeelkamer moet beskik (12, p. 151, 152).

b. Hoof se kantoor

In die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk, België en Wes-Duitsland is dit beleid dat daar 'n kantoor vir die hoof moet wees. Soms dien die hoof se kantoor ook as ontvangskamer vir besoekers en as teekamer vir die personeel. In die Verenigde Koninkryk neig die jongste modelplanne in die rigting van 'n groter kantoor vir die hoof, wat met die toevoeging van 'n klein kombuisie, ook moet dien as personeelkamer (12, p. 150-152).

(vi) Ander lokale en ruimtes

a. Kombuis

Daar bestaan geen spesifieke voorskrifte insake die voorsiening van kombuisgeriewe nie. In sommige lande waar die kleuters sowel 'n oggend- as 'n namiddagsessie bywoon, word 'n middagmaal bedien. Geriewe soos 'n kombuis, 'n spens en selfs 'n eetsaal, word in sulke gevalle voorsien.

b. Voorraadkamer

Daar is in geeneen van die lande spesifieke voorskrifte insake die voorsiening van bergplek nie. Meeste kleuteroorde beskik egter oor voldoende bergplek vir materiaal en bedjies in elke speelkamer, asook oor afsonderlike sentrale bergruimte vir algemene voorrade en vir skoonmaakmateriaal.

c. Gange en stoepe

Daar word allerweë gepoog om die ruimte wat deur gange in beslag geneem word, tot die minimum te beperk. Op die jongste modelplanne, kom gange slegs voor waar dit die enigste moontlike wyse verteenwoordig waarop 'n noodsaaklike verbinding tussen vertrekke bewerkstellig kan word.

In die modelplanne beslaan gange en stoepe nagenoeg 30% van die gebou se totale oppervlakte. Dit kan aanvaar word dat stoepe en verandas verreweg die grootste deel hiervan verteenwoordig. Geplaveide en oordekte stoepe wat reg voor die speelkamers geleë is, word naamlik allerweë as intieme buite-speelruimtes, aanvullend tot die binne-speelruimte, benut.

## 4.13 BEVINDINGS INSAKE DIE OPVOEDINGSPROGRAM

### 4.13.1 Die aard van die opvoedingsprogram

(a) Inleidend

Die opvoedingsprogram van die kleuteroord moet voorsiening maak vir aktiwiteite wat gerig is op die vorming van die kind, deur die ontplooiing van al sy moontlikhede. Wat aan die kleuters in so 'n program gebied word, toon veel meer ooreenkoms met wat binne normale gesinsverband aan 'n kleuter gebied behoort te word, as met formele skoolse onderwys. Hoewel so 'n program ook kennisverwerwing aan die orde stel, geskied genoemde kennisverwerwing nie op formeel skoolse wyse nie, maar op informele, insidentele wyse. Die kleuter doen naamlik kennis op deur te speel en deur hom met praktiese aktiwiteite besig te hou.

In meeste programme word voorsiening gemaak vir gerigte en vrye aktiwiteite, sowel binnens- as buitenshuis. Gewoontevormende aktiwiteite, geleentheid tot taalontwikkeling, voldoende speelgeleentheid, gesondheidsbeveiliging, liggaamsoefening, musiek en sang, rus en slaap, is almal belangrike fasette van 'n gebalanseerde, pedagogies-verantwoorde program. Die opeenvolging van die verskillende aktiwiteite en die oorgang van een aktiwiteit na die volgende, vereis versigtige beplanning. Die kleuters moet op natuurlike, gemaklike wyse in klein groepe, van een aktiwiteit na die volgende oorskakel sonder tydverspilling, en beslis sonder regimentering. Om aan al hierdie vereistes te kan voldoen, moet 'n program soepel, wendbaar, aanpasbaar en stimulerend wees, sonder om oorstimulerend te wees.

Die daaglikse aktiwiteite wat in die program ingepas word, moet in die lig van 'n groep kleuters se node en behoeftes bepaal word. Die indiwiduele kleuter se ontplooiing moet egter nie onlosmaaklik aan dié van die groep gekoppel wees nie, aangesien elke kind toegelaat behoort te word om teen eie tempo te ontplooi.

(b) Die Buiteland

(i) Inleidend

Meeste lande lê slegs breë riglyne neer, waaraan die opvoedingsprogram behoort te voldoen. Slegs in België, waar die kleuteronderwys 'n geïntegreerde deel van die skoolstelsel vorm, word die daaglikse lesrooster van owerheidsweë voorgeskryf. Voorskoolse inrigtings in ander lande geniet heelwat vryheid wat die implementering van die vasgestelde program betref.

(ii) België

As belangrikste doelstelling van die opvoeding wat die kleuterskool bied, word genoem: die hoogs moontlike "ontwikkeling" (ontplooiing) van die kleuter se persoonlikheid, tot voordeel van homself en van die maatskappy. Dit moet die opvoeding aanvul wat die kleuter tuis ontvang, en sorg vir 'n sinvolle oorgang vanaf die gesinslewe na die ware skoollewe. Dit moet aanvaar word dat hoewel alle kleuters by kleuteronderwys baat vind, almal dit nie vir ewe lank nodig het nie. So het almal (en veral die jongstes) nie 'n voldagprogram nodig nie, en hoef almal nie noodwendig die kleuterskool vir 'n volle drie jaar lank by te woon nie.

Die lesrooster vir elke dag word voorgeskryf deur die Ministerie van Nasionale Opvoeding en Kultuur. Die onderwyseres moet egter met inagneming van die groep waarvoor sy verantwoordelik is, die daaglikse aktiwiteite beplan en aanpassings maak waar nodig. Vanweë die voorgeskrewe lesrooster is die benadering baie formeel, sodat al die kleuters van 'n gegewe klasgroep gewoonlik op dieselfde tyd met dieselfde aktiwiteit besig is, behalwe tydens vrye spel. Die aktiwiteite duur gewoonlik nagenoeg 30 minute elk, en afgesien van 'n daaglikse periode van vrye spel buite, vind dit hoofsaaklik binnenshuis plaas.

Die opvoedingsprogram maak voorsiening -

(1) vir taalervaring en taalontwikkeling, waarby die voorbeeld van die onderwyseres as uiters belangrik geag word en wat onder andere aanleer van rympies, 'n verteluurtjie (stories), en kyk na prenteboeke insluit;

(2) vir estetiese opvoeding, waartydens kleuters bewus gemaak word van die mooie en skone om hulle;

(3) vir sang en musiek in verskillende vorme;

(4) vir vrye spel;

(5) vir liggaamsoefening;

(6) vir die beoefening van handvaardigheid;

(7) vir "intellektuele ontwikkeling" wat nie deur direkte onderrig geskied nie maar deur die inwerking en kwaliteit van die milieu; en

(8) vir 'n geïndiwidualiseerde benadering van veral die ouer kleuters, aan wie voorbereidende aktiwiteite en oefeninge met die oog op taalontwikkeling en lees- en rekengereedheid gebied word. (Geen formele lees- en rekenlesse word egter aangebied nie.) (12, p. 78-80)

(iii) Die Verenigde Koninkryk

a. Engeland

Die vernaamste doelstelling wat in die opvoedingsprogram bestrewe word, is die algemene ontwikkeling van die kind. Omdat geredeneer word dat die kleuterskool aanvullend tot die huislike opvoeding moet fungeer, word kleuteronderwys nie as ewe noodsaaklik beskou vir kleuters uit goeie en uit swak huislike milieus nie. Terwyl kinders uit goeie milieus nie noodwendig die halfdagprogram vir 5 dae per week hoef by te woon nie, word die mening gehuldig dat kinders uit swak milieus selfs aan 'n voldagprogram behoefte het.

Die deursneeprogram maak selde voorsiening vir 'n aktiwiteit waarin al die kinders van 'n groep gelyktydig betrek word. Daarom word twee volwassenes per groep benodig, sodat een groepie byvoorbeeld 'n storie kan hoor, terwyl die ander groepie met ander aktiwiteite aangaan. Selfs ligte verversings word op informele wyse bedien en elkeen wat klaar is gaan voort met sy eie aktiwiteit.

Kleuters van dieselfde groep kom egter saam vir ritmiese aktiwiteite, musiek en sang. Ook maaltye word gesamentlik genuttig en almal rus saam daarna.

Hoewel die ritme en patroon verskil, bestaan daar wat betref die inhoudelike, groot ooreenkoms tussen die programme van halfdag- en heeldagoorde. In albei gevalle word periodes van aktiewe spel met rustye afgewissel. As die weer dit toelaat, word kleuters toegelaat om buite te speel. 'n Groot verskeidenheid van materiaal en aktiwiteite word aan die kleuter gebied. Die aktiwiteite wat aangebied word is daarop ingestel om -

(1) die kleuter se spierkontrole;
(2) oog-hand koördinasie;
(3) persepsievermoë; en
(4) denke te ontwikkel;
(5) sy waarnemingsvermoë te oefen;
(6) sy aanvoeling vir musiek en ritme te ontwikkel;
(7) hom so selfstandig moontlik te maak;
(8) hom te leer om met ander kinders te meng;
(9) sy liefde vir en belangstelling in boeke te prikkel; en
(10) sy taalvermoë te ontwikkel (12, p. 62-64).

b. <u>Skotland</u>

Die kleuteropvoedingsprogram is beplan met die oog op die algemene ontwikkeling van die kleuter, en om as aanvulling te dien van die opvoeding wat die kleuter tuis ontvang. Daar word gepoog om in die daaglikse program vir die volgende aktiwiteite voorsiening te maak:

(1) 'n Musiekaktiwiteit, waaronder sang, ritmiese beweging, slagorkes en na plate luister ressorteer;

(2) taalaktiwiteite, waaronder na stories luister en dramatisering ingesluit is;

(3) projekwerk, waartydens ook taalontwikkeling en uitbreiding van die woordeskat aandag geniet;

(4) handvaardigheidsaktiwiteite, waartydens kleuters in die geleentheid gestel word om verskillende materiale te manipuleer;

(5) spelaktiwiteite, wat ook vir spierontwikkeling voorsiening sal maak; en

(6) geleentheid om huis-huis te speel - te bak, te kook, naaldwerk te doen, huis skoon te maak.

Soos in Engeland, word hier geen definitiewe lesrooster gevolg nie en is al die kinders van 'n gegewe groep selde met dieselfde aktiwiteit besig (12, p. 70-72).

(iv) <u>Die Verenigde State van Amerika</u>

Die doel met die opvoedingsprogram is om elke kleuter se moontlikhede tot volle ontplooiing te help bring. Met die oog hierop, moet die leemtes in die ervaringsveld van kleuters afkomstig uit swak milieus vroegtydig opgespoor word, met die oog op die effektiewe aanvulling daarvan.

As ideaal word gestel 'n deeglik beplande maar plooibare en informele kurrikulum wat die volgende behoort in te sluit: sensoriese, kreatiewe en intellektuele ondervindings in musiek, kuns, taal en literatuur, wetenskap, rekenkunde en sosiale studie.

Die program moet aan die kind voldoende geleentheid bied om te luister en te praat, om aldus sy taalvermoë te ontwikkel. Alle aktiwiteite moet aangepas wees by die kleuter se ontwikkelingsvlak en moontlikhede, sodat hy dit suksesvol kan onderneem en 'n gevoel van toereikendheid kan ondervind.

Die belangrikheid van vrye buitespel en van skeppende aktiwiteite met rou- en afvalmateriaal (wat in sommige programme nie tot hul reg kom nie), word tans weer opnuut beklemtoon. Wat betref die daaglikse program, word vereis dat dit gebalanseerd sal wees, met die kind se ontwikkelingsbehoeftes rekening sal hou en voorsiening vir die volgende aktiwiteite sal maak:

(1) <u>Oggendinspeksie:</u> Daar moet veral op veranderinge in die kleuter se voorkoms, gesondheidstoestand en gedrag gelet word.



RAAD [illegible]

(2) Voldoende afwisseling: periodes van aktiewe betrokkenheid moet deur rustige spel gevolg word.

(3) Spelaktiwiteite wat leerervaringe vir sowel groep as indiwidu skep.

(4) Verskaffing van ligte verversings, wat soms 'n periode van ontspanning en gesellige verkeer kan insluit.

(5) Rusperiode (slaap) of 'n rustige periode waartydens na musiek of stories geluister word.

(6) Toiletroetine.

(7) Buite-spel.

(8) 'n Gebalanseerde middagmaal (aan heeldaginrigtings) met die voorbereiding en bediening waarvan die kleuters wat daartoe in staat is, hulp kan verleen (12, p. 51-54).

(v) Wes-Duitsland

Die klem val hier veral op die opvoedingsaspek van die voorskoolse program. In sommige state word verlang dat die program sal bydra tot die skoolgereedheid van kleuters, met die oog op suksesvolle aansluiting by die primêre onderwys. Geen formele onderwys mag egter gegee word nie. Daar word sterk beklemtoon dat 'n huislike atmosfeer in die kleuteroord geskep moet word, waarin aan die kleuter geleentheid gebied word om te speel soos hy tuis gespeel het.

Daar bestaan geen voorgeskrewe opvoedingsprogram nie. Daar word vertrou dat die kleuterleidster se opleiding en haar kennis van die behoeftes van kleuters wat op verskillende ontwikkelingsniveaus verkeer, haar in staat sal stel om 'n program te beplan wat in alle behoeftes voorsien. Enkele riglyne oor wat die program behoort te omvat, word egter wel verstrek. Meeste programme maak dan ook voorsiening vir -

(1) musiekervaring met sang, slag- en orfinstrumente;
(2) liggaamsoefening;
(3) 'n verskeidenheid handvaardigheidsaktiwiteite;
(4) taalontwikkeling;
(5) verbeeldingspel; en
(6) vrye spel (12, p. 85-86).

(vi) Swede

Die doel met die opvoedingsprogram is om die ontplooiing van die kind se moontlikhede te bewerkstellig. Daarom is dit nie slegs gemik op die intellektuele nie, maar sny dit ook die fisiese, sosiale en geesteskomponente aan.

In die beplanning en uitvoering van die program word deeglik rekening gehou met die moontlikhede van kleuters van verskillende chronologiese ouderdomme en wel as volg:

(1) Kleuters van jonger as 3 jaar is nog nie ryp genoeg om in groepe saam te werk of te speel nie, en word dus toegelaat om vryelik elkeen op sy eie te speel, om aldus op spontane wyse die verskillende fasette van hul persoonlikheid en hul persoonlike belangstelling te ontplooi. Elke geleentheid wat hom voordoen vir groepspel behoort egter benut te word, sonder om egter kleuters daartoe te verplig.

(2) Kleuters tussen die ouderdomme van 4 en 7 jaar word ook toegelaat om vrylik te speel met speelgoed wat hul self selekteer. Dit bied aan die kleuterleidster geleentheid om elkeen te observeer en leiding en hulp te bied, indien nodig. Veral speelmateriaal wat kreatiewe moontlikhede bied, soos papier, verf, naaldwerk-, houtwerk- en boumateriaal, word tot hierdie groep se beskikking gestel. Met die oog op spontane groepaktiwiteite en sosiale en huislike vorming, word onder andere ook popklere, pophuise en miniatuurkombuise beskikbaar gestel. Vir hierdie ouderdomsgroep word geleidelik meer en meer groepaktiwiteite aangebied. Gereelde groepbyeenkomste word gehou en kleuters word aangemoedig om vir 'n kort tydjie te gesels, te vertel, te sing of deel te neem aan groepspele.

Wat betref die 5- tot 7-jariges in sulke groepe, word pogings in die werk gestel om hul te laat belangstel in en kennis te laat opdoen van die wêreld waarin hul leef. Met belangstellingsentra soos skepe, treine, of vliegtuie as vertrekpunt, word byvoorbeeld 'n besoek aan 'n hawe beplan. Vooraf word prente en ander materiaal in verband met hawes en skeepvaart versamel, stories word vertel, modelleer- en tekenwerk gedoen, waarna die besoek beplan en afgelê word. Nie alleen bekom die kleuters op hierdie wyse bruikbare geïntegreerde kennis nie, maar hul belangstelling word geprikkel, hul leer om in groepe saam te werk en hul kry goeie geleentheid vir taalontwikkeling. Die program maak geen voorsiening vir formele leer-, skryf- of rekenonderrig nie, maar kleuters wat ryp genoeg is en wat spontane belangstelling daarin toon, word voorsien van voorbereidende oefenmateriaal wat lees- en leergereedheid bevorder (13, p. 12, 13).

(vii) Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

'n Ondersoek wat ingestel is na die opvoedingsprogram wat tans aan gesubsidieerde kleuterskole gevolg word, toon die volgende:

(1) Daar bestaan geen algemeen geldende voorgeskrewe program nie, maar as gevolg van die invloed van -

i. Kleuterskoolverenigings,
ii. die Handboek van Kleuterskoolverenigings, (20, p. 29-44), en
iii. die Inspekteurs van Onderwys,

toon die bestaande programme tog heelwat ooreenkomste.

(2) Daar word wat betref die tydsduur van die aktiwiteite, onderskeid gemaak tussen die twee- tot driejaaroudgroep en die vier- tot sesjaaroudgroep. Die program is egter soepel genoeg om voorsiening te maak vir die verlenging of inkorting van aktiwiteite, al na gelang die kleuters belangstelling of verveeldheid toon.

(3) Die deursnee-program maak voorsiening vir -

i. binnenshuise spel en aktiwiteite, wat groepaktiwiteite soos sang, stories, gerigte spel, asook spel met manipulatiewe apparaat, skeppende aktiwiteite en verbeeldingspel insluit;

ii. buitenshuise spel, wat vry of gerig kan wees en wat veral bydra tot sosiale ontplooiing en fisiese ontwikkeling; en

iii. roetine-aktiwiteite, soos handewas, verversings geniet, rus en slaap, toiletroetine, mediese en tandheelkundige ondersoeke.

(4) In die programme van die gesubsidieerde kleuterskole word geen voorsiening vir formeel skoolse lees-, skryf- en rekenonderrig gemaak nie (16, p. 26, 27). Enkele nie-gesubsidieerde kleuterskole wat formele onderrig in lees, skryf en reken aanbied, skend hiermee die informele aard en wese van die voorskoolse opvoedingsgebeure en berokken aldus skade aan die kleuter wat op hierdie tydstip veral nood het aan aansluiting by en uitbreiding van die huislike opvoedingsbemoeienis.

Wat betref die opvoedingsprogram het die Minister van Nasionale Opvoeding reeds in sy persverklaring van 13-14 April 1969 die volgende bekend gemaak:

"'n Goed-beplande program behoort voorsiening te maak vir wetenskaplik-verantwoorde inhoude en praktyke soos -

(i) aktiwiteite ter bevordering van sosiale ontwikkeling;
(ii) geleentheid vir skeppende aktiwiteite en self-ekspressie;
(iii) aktiwiteite ter verryking of ontwikkeling van passiewe en aktiewe taalbesit;
(iv) aktiwiteite en spel om die intellektuele vermoë te oefen;
(v) spel of aktiwiteite wat op beweging ingestel is en dus spierontwikkeling sal teweegbring;
(vi) geleentheid vir estetiese vorming; en
(vii) gewoontevormende aktiwiteite soos handewas, toiletroetine, ens." (Paragraaf (i) van die persverklaring.)

4.13.2 Kontrole oor die uitvoering van die opvoedingsprogram

(a) Die Buiteland

In al die lande waar kleuteroorde onder die beheer van 'n onderwysowerheid ressorteer, word sulke oorde deur die inspekteurs van onderwys van die betrokke owerheid besoek. Die inspekteurs kontroleer die wyse waarop uitvoering gegee word aan die opvoedingsprogram en adviseer die personeel waar nodig. In dié lande waar kleuteroorde onder ander staatsdepartemente ressorteer, word die geboue en fasiliteite deur amptenare van die betrokke departemente geïnspekteer. Inspekteurs van onderwysowerhede besoek sulke oorde soms op uitnodiging van die staatsdepartemente om die uitvoering van die opvoedingsprogram te kontroleer. Sommige private kleuteroorde beskik oor hul eie inspekteurs, terwyl ander weer die onderwysowerheid se inspekteurs nooi om inspeksies uit te voer (12, p. 65, 72, 81, 82, 86).

(b) Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

Alle kleuterskole wat by onderwysdepartemente geregistreer is en deur hulle gesubsidieer word, is onderworpe aan inspeksie deur provinsiale inspekteurs van onderwys. Die inspekteurs rapporteer gewoonlik oor sowel die fasiliteite van die kleuterskool, as oor die wyse waarop uitvoering gegee word aan die opvoedingsprogram.

Ongesubsidieerde inrigtings is uiteraard nie onderhewig aan enige kontrole van owerheidsweë nie. Indien genoemde inrigtings egter geaffilieer is by die Kleuterskoolvereniging, word verteenwoordigers van genoemde Vereniging gestuur om die kleuterskool te beoordeel.

Inrigtings wat deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gesubsidieer of geregistreer is, se versorgingsaspekte word deur inspekteurs van genoemde Departement gekontroleer. Daar is egter geen kontrole oor die opvoedingsaspek van sulke inrigtings nie.

Insake die kontrole oor die uitvoering van die opvoedingsprogram, is die volgende beslissing reeds deur die Minister van Nasionale Opvoeding geneem en in sy persverklaring van 13-14 April 1969 bekend gemaak. Hierdie beslissing lui soos volg:

"Alle kleuterskole insluitende nie-gesubsidieerde kleuterskole, behoort aan inspeksie onderworpe te wees. Inspeksie moet uitgevoer word deur die inspekteurs/inspektrises van die onderwysdepartement by wie die kleuterskool geregistreer is. Die aard van die inspeksie sal bepaal word deur die breë doelstellings van kleuteronderwys en daar sal vasgestel moet word of die vereistes en standaarde wat vir registrasie neergelê is, nagekom word." (Par. (h) "Inspeksie van kleuterskole" van die persverklaring.)

4.14 BEVINDINGS INSAKE KEURING EN OPLEIDING VAN PERSONEEL

4.14.1 Inleidend

Die suksesvolle implementering van enige beplande voorskoolse opvoedingstelsel wentel grotendeels om die persoon van die deeglik opgeleide, toegewyde, bekwame kleuterleidster. Haar persoonlikheid, haar verstandelike vermoë, haar taalgebruik, haar respek vir die indiwiduele andersheid van elke kleuter, haar simpatieke benadering en begrip van sy node en behoeftes, asook haar insig in sy moontlikhede, funksioneer bepalend wat betref die verloop van dit wat beplan is.

Om te verseker dat kleuterleidsters opgewasse sal wees vir hul taak, sien die verantwoordelike owerhede toe dat daar -

(1) hoofsaaklik op grond van persoonlikheidseienskappe keuring geskied;

(2) voorgeskrewe minimum toelatingsvereistes ten aansien van skoolkwalifikasies en ouderdom by toetrede gestel word; en

(3) gespesialiseerde opleidingskursusse aangebied word.

(Lande wat ook van opgeleide hulppersoneel gebruik maak, bied vir hierdie personeel spesiale opleidingskursusse aan.)

4.14.2 Die Buiteland

(a) Keuring en opleiding van kleuteronderwyseresse

(i) Keuring

Veral persoonlikheidseienskappe kom onder die soeklig by keuring. Studente

wat nie geduldig en liefderik genoeg is teenoor kleuters nie, word afgeraai om met die kursus voort te gaan. Uitgaande van die veronderstelling dat die kleuter nie oorheers en in 'n rigting gedwing behoort te word nie, maar in die geleentheid gestel moet word om onder die simpatieke gesagsleiding van 'n volwassene die wêreld om hom op sy eie te eksploreer en tot eie-wêreld te maak, word ook persone wat geneig is om ander te domineer, afgeraai om die kursus te volg.

In Wes-Duitsland vind die aanvanklike keuring plaas tydens die praktiese jaar wat aan die tweejarige opleidingskursus voorafgaan. Die proefskool se evaluering van die student se potensiaal, en hul bevindings rakende haar geskiktheid vir kleuteronderrig, is deurslaggewend by toelating. Keuring word in der waarheid egter ook voortgesit tydens die proefjaar, wat volg op die voltooiing van die opleidingskursus. 'n Diploma word naamlik slegs toegeken aan kleuteronderwyseresse wat tydens die proefjaar hul geskik betoon het vir kleuteronderwys.

In al die lande word lang periodes van praktiese onderwys voorgeskryf, waartydens studente se aanleg en geskiktheid vir kleuteronderwys deur sowel dosente as diensdoende kleuteronderwyseresse geëvalueer word (12, p. 104, 116).

(ii) Minimum toelatingsvereistes

Om toelating te verkry, moet studente die vereiste onderwyspeil bereik het, en soms ook 'n voorgeskrewe minimumouderdom. In meeste van die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, is die toelatingsvereiste tot 'n kursus vir kleuteronderwys die eindsertifikaat van die sekondêre skool (min of meer vergelykbaar met die Skooleind- of Matrieksertifikaat hier te lande). Die vereiste aanvangsouderdom wissel van 17 tot 19 jaar (12, p. 122).

België verteenwoordig egter 'n uitsondering op hierdie reël. Belgiese studente word naamlik na voltooiing van hul junior middelbare onderwyssiklus (op nagenoeg 15-jarige leeftyd) toegelaat tot 'n kleuteropleidingskursus aan 'n Laer Normaalskool (12, p. 115, 122).

In Swede waar sowel manlike as vroulike aansoekers tot 'n kleuteropleidingskursus toegelaat word, moet kandidate minstens 19 jaar oud wees. Benewens sekondêre skoolkwalifikasies, moet hul ook oor uitgebreide praktiese ervaring beskik. Hul moet opleiding in kinderwelsyn ondergaan het, vir 'n kwartaal studeer het aan 'n voorskoolse inrigting en vir minstens twee maande gewerk het by 'n gesin met voorskoolse kinders. Ander soorte ondervinding wat waardevol geag word, is versorging van siekes, ontspanningsvoorligting aan jeugdiges en ander soorte werk met kinders. Baie van die aansoekers wat daarin slaag om toelating te verkry tot die kursus, is dan ook gekwalifiseerde kleuterverpleegsters, wat uit hoofde van hul opleiding en ondervinding dit moontlik vind om aan die hoë vereistes te voldoen (13, p. 10).

(b) Soorte inrigtings waaraan die opleiding van kleuteronderwyseresse geskied

In 'n 1961-opname van Unesco waarin 63 lande betrek is, het 84 persent van die lande aangedui dat hulle vir spesiale opleiding van kleuteronderwyseresse voorsiening maak. Wat betref die soort van inrigting waaraan die opleiding geskied, het dit in -

(1) 43 persent van die lande aan spesiale opleidingskole of kolleges geskied; en
(2) in 37 persent van die lande aan gewone onderwyskolleges en universiteite geskied (17, p. 126).

Van die lande wat in die huidige ondersoek betrek is, lei meeste hul kleuterskoolonderwyseresse aan gewone onderwyskolleges of universiteite op. Wat betref Swede, is die aanduiding egter dat sulke studente slegs opgelei word aan kolleges wat spesiaal vir dié doel daargestel is (13, p. 9, 10).

(c) Soorte kursusse wat aangebied word

Uit 'n opname waarby ses Europese lande, asook die Verenigde State van Amerika en Australië betrek is, het geblyk dat die volgende soorte opleidingskursusse aangebied word:

(1) 'n Driejarige spesiale kursus vir kleuteronderwys;
(2) 'n driejarige gekombineerde kursus vir kleuter- en junioronderwys;
(3) 'n driejarige kursus vir juniorwerk, gevolg deur een jaar spesialisering in kleuteronderwys;

(4) 'n vierjarige gekombineerde kursus met gelyktydige opleiding vir junior- en kleuterwerk; en
(5) 'n vierjarige spesiale kursus vir die opleiding van kleuterskoolhoofde (17, p. 127, 128).

In die lande wat in die huidige ondersoek betrek is, word die volgende kursusse aangebied:

(1) Swede: 'n Suiwer kleuterkursus met 'n tydsduur van twee jaar (13, p. 9, 11).

(2) Wes-Duitsland: 'n Suiwer kleuterkursus met 'n tydsduur van twee jaar. Na drie jaar praktiese ondervinding kan 'n verdere eenjarige opleidingskursus gevolg word, wat die student as jeugleidster bekwaam (12, p. 118).

(3) België: 'n Vierjarige kursus, waarvan die eerste twee jaar algemeen vormend van aard is, met spesialisering in òf laer- òf kleuteronderwys in die daaropvolgende twee jaar (12, p. 115).

(4) Verenigde State van Amerika: 'n Vierjarige gekombineerde opleidingskursus vir sowel kleuter- as primêre skoolonderwyseresse (dit dek die onderwys van kinders tussen die ouderdomme van 3-11 jaar)(12, p. 105, 106).

(5) Engeland: 'n Gekombineerde driejarige kursus, wat die onderwys van 2 - 11-jariges dek (12, p. 111).

(6) Skotland: Opleiding wat oor 4 jaar strek, bestaande uit 'n driejarige primêre skoolonderwyskursus, gevolg deur 'n eenjarige spesialiseringskursus in kleuteronderwys (12, p. 113).

### 4.14.3 Die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika

(a) Keuring en opleiding van kleuteronderwyseresse

(1) Keuring

Geen aanduiding kon gevind word dat toelating wel deur een of ander vorm van keuring voorafgegaan word nie.

(2) Minimumtoelatingsvereistes

Die minimumtoelatingsvereiste wat gestel word is die Skooleind- of Matrieksertifikaat, afhangende daarvan of 'n suiwer diplomakursus, of 'n gekombineerde graad-diplomakursus gevolg word. Vir spesialiseringskursusse dien sekere grade of diplomas as toelatingsvereiste.

(b) Soorte inrigtings waaraan die opleiding van kleuteronderwyseresse geskied

Opleiding geskied hier te lande aan slegs een universiteit en aan twee kolleges van die Departement van Hoër Onderwys.

(c) Soorte kursusse wat aangebied word

(i) Die Universiteit van Pretoria bied die volgende kursusse aan:

(1) 'n Driejarige diplomakursus in Kleuteropvoeding;
(2) 'n eenjarige spesialiseringskursus in Kleuteropvoeding (sekere grade of diplomas dien hier as toelatingsvereiste); en
(3) 'n vierjarige B.A. (SW) graad en diploma in Kleuteronderwys, gekombineerd (16, p. 23; 17, p. 128).

(ii) Opleidingskolleges van die Departement van Hoër Onderwys bied die volgende kursusse aan:

(1) 'n Driejarige spesiale kursus; en
(2) 'n eenjarige kursus, waartoe 'n graad of diploma toelating verleen (17, p. 128).

### 4.14.4 'n Vergelyking van die gekombineerde kursus met die suiwer Kleuterwerkkursus

(a) Inleidend

Slegs twee van die lande wat in hierdie ondersoek betrek is, bied suiwer kleuterwerk-

kursusse aan. Al die ander kombineer juniorwerk en kleuterwerk in een kursus met 'n drie- of vierjarige tydsduur.

Voorstanders van die gekombineerde kursus is van mening dat dit sekere belangrike voordele bó die gespesialiseerde kleuterwerkkursus inhou, waaronder -

(1) die breër vorming wat dit bied, en
(2) die moontlikheid tot maklike oorskakeling van personeellede vanaf 'n kleuterskool na primêre skool, of omgekeerd, wat die weg tot beter benutting van beskikbare leerkragte open.

Teëstanders voer egter aan dat 'n gekombineerde kursus -

(1) heelwat langer sal moet duur om aan altwee rigtings reg te kan laat geskied; en
(2) maklik aanleiding daartoe gee dat albei studierigtings in 'n mate afgewater en selfs ingekort word, om in die beskikbare tyd ingepas te kan word.

Wat betref die inhoudelike is daar uiteraard heelwat verskil tussen die Juniorwerkkursus en die Kleuterwerkkursus. Selfs die gekombineerde kursus, waarin die belangrikste elemente van albei kursusse verenig behoort te wees, verskil nog wesentlik van die suiwer Kleuterwerkkursus. Dat daar wat betref vakke en vakinhoude, egter ook ooreenkomste tussen die kursusse is, is nie weg te redeneer nie.

(b) Vernaamste punte van ooreenkoms

Die beduidendste ooreenkoms lê in die groot en betekenisvolle plek wat in al die genoemde kursusse aan die opdoen van praktiese ondervinding toegesê word.

Die twee lande wat 'n suiwer Kleuterwerkkursus aanbied, naamlik Swede en Wes-Duitsland, vereis uitgebreide praktiese ervaring as voorvereiste tot toelating. In Wes-Duitsland word vereis dat voornemende studente 'n volle jaar voor toelating tot opleiding aan 'n voorskoolse kleuterinrigting moet deurbring. Gedurende die loop van die opleidingskursus moet 'n verdere 16 weke praktiese ervaring aan drie soorte voorskoolse inrigtings opgedoen word (12, p. 117). In Swede word die helfte van die opleidingstyd aan verskeie soorte voorskoolse inrigtings deurgebring, om studente in die geleentheid te stel om hul teoretiese kennis in die praktyk toe te pas (13, p. 10).

Ook die lande wat gekombineerde of deels-gekombineerde kursusse aanbied, vereis dat studente vir 'n hele aantal weke per jaar praktiese ervaring opdoen. In sommige lande geld dit al vanaf die eerste jaar en in ander eers vanaf die daaropvolgende jaar. In die eerste jaar word gewoonlik net van die student verwag om onderwysmetodes en die kleuters se deelname te observeer. In die daaropvolgende jaar volg geleidelike deelname aan die opvoedingsprogram. In die derde jaar word aktiewe verantwoordelike optrede vereis, met die student in volle beheer van die opvoedingsituasie (12, p. 108, 109, 112, 114).

(c) Vernaamste verskille

Die vernaamste verskille tussen die suiwer Kleuterwerkkursus en die Gekombineerde kursus is geleë in die feit dat daar in die Kleuterwerkkursus -

(1) weinig, of selfs hoegenaamd géén aandag aan skoolvakke gegee word nie, uit hoofde van die feit dat dit hier gaan om die opvoeding en versorging van die kleuter en geensins om formele onderrig nie;

(2) 'n klemverskuiwing merkbaar is in die vak Kindersielkunde, sodat aan die bestudering van die sielkunde van die kleutertydperk veel meer aandag gegee word;

(3) veel meer aandag aan Opvoedkundige Sosiologie bestee word;

(4) 'n besondere plek aan die geskiedenis van die kleuteronderwys toegeken word;

(5) besondere klem op vaardigheidsvakke soos Musiek, Kuns en Kunsvlyt val; en

(6) veel langer periodes van proefonderwys vereis word, vanweë die groot waarde wat geheg word aan die opdoen van praktiese ervaring met kleuters (17, p. 129).

4.14.5 Deeltydse opleiding

Verskeie lande, waaronder die Verenigde State van Amerika, maak voorsiening vir

deeltydse opleiding. In die Verenigde State van Amerika kan 'n persoon wat aan die toelatingsvereistes voldoen, die krediete wat vir die eerste twee jaar van die kursus benodig word, deeltyds bekom deur die bywoning van middag-, aand- of vakansiekursusse. Vir die professionele deel van die kursus moet sô 'n persoon egter voltyds aan 'n kollege inskryf. Helpsters by kleuterskole word egter van hierdie vereiste vrygestel en mag die vereiste krediete gedurende weeksaande, naweke of somervakansies voltooi (12, p. 110).

Verskeie lande, waaronder Skotland, reël indiensopleidingskursusse vir onderwyseresse tydens naweke en somervakansies. Onderwyseresse kan deur die kursusse by te woon 'n spesiale kwalifikasie in grade-onderrig behaal. Daarna kan 'n verdere kwartaal se opleiding ondergaan word om vir kleuterwerk te kwalifiseer (12, p. 114, 115). In Wes-Duitsland kan 'n kleuteronderwyseres nadat sy drie jaar ervaring opgedoen het, haar verder bekwaam deur voltyds vir een jaar die jeugleidsterskursus te volg (12, p. 117, 118).

4.14.6 Diplomering en sertifikaatuitreiking

In meeste lande word die betrokke sertifikaat of diploma uitgereik by voltooiing van die kursus. In die Verenigde State van Amerika word na suksesvolle voltooiing van die vierjarige gekombineerde kursus, 'n voorlopige graadsertifikaat uitgereik. Na minstens drie jaar onderwyservaring en verwerwing van 'n verdere 15 toepaslike krediete, kan die inrigting wat die voorlopige sertifikaat uitgereik het, by die staat aanbeveel dat 'n permanente sertifikaat uitgereik word. In Wes-Duitsland word die diploma eers toegeken nadat die betrokkene vir 'n jaar lank praktiese ervaring opgedoen het (12, p. 110, 116).

4.14.7 Opleiding van hulppersoneel

Onder die hulppersoneel wat ingespan word om te help met die versorging en opvoeding van kleuters, tel sogenaamde kleuterhelpsters en kleuterverpleegsters (nursery aides and nursery nurses). Slegs twee van die lande wat van sulke hulppersoneel gebruik maak, naamlik Wes-Duitsland en die Verenigde Koninkryk, lei hul spesiaal op vir die taak.

In die Verenigde State word slegs vereis dat sulke helpster ouer as 16 jaar moet wees en oor persoonlikheidseienskappe wat hul geskik maak vir kleuterversorging, moet beskik. 'n Paar voorlesings oor kindersorg en -ontwikkeling word vir hulle gereël, maar geen sertifikaat word uitgereik nie.

In die Verenigde Koninkryk moet voornemende nursery nurses aan minimumstandaarde ten aansien van onderwyspeil (drie jaar in sekondêre skool) en ouderdom (16 jaar by inskrywing en minstens 18 by eksaminering) voldoen. Opleiding en eksaminering geskied onder toesig van die National Nursery Examination Board. Die kursus wat 2 jaar duur vir 16-jariges, en $1\frac{1}{2}$ jaar vir persone ouer as 18, omvat sowel teoretiese as praktiese vorming (12, p. 119-121).

In Wes-Duitsland is die toelatingsvereiste vir kinderverpleegster (**Kinderpflegerin**) wat veral in Horte en suigelingsentrums 'n hulpdiens lewer, minstens 9 jaar skoolonderrig (± st. 7-peil) en die ouderdom van 16 jaar. Die opleiding duur 3 jaar, waarvan die teoretiese opleidingskursus uit twee jaar bestaan, terwyl 'n jaar aan praktiese ervaring gewy word. Kandidate wat hierdie opleiding voltooi het, kan verder opgelei word as suigeling- en kleutersuster of as verpleegster in kinderhospitale (12, p. 122).

## 4.15 AANGELEENTHEDE WAT VERDERE OORWEGING VERDIEN

Onder die aangeleenthede waaroor op interdepartementele vlak besin en eenvormigheid bereik sal moet word, tel die volgende:

(1) Stigting van kleuterskole deur onderwysdepartemente

Die wenslikheid daarvan sal oorweeg moet word dat onderwysdepartemente kleuterskole sal stig op plekke waar daar behoefte is aan so 'n diens en waar geen privaatinstansies na vore tree om kleuterskole daar te stel nie.

(2) Aparte kleuterskole vir buitengewone kleuters

(i) Oorweging sal verleen moet word daaraan om aparte kleuterskole daar te stel vir liggaamlik, sintuiglik en neurologiesgestremde leerlinge. Waarskynlik sal sulke kleuterskole verkieslik onder die Departement van Hoër Onderwys moet ressorteer aangesien skole vir diesulkes reeds onder genoemde departement ingeskakel is.

(ii) Oorweeg sal moet word of hierdie kleuterskole vanweë die geringe getal kleuters met 'n spesifieke gestremdheid, nie by bestaande skole vir liggaamlikgestremdes, serebraalgestremdes, epileptiese kinders, blindes, swaksiendes, dowes en swakhorendes ingeskakel behoort te word nie.

(3) Terreine, geboue en skoolgroottes

(i) Vroegtydige reservering van geskikte terreine van voldoende groottes;

(ii) die neerlê van minimumstandaarde vir kleuterskoolgeboue; en

(iii) die bepaling van die minimum- en maksimumgroottes van kleuterskole, sal interdepartementeel deur onderwysdepartemente gereël moet word.

(4) Mediese dienste

Oorweeg sal moet word of mediese dienste aan kleuterskole gelewer behoort te word op dieselfde grondslag as wat tans met ander skole die geval is.

(5) Personeelaangeleenthede

Die volgende sal ten aansien van personeelaangeleenthede moet aandag kry:

(i) Werwing, keuring en opleiding van personeel, inrigtings waaraan die opleiding sal geskied, soorte opleidingskursusse en die tydsduur daarvan.

(ii) Die wenslikheid daarvan dat alle opgeleide personeel van owerheidsweë gesalarieer sal word en wat diensvoorwaardes betref oor dieselfde kam geskeer sal word as ander onderwyspersoneel.

(iii) Die daarstelling van 'n gunstige personeelvoorsieningskaal.

(6) Rekord en verslaghouding

Die aard van die rekords en verslae wat gehou moet word, moet aandag kry.

(7) Opvoedingsprogram

(i) Die daarstel van 'n pedagogies deeglik-verantwoorde opvoedingsprogram, aan die hand van die riglyne wat reeds neergelê is deur die Minister is noodsaaklik.

(ii) Die tydsduur van die oggendsessie sal bepaal moet word.

(iii) Die noodsaaklikheid van namiddagversorging vir kinders van werkende moeders sal oorweeg moet word.

## 4.16 SLOTOPMERKING

Hierdie verslag wat om pre-primêre opvoeding as komponent van die beplande Nasionale Opvoedingstelsel gaan, is gegrond op die reeks navorsingsverslae insake gedifferensieerde onderwys op primêre en sekondêre vlak wat deur die RGN opgestel is, asook op verslae van oorsese sendings en gegewens wat van onderwysdepartemente of uit die literatuur bekom is.

Die Komitee is die sienswyse toegedaan dat die implementering van die voorgestelde pre-primêre opvoedingstelsel geleidelik sal moet geskied en dat leemtes wat aan die lig mag kom en probleme wat mag opduik, langs die weg van verdere navorsing opgelos sal moet word.

# L I T E R A T U U R L Y S


1. NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING. (Suid-Afrika). Deel V van die verslag van die Komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n Nasionale onderwysstelsel op primêre vlak. Pretoria, 1968.

2. NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING. (Suid-Afrika). Die Voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys. Pretoria, 1968. (Navorsingsreeks nr. 64).

3. BAL, C. et al. Aspecten van de kleuteropvoeding. Groningen, Wolters, 1966.

4. LANGEVELD, M.J. Ontwikkelingspsychologie. Groningen, Wolters, 1966.

5. SONNEKUS, M.C.H. Die problematiek van die slegsiende kind: 'n Verkennende pedagogies-psigologiese ondersoek. Opvoedkundige Studies nr. 55, Werkgemeenskap ter bevordering van die Pedagogiek as Wetenskap. Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria.

6. NEL, B.F. Die Opvoeding van die kleuter: gesprekke met ouers. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1966.

7. BAL, C. et al. De Wereld van de kleuter. Groningen, Wolters, 1963.

8. PULLES, J.A. De Kleuter en zijn wereld. Kleuterwereld 12(12), Aug. 1967: 258-265.

9. ALBARDA-HANKES-DRIELSMA, H. Verzorging van de normale jongekind in de tegenwoordige tijd. Kleuterwereld (13(8), April, 1968: 172-176.

10. UNESCO. Organization of pre-primary education. XXIVth International Conference on Public Education. Geneva, 1961. (Publication no. 230).

11. U.S. DEPARTMENT OF HEALTH, EDUCATION, WELFARE. Educating children in nursery schools and kindergartens. Washington, US Government Printing Office, 1964.

12. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 'n Verslag van 'n sending na oorsese lande in verband met kleuteronderwys. November 1967.

13. BRUUN, ULLA-BRITT. Nursery schools in Sweden. Stockholm 3, Sweden, Swedish Institute.

14. KONINKRYK BELGIË. Het Kleuteronderwijs. Ministerie van Nationale Opvoeding en Cultuur, 1963.

15. GARDNER, D.E.M. Education under eight. London, Longmans Green, 1949.

16. SUID-AFRIKA (Republiek). Komitee van onderwyshoofde. 'n Samevattende feitlike verslag ten aansien van kleuteronderwys (Pre-primêre onderwys) vir Blanke kinders in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Bloemfontein, 1968.

17. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 'n Ondersoek na kleuteronderwys in Transvaal met die oog op die moontlike oorname daarvan deur die provinsie, nr. 130, Pretoria, 1966.

18. BOAS, HENRIETTE. Onderwijs in Israel, Paedagogische Studiën, 46e jrg., Mei 1969: 255.

19. UNITED STATES OF AMERICA. National Council of state consultants in elementary education. Education for children below six. Planning for America's Children, 1959.

20. KLEUTERSKOOLVERENIGING VAN SUID-AFRIKA. Kleuterskoolhandboek. Cape Town, Peninsula Press, 1947.

21. LANGEVELD, M.J. De Opvoeding van zuigeling en kleuter. Amsterdam, Meulenhoff, 1949.

22. HUEBSCH, J.C. Die Taalontwikkeling van die kind. Die Unie 64(4), Oktober 1967: 211-212.

23. UNESCO. Recommendation no. 53 to the Ministries of Education concerning the organization of Pre-primary Education. XXXIVth International Conference on Public Education. Geneva, 1961.

24. NEDERLAND. Kleuteronderwijswet. Samson, Alphen aan die Rijn, April 1956.

25. MACKINTOSH, H. et al. Educating children under six. Washington, US Government Printing Office, 1965.

26. DAY, KATHLEEN. Britain's nursery schools. Slough, Bucks, Archer.

27. EDITORIAL. Development of the Soviet pre-school education system. (Translated by Helen Katel). Soviet Education X(11), September, 1968.

28. ASSOCIATION FOR CHILDHOOD EDUCATION. Nursery School portfolio. Washington DC, 1953.

29. UNESCO. Pre-school education. Statistical Reports and Studies. Geneva, 1963.

30. UNESCO. Pre-school education. Education abstracts XII(1), January, 1966.

31. VOLKSKONGRES VIR OPVOEDING EN ONDERWYS. Pretoria, Oktober 1969. Referaat: Die Voorskoolse kind in hierdie wêreld, deur W.A. Landman.

32. NURSERY SCHOOL ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA. Conference, Port Elizabeth, 1969. Presidential address by Ruth S. Arndt.

33. EDITORIAL. Discovering the child. Transvaal Educational News. June/July, 1969.

34. DU PREEZ, J.J. et al. Veelsydige ontwikkeling - aspekte van die taak van die opvoeder. Die Unie 65(6), Desember 1968.

35. NIJKAMP, W.M. Welke betekenis heeft de kleuterschool in onze maatschappij? Kleuterwereld 12(3), Desember 1966.

36. NIJKAMP, W.M. Van begijneschool na kleuterschool. Groningen, Wolters, 1963.

37. NIJKAMP, W.M. De Kleuter in de gemeenschap. Groningen, Wolters, 1957.

38. NIJKAMP, W.M. De Kleuter en zijn omgeving. Assen, Van Gorkum, 1953.

39. PHILLIPPI, C. et al. Kleuterwereld: Kleuterschool. Amsterdam, Wereldbibliotheek, 1955.

40. KLEUTERSKOOLVERENIGING VAN SUID-AFRIKA. Kleuterskoolhandboek. Pretoria, Van Schaik, 1960.

41. NIJKAMP, W.M. De Kleuterleidster. Assen, Van Gorkum, 1959.

42. OJEMAN, P.C. Dubbele functie kleuterschool: Opvoeden en voorbereiden. Onderwijs en opvoeding 19(4), 1968.

43. WILDEBOER-RAM, M. Muzikale vorming in de kleuterschool. Kleuterwereld, 13(9), 1968.

44. OJEMAN, P.C. Kleuterschool biedt kind kans zichzelf te verkennen. Onderwijs en opvoeding 19(9), September 1968.

45. DOL, W.C.P. en KOH, J.E. De Montessori kleuterschool. Groningen, Wolters, 1958.

46. DE HAAN, LIZE. Fröbels plaats in de moderne onderwijssystemen. Groningen, Wolters, 1961.

47. RUDOLPH, M. en COHEN, D.H. Kindergarten, a year of learning. New York, Appleton-Century-Crofts, 1964.

48. ROBISON, H.F. New directions in the kindergarten. New York, Teachers College Press, Columbia University, 1965.

49. READ, K.H. The Nursery school. A Human relationship laboratory. Philadelphia, W.B. Saunders, 1966.

50. PITCHER, E.G. The Guidance nursery school. New York, Harper and Row, 1964.

51. WILLS, et al. Kindergarten for today's children. Chicago, Follett, 1967.

52. WELLINGA, E. Geschiedenis van kleuteronderwijs en opvoeding. Zutphen, Thieme, 1964.

53. TODD, V.E. The Years before school: Guiding pre-school children. New York, Macmillan, 1964.

54. MOUSTAKAS, C.E. et al. The Nursery school and child care centre. New York, Whiteside, 1955.

55. LEEPER, S.H. Good schools for young children. New York, Macmillan, 1968.

56. RAUMANS, W. De Betekenis van de omgeving voor de activiteit van het kind. Kleuterwereld, 13(9), 1968.

57. POTGIETER, D.G. Histories-prinsipiële behandeling van die kleuterskool vir Blanke kinders in Suid-Afrika. Potchefstroom, 1962. M.Ed., P.U. vir CHO.

58. LANGFORD, L.M. Guidance of the young child. New York, John Wiley, 1960.

59. LAMBERT, H.M. Teaching the kindergarten child. New York, Harcourt Brace, 1958.

60. HEADLY, N. The Kindergarten: Its place in the program of education. Center for Applied Research in Education, New York, 1965.

61. HEINZ, M.W. Growing and learning in the kindergarten. Richmond, Virginia, John Knox Press, 1959.

62. GREEN, M.M. and WOODS, E.L. A Nursery school handbook for teachers and parents. Sierra Madre Nursery School Association, Sierra Madre, California, 1967.

63. DU PLOOY, J.L. 'n Ondersoek t.o.v. pre-primêre opvoeding. Pretoria, Departement van Hoër Onderwys, 1968.

64. TRANSVAAL. Onderwysdepartement. Die Beleid en praktyk insake kleuteronderwys met besondere verwysing na: 1. Die vraag na die opvoedkundige waarde van kleuteronderwys en 2. Die beheer van kleuterskole. 1962. (Nr. 81).

65. KLEINE, M. et al. Das Kind im kindergarten. Lambertus Verlag, Freiburg, 1958.

66. NIJKAMP, W.M. Kleuter bezit reeds jong rijpheid voor een brede en rijpe ontwikkeling. Kleuterwereld 13(12), Augustus 1968.

67. SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIEKONGRES. Voorsittersrede: Voorskoolse opvoeding, deur C.M. Stimie. Die Unie 66(2), Augustus 1969.

68. BRANDERS, A. De Voorschoolse opvoeding in de Duitse Democratische Republiek. Kleuterwereld 13(2), Oktober 1967.

69. DE KLERK, L. Enkele opmerkingen over de betekenis van de taal voor de opvoeding en onderwijs. Pedagogisch Forum 1(2), Mei 1967.

70. BOUWMAN, Th. L.M. Fenomenologie. Kleuterwereld 13(12), Augustus 1968.

71. BOUWMAN, L.M. In de taal opent zich de wereld. Kleuterwereld 13(8), April 1968.

72. NIJKAMP, W.M. Multi-disciplinaire samenwerking met en rondom de kleuterschool. Kleuterwereld 13(7), Maart 1968.

73. BLADERGROEN, W.J. Moeten kleine kinderen leren lezen? Kleuterwereld 13(2), Oktober 1967.

74. NIJKAMP, W.M. Moeten kleuters leren lezen of hebben ze ander voedsel nodig? Kleuterwereld 13(2), Oktober 1967.

75. NIJKAMP, W.M. Analyse van de arbeidsomstandigheden en van de taak van kleuterleidsters. Kleuterwereld 13(6), Februarie 1968.

76. TER BEEK, H.M. De Opleiding van de kleuterleidster. Kleuterwereld 13(6), Februarie 1968.

77. VAN MEURS, A.F.W. Kind, gezin, kleuterschool. Kleuterwereld 13(5), Januarie 1968.

ANDER RGN-PUBLIKASIES

INLIGTING

Humanitas/'n Semesterpublikasie van die RGN/R1,50

Nuusbrief/Maandelikse publikasie met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks/R0,55

IN-1/Fourie, E.C./Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1968/1969/R2,75

IN-2/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite I (UOVS, UPE,PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN)/1969/R1,10

IN-4/Waardebepalings van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1970/R0,55

IN-7/Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1,15

IN-8/Sauer, G. en Stimie, C.M./Algemene inligting/1970/Gratis

IN-10/Fourie, E.C./Register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika 1969/1970/R3,25

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in South Africa/1970/R0,50/(slegs Engels)

KOMMUNIKASIE

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/R1,35

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/R0,40

MANNEKRAG

MM-1/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/R0,35

MM-2/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/R0,30

MM-3/Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/R0,50

MM-4/Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswana-tuisland/1970/R0,90

MM-12 Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op 30 September 1967/Gratis

MM-13/Terblanche, S.S. en Van der Westhuizen, A.I./Die vraag na en aanbod van Kleurlingmannekrag, 1973/1970/R0,35

MM-14/Wolmarans, C.P./Die plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing/1970/Gratis

MM-15/Meij, L.R./Die bestudering van die menslike faktore wat 'n rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande/1970/R1,85

MM-16/Terblanche, S.S./Die verband tussen inkomsteverskille, beroep en onderwyspeil van ekonomies bedrywige Blankes in 1960/R1,00

MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50

MM-18/Boshoff, F./Die rol van lone in die volkshuishouding/1971/(in druk)

MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50

MT-1/Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/R0,65

MT-2/Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70

MT-3/Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50

MT-4/Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd sesseuns/1970/R0,55

MT-5/Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50

SOSIOLOGIE

S-1/Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2/Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H. van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3/Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4/Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5/Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6/Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7/Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskostes van die gesin/1970/R0,55

S-8/Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/(in druk)

S-9/Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare. Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by die pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/(in druk)

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40/(slegs Engels)

TAAL, LETTERE EN KUNS

Nienaber, P.J./Suid-Afrikaanse Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1970/Gratis

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis

Doc. no. 29115
Copy no. 2 21148

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

ISBN 0 86965 009 2
(English Edition ISBN 0 86965 003 3)